



**4Qinstruction-fragmente en ander
Wysheidsgeskrifte: 'n Onderzoek na
intertekstualiteit**

Deur

Anna Barbara Geyser

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

Aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (Antieke Tale),

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof J H Potgieter

Mei 2000



Indeks

Hoofstuk1.....	1
1. Inleiding.....	1
1.1. 4QInstruction	2
1.2. Motivering vir hierdie studie.....	3
1.3. Metode.....	4
1.4. Hipotese	7
Hoofstuk2.....	9
1. Teks en vertaling van 4QInstruction-fragmente.....	9
1.1. 4Q417 — 4QInstruction c	9
1.2. 4Q416 — 4QInstruction ^b	15
2. Aard en oorsprong van teks	22
2.1. Aard van die fragmente	22
2.2. Inhoud van die kopieë.....	23
3. Kultuurhistoriese agtergrond	25
3.1. Kultuurhistoriese agtergrond van Qumran.....	26
3.2. Kultuurhistoriese agtergrond van 4QInstruction... ..	34
3.3. Kultuurhistoriese agtergrond van die boek Spreuke	35
3.4. Kultuurhistoriese agtergrond van Ben Sira	42
Hoofstuk3.....	48
1. Omgang met besit(tings).....	48
1.1. Verkryging van besit(tings)	49
1.2. Houding teenoor besit(tings).....	54
Hoofstuk4.....	60
1. Verhoudings	60
1.1. Verhouding tussen God en die mens.....	60
1.2. Verhouding tussen ouers en kinders	67
1.3. Verhouding tussen 'n man en sy vrou.....	73
1.4. Verhouding met vriende of ander mense.....	76
1.5. Verhouding tussen arm en ryk of mindere en meerdere.....	81



Hoofstuk 5.....	86
1. Lewenswandel	86
1.1. Bestudering van die “misterie wat sal kom”	87
1.2. Opregte wandel volgens God se voorskrifte (להתהלך לפניו תמים)	94
1.3. Die mens se siening van hom-/ haarself.....	100
1.4. Die gevolg van die mens se lewenswandel	104
Hoofstuk 6.....	114
1. Konklusie	114
1.1. Omgang met besit(tings)	115
1.2. Verhoudings	117
1.3. Lewenswandel	120
1.4. Gevolgtrekking.....	122
Addendum.....	124
1. 4QInstruction.....	124
2. Ander Qumran-geskrifte	132
2. Ben Sira	152
Samevatting	166
Summary.....	168
Literatuurverwysings.....	170



Sleutel vir die simbole in transkripsies

] XXX [

leesbare teks met wisselende grade van sekerheid, soos wat dit in die manuskrip behou is

[XXX]

rekonstruksie van die teks, soms gedeeltelik behou in die manuskrip

x

letter beskadig, onsker watter letter gelees moet word

x

letter beskadig, een van twee letters is 'n moontlike lesing

] o [of] ooo [

een of meer onleesbare tekens of betekenlose letters in die manuskrip

[...]

lakune van ongespesifiseerde lengte in die manuskrip

{XXX} of {...}

leesbare of onleesbare teks wat deur die oorskrywer uitgevee of verbeter is

<XXX>

teks wat onbewustelik deur die oorskrywer herhaal is

(XXX)

lesing wat deur die outeur voorgestel word, in plaas van die woorde wat volg, of as 'n byvoeging

vacat

spasie wat oop gelaat is in die manuskrip

Sleutel vir die simbole in die vertaling

] XXX[
leesbare teks met wisselende grade van sekerheid, soos wat dit in die manuskrip behou is

[XXX]
rekonstruksie van die teks, soms gedeeltelik behou in die manuskrip

] ... [
een of meer onleesbare tekens of betekenlose letters in die manuskrip

[...]
lakune van ongespesifiseerde lengte in die manuskrip

{XXX } of {...}
leesbare of onleesbare teks wat deur die oorskrywer uitgegee of verbeter is

<XXX >
teks wat onbewustelik deur die oorskrywer herhaal is

<XXX >
vertaling van die verbeterde teks

(XXX)
verduideliking van die betekenis van die Afrikaanse teks is nodig

vacat
spasie wat oop gelaat is in die manuskrip

/XXX/ of /.../
leesbare of onleesbare teks wat deur die oorskrywer tussen die lyne bygevoeg is

Hoofstuk 1

1. **Inleiding**

Die verhaal van die ontdekking van die Dooie See-rolle in die laat veertigs en vroeë vyftigs van hierdie eeu is aan meeste mense bekend. In 1947 is Grot 1 deur Bedoeïneseuns ontdek. Die meeste bekende Qumrangeskrifte is uit hierdie grot afkomstig. Ontdekkings uit ander grotte is minder bekend maar net so belangrik. In Grot 3 – wat in 1952 ontdek is – is byvoorbeeld die Koperrol gevind. Hierdie rol bevat klaarblyklik 'n lys van wegsteekplekke vir die Tempelskatte (R Eisenman & M Wise 1992:1).

Een van die belangrikste grotte – as gevolg van die hoeveelheid geskrifte wat daar gevind is – is Grot 4, wat in 1952 ontdek is. Aangesien dit ná die verdeling van Palestina ontdek is, is die inhoud na Oos-Jerusalem geneem en in die Rockefellermuseum – wat deur Jordanië beheer is – geberg. Die inhoud (uitgesluit die fragmente) van Grot 1 is vroeër (na die voltooiing van die “Shrine of the Book” in 1965) na die Israelmuseum in Wes-Jerusalem geneem wat onder Israeliese beheer was. Die stryd om toegang tot die geskrifte van Grot 4 was 'n lang en moeilike stryd, soms selfs bitter. Die Jordaniese regering het 'n internasionale span in beheer van die redaksionele-, verwerkings- en vertalingsproses aangestel. Eisenman & Wise (1992:2) wys daarop dat daar veral drie probleme met betrekking tot dié span was: ‘in the first place the team was hardly international, secondly it did not work well as a team and thirdly it dragged out the editing process interminably.’

Die stryd om die geskrifte beskikbaar te kry vir die res van die akademiese wêreld, het eers teen die einde tagtigs van hierdie eeu vrugte opgelewer. In die vroeë negentigs was omtrent al die geskrifte beskikbaar vir die akademici. Hierdie gebeurtenis het verreikende gevolge gehad. Skielik was daar 'n hele korpus materiaal beskikbaar waarvan daar nog omtrent niks gepubliseer, vertaal, verwerk of ondersoek is nie.

Met hierdie openbaarmaking van die res van die Qumran-geskrifte het nuwe moontlikhede vir die wetenskaplike bestudering van die dokumente ontstaan (sien o a Hempel 1997). Dié gebeurtenis het groot uitdagings aan 'n verskeidenheid vakgebiede gebied. Eisenman & Wise (1992:7) vertel in hulle voorwoord wat die waarde van die dokumente is:

Nor are these documents...dull or unimportant. They absolutely gainsay any notion that there is nothing interesting in the unpublished corpus, just as their style and literary creativity gainsay any idea that these are somehow inferior compositions. On the contrary, some, particularly ecstatic and visionary recitals, are of the most exquisite beauty. All are of unique historical interest.

Tussen hierdie geskrifte is onder andere 'n dokument wat eens bekend gestaan het as *4QSapiental Work A*, maar wat ook ander benaminge het, soos: *4QInstruction* (Torleif Elgvin), *4QMûsâr l'Mebîn*, *4QInstruction for a Mavin*, *4QThe Great Instruction* (Strugnell / Harrington). In hierdie studie word hierdie dokument as basisdokument gebruik. Die benaming *4QInstruction* is om twee redes bo die ander name verkies. Die benaming word reeds deur verskeie geleerdes gebruik en dit is ook 'n goeie omskrywing van die inhoud van die geskrif: 'Most of the work is a wisdom instruction...' (Harrington 1994:140).

1.1. 4QInstruction

4QInstruction bestaan hoofsaaklik uit sewe fragmentariese kopieë, waarvan een afkomstig is uit Grot 1 (1Q26) en ses uit Grot 4 (4Q415, 416, 417, 418a, 418b, 423). Kenners op die gebied van paleografie, Qumran-geskrifte en teologie hou hulle steeds besig met die vasstelling van die teks terwyl kenners van radiokoolstof-tegnieke en selfs molekulêre biologie (vgl Scott R Woodward et al 1994:215-238) hulle besig hou met die vraag na die aard en oorsprong daarvan. (In 'n latere hoofstuk volg 'n meer volledige bespreking van die aard en inhoud van die dokument.)

1.2 Motivering vir hierdie studie

Die nodigheid om hierdie geskrif te bestudeer kan in drie punte opgesom word. Eerstens bestaan daar, as gevolg van die fragmentariese aard van die geskrif, nog geen vasgestelde teks vir *4QInstruction* nie. Tweedens is daar nog nie 'n volledige vertaling van hierdie dokument nie en derdens is dit 'n wysheidstekste wat ooreenstemming toon met ander wysheidstekste.

Die teks van *4QInstruction* wat in hierdie studie weergegee word, is met ander woorde 'n eie komposisie wat sterk steun op voorlopige voorstelle van Strugnell, T Elgvin en E Tigchelaar (aangesien die amptelike uitgawe van *4QInstruction* in DJD¹ te laat verskyn het om in hierdie studie te gebruik). Die vertaling is ook 'n eie vertaling. Na aanleiding van die inhoud is *4Q-Instruction* geklassifiseer as 'n wysheidsgeskrif, wat as kategismus vir die Qumran-gemeenskap kon dien.

Met die ontdekking van nog 'n wysheidsgeskrif uit die Israelitiese² geleedere, het die vraag weereens ontstaan waarom daar verskille bestaan tussen dokumente wat oor dieselfde temas handel. In die onderskeie wysheidsgeskrifte word ooreenstemmende temas telkens aangeraak, met uiteenlopende menings. In ander gevalle is daar weer ooreenstemming binne bepaalde temas.

Aangesien *4QInstruction* 'n "nuwe geskrif" met nuwe moontlikhede is, het ek besluit om dit saam met ander, reeds bekende geskrifte te bestudeer. Die ander geskrifte waarna daar gekyk gaan word, is *Ben Sira*, *Spreekwysdomme* en ander *Qumran-geskrifte* (Die teksgedeeltes uit *Ben Sira*, asook die ander uit die Qumran-korpus wat in die studie bespreek word, is ter wille van verwysing in 'n addendum opgeneem). Hierdie geskrifte verteenwoordig 'n goeie dwarsnit uit die Israelitiese literatuur en kan daarom 'n relatiewe getroue weergawe gee van die *wysheidsliteratuur* van dié groep.

¹ John Strugnell, Daniel J. Harrington, Torlief Elgvin, in consultation with Joseph A. Fitzmyer, eds.

Qumran Cave 4.XXIV: 4QInstruction (Musaar leMevin); 4Q415 ff.. (DJD XXXIV. Oxford: Clarendon Press, 1999).

² Wanneer daar in hierdie studie na *Israeliete of Jode* verwys word, is dit nie 'n politiese term of staatkundige volk nie. Dit is eerder 'n godsdienstige groep mense waarop die betrokke geskrifte van toepassing is, en deur wie dit bestudeer is.

1.3. Metode

In hierdie studie gaan ek die probleme wat rondom die geskrif bestaan, probeer aanspreek. As gevolg van die beperkte ruimte van die studie asook die omvang van *4QInstruction* het ek slegs 'n paar fragmente uit *4QInstruction* gekies vir hierdie studie. Die geselekteerde fragmente is 4Q417 2i+1i en 4Q416 2ii-iv. Dié fragmente is spesifiek gekies aangesien dit met ander fragmente van *4QInstruction* oorvleuel of dit aanvul. Ek sal 'n eie teks asook vertaling van die geselekteerde fragmente gee, waarna ek die teks met ander wysheidstekste gaan vergelyk om 'n oorsaak te vind vir die tematiese ooreenstemminge asook verskille. Hierdie vergelykende studie behels 'n ietwat nuwe benadering. Dit sal 'n *intertekstuele* studie wees met 'n vergelyking tussen *tekste* sowel as *kontekste* van die onderskeie geskrifte.

Bepaalde wysheidstemas sal in hierdie fragmente geïdentifiseer word, waarna dit vergelyk word met ooreenstemmende temas in die geselekteerde wysheidsgeskrifte uit die Israelitiese "biblioteek", naamlik: *Ben Sira*, *Spreuke* en ander Qumran-wysheidstekste. Die ondersoek sal 'n *intertekstuele* studie wees met die doel om die oorsake vir die verskille asook ooreenkomste oor sekere wysheidstemas uit te wys.

Voordat 'n hipotese vir die studie geformuleer kan word, is dit nodig om eers na terme soos 'intertekstualiteit' en 'teks(te)' te kyk, asook na die manier waarop dit in hierdie studie verstaan en gebruik word.

Die term 'intertekstualiteit' is deur die Franse semiotikus, Julia Kristeva, onder die aandag van literatuurteoretici gebring, deurdat sy die werk van die Russiese taalfilosoof, Mikhail Bakhtin, aan die Weste bekendgestel het. Bakhtin gebruik die term 'dialogisme' om die bestaan van die tradisionele monologistiese 'woord'-opvatting te ontken. '...the "literary word" as an *intersection of textual surfaces* rather than a *point* (a fixed meaning), as a dialogue among several writings: that of the writer, the addressee (or the character), and the contemporary or earlier cultural context.' (Kristeva 1980:65).

Elke woord en elke uiting is reaksie sowel as antisipasie op 'n woord of uiting van iemand anders (Van Gorp 1990). Kristeva (1980:73) wys daarop dat 'the writer can use another's word, giving it a new meaning while retaining the meaning it already had. The result is a word with two significations: it becomes *ambivalent*.' Viljoen (1993:314) formuleer dit soos volg: 'Elke diskoers is ook in dialoog met voorafgaande diskoerse oor dieselfde onderwerp, sowel as diskoerse wat nog moet kom en waarop dit in antisipasie gerig is.' Gräbe (1996:3) beskryf hierdie verskynsel van 'intertekstualiteit' soos volg:

Die tekstuele ruimte waarbinne die 'literêre woord' funksioneer is definieerbaar in terme van sowel 'n horisontale (skrywende subjek-aangesprokene) as 'n vertikale (teks-konteks) as, met die gevolg dat elke woord (of teks) 'n kruispunt van woorde (tekste) verteenwoordig waar ten minste een ander woord (of teks) gelees kan word. Die implikasie van so 'n siening is dat skryf, vir Bakhtin, neerkom op 'n lees van 'n voorafgaande literêre korpus en dat die teks daarom gesien kan word as die absorbering van en antwoord op 'n ander teks. Kristeva beklemtoon die feit dat Bakhtin die eerste is om hierdie belangrike insig in literêre teorie in te voer en dit is dan hierdie insig van die teks as 'n kruispunt van ander tekste wat haar term intertekstualiteit inspireer.

Kristeva keer die *imitatio*-gedagte om, sodat tekste nie klakkeloos die tradisie reproduseer nie, maar eerder 'n kritiese lesing daarvan verteenwoordig (Claes 1987:9): '...any text is constructed as a mosaic of quotations; any text is the absorption and transformation of another. The notion of intertextuality replaces that of intersubjectivity and poetic language is read as at least double' (Kristeva 1980:66) en verder sê sy ook: 'Everything written today unveils either the possibility or impossibility of reading and rewriting history (1980:86).'¹⁴

Kristeva fokus veral op die funksieverandering wat 'n uiting uit 'n bepaalde teks in 'n nuwe teks ondergaan en lê klem daarop dat hierdie veranderinge sosiaal gedetermineerd is.

De term intertextualiteit word verder in de semiotiek in een ruimere betekenis gehanteerd. Men bedoel er dan mee dat al wat ons omgeef as 'tekst' kan word beskou, b.v. die kultuur, die politiek enz. De talige tekst, i.c. het literaire werk, word dan gesitueer teenover deze 'tekste'. Het tekstgebeuren word beskou as een weefproses (Lat. textus = weefsel) waarby elke betekenis in andere betekenissen ingeweef word. De tekst is een betekensknoop die naer verskillende culturele codes verwys. Het geheel van codes dat die kultuur uitmaak is op een gelijkaardige manier ineengestremeld tot een textuur. Literaire, muzikale, politieke, wetenskapelike en picturale tekste vorme alsoo het weefsel dat het 'Boek der Kultuur' is.

Van Gorp 1990:196

Intertekstualiteit behels dus die ooreenkoms tussen tekste asook die invloed wat 'n vroeë teks uitoefen op 'n latere (en omgekeerd).

Die term 'teks' word hier gesien as meer as net die literêre teks. 'Teks' behels nie net die *geskrewe teks* nie, maar ook die *gebeurde teks*; met ander woorde die gewoontes, gebruike en optredes van die tyd. Teks is dus ook konteks. Lernout (1987:35) gaan so ver om te sê dat die lewe van die outeur net so 'n teks is soos die tekste waarna hy implisiet of eksplisiet verwys. Claes (1987:9) verwys soos volg na geleerdes wat hierdie selfde oortuiging het: 'Kristeva, Sollers en Barthes hebben de gehele cultuur beschreven als een tekst, zodat de intertextualiteit kan worden opgevat als het spel van interreacties daartussen'. Hy (Claes 1987:9) sê verder dat 'n teks is slegs teks, is slegs begryplik deur sy verhouding met ander tekste. Lernout (1987:34) vul dit aan deur Bakhtin se idee so uit te druk: 'Met Bakhtin ziet ze een tekst als een ontmoetingsplaats van verschillende teksten.'

1.4. Hipotese

Noudat die term *intertekstualiteit* asook die betekenis van *teks(te)* duideliker is, is dit moontlik om die verloop van die studie aan te dui. Aangesien 'n studie van *intertekstualiteit* veral na die invloed van tekste op mekaar kyk, blyk dit nodig te wees om 'n oorspronklike 'teks'² te vind waaraan die latere tekste hulle gemeenskaplikheid te danke het – dit wat die motivering vir wysheidsuitsprake in die geskrifte is. Om hierdie rede gaan ek, buiten die genoemde wysheidsgeskrifte, ook die Ou Testament se siening oor die bepaalde temas bestudeer.

Vroeër het ek genoem dat ek in hierdie studie die oorsake vir die verskille sowel as vir die ooreenstemming in die wysheidstekste gaan naspur. Daarom moet daar ook gekyk word na teks(te) en/of konteks(te) wat die veranderinge kon bewerk. Met ander woorde, watter gebeure (*sosiale teks* / konteks) het die "oorspronklike" teks (bronteks) so beïnvloed dat daar verskille bestaan oor bepaalde wysheidstemas. Hiervoor is dit nodig om nie net na die *geskrewe teks* te kyk nie, maar ook na die *gebeurde teks*.

Op hierdie punt wil ek dan die hipotese stel dat dit moontlik is om met behulp van 'n *intertekstuele* studie die ooreenkomste te verklaar op grond van die invloed van die *bronteks*. Die verskille kan verklaar word op grond van die invloed van die *sosiale teks*. Met ander woorde, wanneer daar na die *geskrewe teks* sowel as na die *gebeurde teks* (kultuurhistoriese agtergrond) gekyk word, is dit dalk moontlik om die oorsake vir die verskille sowel as ooreenkomste, met betrekking tot bepaalde temas, by die wysheidstekste uit te wys.

Om bogenoemde redes sal die metode waarvolgens hierdie studie aangepak word soos volg lyk: eerstens sal die teks van *4QInstruction* sowel as 'n vertaling daarvan gegee word; tweedens sal die kultuurhistoriese agtergrond – wat politieke- sowel as lewensomstandighede behels – van die afsonderlike tekste weergegee word, waarna 'n tematiese bespreking aan die hand van die *gebeurde* sowel as die *geskrewe teks* sal plaasvind, wat uiteindelik na 'n konklusie sal lei.

² Ter wille van duidelikheid sal daar na dié teks verwys word as *bronteks*.



In hoofstuk twee sal ek eerstens die geselekteerde fragmente van *4QInstruction* weergee met hulle vertalings. Daarna sal die afsonderlike geskifte se kultuur-historiese agtergrond(e) bespreek word. Hoofstuk drie tot en met vyf sal gewy word aan die tematiese bespreking van die tekste en in hoofstuk ses sal ek 'n konklusie weergee.

Hoofstuk 2

1. Teks en vertaling van 4QInstruction-fragmente

In hierdie gedeelte gaan ek die gerekonstrueerde tekste van die afsonderlike fragmente van 4QInstruction, asook hulle vertalings weergee. Die bestaande teks is in gewone skrif gedruk terwyl die rekonstruksies, byvoegings en oorvleuelings in ander kleure of vorms verskyn (ter wille van vergelyking word die oorvleuelende tekste in die addendum weergegee). Die verskillende vorms of kleure wat gebruik word, is by elke fragment gespesifiseer. (Let wel: die teks word nie in numeriese volgorde weergegee nie, maar in die volgorde waarin dit mees waarskynlik op mekaar volg.)

1.1. 4Q417 — 4QInstruction c

Voorlopige Konkordansie: SL 54

Ou Inventaris nommers: SL 50, SL 50', SL51

Museum Inv. (Rockefeller) 329, 331, 321 (Tov-Pfann)

PAM Foto's 40.585*, 40.618, 41.280, 41.282, 41.462, 41.503, 41.504, 41.821, 41.860, 41.894, 41.918, 41.942, 41.966, 42.031, 42.041, 42.046, 42.048, 42.269, 42.447, 42.578, 42.579, 42.580, 42.581, 42.602, 42.603, 42.762, 42.819, 42.858, 42.908, 42.915, 43.222, 43.223, 43.516, 43.517, 43.538

4Q417 frg. 2 i

Parallele: 4Q418 43¹⁻¹⁶ + 45 i (onderstreep); oorvleuel met reëls 2-23

4Q418a 11²⁻⁵; oorvleuel met reëls 22-24

] א אתה מבין]	1
] . . . והבנ אתה בְּרִי פלנא כיא הוא אל הטראים תשכיל ראש	2
] . . . [ופ . . . [כה . . . ה הבטן ברז נהיה ומעשי קדם למה נהיה ומה נהיה]	3
] במה יהיה [לן כולם לתשן ואז תראה למה]	4
] הניא ולמה נהיה במה יהיה בטול [קצי עד הבט ב מעשה ומנעשה	5
] יום ולילה הגה ברז נהיה ודורש תמיד ואז תדע אמת ועול חכמה	6
] [ואולת . . . [הבן מעשנה אדם] בטול דרכיהם עם פקודתמה לטל קצי עולם ופקדת.	7
] עד ואז תדע בין [טוב לתרע ב מעשניהמה] כיא אל הדעת סוד אמת וברז נהיה	8
] פרש את אישה מעשיה עם פקודתמה [ולכל חכמה יצרה ומשלח מעשיה	9
] לכנול . . . ה יחולן את כנול . . . בא . . . [פרש למבניתם לטל מעשה להתהלך	10

בניצור] מבינתו ויפרש לאַ [ם כול] ם ריה ובכושר מבינות נודע [נס]תרי	11
מחשבתו עם התהלכון [ת]מ'ם בכל [מעשיו אלה שחר תמיד והתבונן [בכו]ל	12
תוצאותמה ואז תדע בכבוד עולם [ע]ם רזי פלאו וגבורות מעשיו ואתה	13
מבין רוש פעלתכה בזכרון הענת כ' בא חרות "חוקגכה} וחקוק כול הפקודה	14
כי חרות מחוקק לאל על כול עולת בני שית וספר זכרון כחוב לפניו	15
לשמרי דברו והואה חזון ההג' וספר זכרון וינחילה לאנוש עם ם רוח כניא	16
כתבנית קרושים יצרו ועוד לוא נתן ההגי לרוח בשר כי לא ידע בין	17
[טו]ב לרע כמשפט [ר]וחו vacat ואתה בן מבין הבט vacat ברז נהיה ודע	18
[בנחלת כול חי והתהלכו בפקודת] מעשנה [אל] [ם ועון] אל	19
[ם] ה בין רוב למעט ובסודכמה]	20
[ם] הואה [צוכה ברז נהיה]	21
[ם] ו כול חזון דע ובכול	22
וחנת]חוק תמיד אל תיגע בעולתן	23
כי כול הנוגע	
בה לא ינקה כפי נחלתו בהורן	24
כי משכיל התבונן ברזיכה ובאש [עול לוא	25
[ם] [אסדו בכה כול] ם יהן עם פעולתן	26
לוא תתרו אחרן] לבבכ[מה] ואחר עינ[ניכמה]	27

bottom margin

PAM 41.918, 41.942, 42.578, 42.579

Vertaling

1. [...En] jy, O verstandige [...]
2. [...] Kyk na sy wonderbaarlike misteries [want Hy is 'n ontsaglike God. Verkry kennis oor die begin van]
3. [...] En let op na die [misterie wat sal kom en die werke van ouds en waarom iets is en wat is]
4. [Met wat is...] .. almal [...dan sal jy sien waarom]
5. [is dit en waarom sal dit in hulle wees] en in alle [tye nog wees]... Let op [daad en daad]
6. [...] (En) dag en nag oordink die misterie] wat sal kom. En bestudeer (dit) aanhoudend. En dan sal jy (uit)ken trou en ontrou, wysheid.



7. [en dwaasheid.] . [Jy sal verstaan] die werke van die [mens] in al hulle weë. Asook hulle besoeke in die ewige tye en die besoek
8. van ewigheid. En dan sal jy die onderskeid ken tussen [goed] en [sleg] volgens [hulle] dade. Want die God van kennis (die Alwetende God) is die fondament van die waarheid en met die misterie wat is, het
9. hy uitgebrei haar (waarheid/ misterie) fondasie. Haar dade saam met [haar besoek] en [met al die wysheid...] het Hy haar gevorm. En die heerskappy van haar dade.
10. vir al [...] van haar. Hy sal aanwys / uitdeel al [...] Hy het uitgebrei vir hulle verstaan aangaande elke [skepsel], om te wandel
11. volgens die geneigdheid van hulle verstaan. En hy het uitgebrei vir [...] In die egtheid van kennis is die geheime bekend gemaak
12. van sy plan met diegene onder sy skepsels wat opreg wandel. Soek gedurig die dinge. En let op na / verstaan
13. hulle uitkomste / gevolge. En dan sal jy weet van sy [ewige] glorie met sy wonderlike misteries en magtige werke. En jy
14. moet die tekortkominge van jou werk begryp in die herinneringstyd, want die gegraveerde insetting kom en elke besoek (straf) is voorgeskryf.
15. want die bevel is ingegraveer voor God oor al [die onreg] van die seuns van Set. En 'n boek van herinnering is geskryf voor sy aangesig
16. vir die bewaarders van sy woord. Hierdie is die openbaring / visioen van die oordenking (Hagi ?) met betrekking tot die boek van herinnering. En hy sal laat erf vir een mens (Enosh ?) van die volk met gees. Want
17. volgens die beeld van die heiliges, is hy gevorm. Maar Hy het nie meer meditering gegee aan die gees van die vlees nie. Want dit ken nie die onderskeid tussen
18. goed of sleg volgens die wet van sy gees. *vacat* En jy, verstandige seun, let *vacat* op na die misterie wat sal kom. En weet (wat is)
19. [die erfenis] van al wat lewe. En sy (manier) van wandel wat aangewys is [.] vir die skepsels van God [...]
20. [...]Verstaan (verskil) tussen groot / baie en klein / bietjie. En in jou beraadslaging / besluitneming [...]
21. [...] jou in die misterie wat sal kom [...]
22. [...] ken elke visioen. En in elke [...]
23. Wees altyd sterk en moedig. Moenie uitreik na onreg [...] want elkeen wat uitreik
24. daarna, sal nie sonder skuld wees nie. Volgens sy erfenis in [...]
25. Want 'n wyse rig sy aandag op u misterieë en met 'n man [oor nie...]
26. [...]Sy fondasie is in jou al [...] saam met die werk van [...]
27. jy sal nie jou hart volg nie en ook nie jou oë nie [...]

4Q417 frg. 1 i

Parallele: 4Q416 2 i 1–8 (onderbroke onderstreep); oorvleuel met reëls 6–14

4Q416 2 i 16–20 (onderbroke onderstreep); oorvleuel met reëls 23–28

4Q416 2 i 21–22; byvoeging tot teks

4Q418a 22 1–5 (onderstreep); oorvleuel met reëls 12–15 (16–17?)

4Q418 7 1–13 (omlyn); oorvleuel met reëls 15–28

top margin

בְּכֹל עֵת פֶּן יִשְׁבַּעְכֶּה וּכְרוּחוֹ דָּבַר בּוּ פֶּן יִּ	1
בְּלוֹא הוֹכַח הַכֶּשֶׁר עֵבֹר לּוֹ וְהִנְקִשֶׁר ֹ	2
וּגַם אֶת רוּחוֹ לֹא תִבְלַע כִּיֹּא בְדַמְמָה וְדַבְּרָתָנָה	3
וְתוֹכַחְתּוֹ סִפֵּר מֵהָר וְאֵל תַּעְבוֹרְ עַל פִּשְׁעֵיכֶה]	4
וְצַדִּיק כְּמוֹכֶה הוֹאֵה כִּיֹּא הוֹאֵה <כִּיֹּא הוֹאֵה> שֶׁר בְּשִׁנְרִים	5
יַעֲשֶׂה כִּיֹּא מָה הוֹאֵה יַחַד בְּכֹל מַעֲשֵׂה לְבַלְתִּי ֹ	6
vacat וְאִישׁ עוֹל אֵל תַּחֲשׁוּב עֹזֵר וּגַם אֵין שׁוֹנֵאן לְתוֹ	7
רִשְׁעֵ מַעֲשִׂיו עִם פִּקְדוֹתוֹ וְדַע בְּמָה תִּתְהַלֵּךְ עִמּוֹ] קַה	8
אל vacat תְּמִישׁ מַלְבַּכֶּה וְאֵל לֶכֶה לְבַדְכֶה תִּרְחֹבֵן נִפְשַׁכֶה בְּרֵאשַׁכֶה]	9
כִּיֹּא מָה צַעִיר מֵרֶשׁ וְאֵל תִּשְׁמַח בְּאַבְלָכֶה פֶּן תַּעֲמַל בְּחִיכָהן הַבֵּט בְּרוֹן	10
נְהִיָּה וְקַח מוֹלְדֵי יֵשַׁע וְדַע מִי נִחַל כְּבוֹד וְעוֹן לְהוֹאֵן	11
וְלֹאֲבַלְיָהֶמָה שִׁמְחַת עוֹלָם הוּיָה בְּעַל רִיב לְחַפְצָכֶה וְאֵין	12
לְכֹל נַעֲוֹתָיָה דְבַנְר [מִשְׁפָּטִיכֶה כְּמוֹשֵׁל צַדִּיק אֵל תִּקְנַח	13
וְאֵל תַּעְבוֹר עַל [פִּשְׁעֵיכֶה הוּיָה כִּאִישׁ עֵנִי בְּרִיבְךָ מִשְׁפָּט]	14
קַח וְאֵז יִרְאֵה אֵל וְשֵׁב אִפּוֹ וְעִבֵּר עַל חִטְאֹתְכֶה [כִּיֹּא לְפִי אֲנִפּוֹן	15
לּוֹא יַעֲמוֹד כּוֹל וְמִי יִצְדִּיק בְּמִשְׁפָּטוֹ וּבְלִי סְלִיחָה [אֵין כֶּה [וְקוֹם לְפָנָיו	16
כּוֹל אֲבִיוֹן וְאַתָּה אִם תַּחֲסֹר שְׂרָף מִחִסּוֹרְכֶה וּמוֹתֵרִיכֶה [הַבֵּא [בִּיחַד אֲנִם	17

ותיר היבל למחוזי חפצו ונחלתכה קח ממנו ואל תוסף עונך ואם	18
<ואם> תחסר לוא מבלי הון מחסורכה היא לוא יחסר אוצרן אל ועל	19
פיהו יהיה כול ואת אשר ישריפכה אכול ואל תוסף עונך פון תקציר	20
vacat חייכה vacat אם הון אנשים תלזה למחסורכה אלן תנום [לכה]	21
יומם ולילה ואל מצוה לנפשכתן עד [השיבכה לנשנה בכה אל תכוב	22
לו למה תשה עון וגם מחרפה לונא ולא תאמין ענד לרעהו	23
ובמחסורכה יקפץ ידו ככהן וכמוהו לזה ידע מאו [24
ואם נגע יפגשכה ואצן חוב אל תסתר מנושה בכה	25
פן יגלה חרנפ[תכה הן ומושל בו ואצן	26
לא יכנו בשבט] כה ואפס	27
ענוד] וגם אתהן ועברה אם תאיץ ידכה [21/28
[לבלתי שלזה לשאל טרפכה כי הוא	22/29

bottom margin

PAM 42.602, 43.222, 43.516, 43.517

Vertaling

1. te alle tye sodat hy nie moeg / versadig word vir jou nie. En praat volgens sy gees met hom sodat nie [...]
2. Sonder die regte / gepaste vermaning vergewe hom. En hy wat gebonde is [...]
3. En ook met sy gees sal jy nie verstrengel raak, want met fluistering het jy gepraat [...]
4. En sy vermaning moet jy gou opskryf, maar moenie jou eie sondes oorsien nie [...]
5. Hy is regverdig net soos jy is, want hy <want hy> is 'n vors onder die [vorste ...]
6. sal hy bewerk. Want hoe enig/ uniek is hy vanuit al die skepsels, behalwe vir [...]
7. vacat En 'n man van onreg moet jy nie oorweeg (as) 'n helper nie. En ook (nie) een wat 'n afkeer het [aan...]
8. Die boosheid van sy dade sal jy herken met sy besoek. Daarin sal jy saam met hom wandel [...]
9. Moenie verwyder uit jou hart en moenie [jouself verhef / grootmaak in jou armoede nie]



10. want wat is meer onbeduidend / geringer as 'n arm man? En moenie verbly wees in jou rou / getreur nie, sodat jy nie swaarkry in jou lewe nie. [Let op na die misterie]
11. wat sal kom. En (ken) neem die kinders van verlossing / redding in ag. En weet wie sal erf eer en (wie) onreg. Is dit nie dat [...]
12. En in plaas van rou sal daar ewige blydskap wees. Wees soos 'n bepleiter vir jou eie belange En niks [...]
13. vir elke verkeerde daad van jou. Kondig aan jou veroordeling soos 'n regverdige regeerder. Moenie [neem...]
14. moenie jou eie [sondes] oorsien nie. Wees soos 'n arm / nederige man in jou bepleiting van 'n regspraak [...]
15. neem. En dan sal God dit sien en sy toorn sal verander. En Hy sal jou sondes oorsien, [want voor sy toorn]
16. sal niemand bly staan nie. En wie sal regvedig wees in (tydens) sy oordeel? En hoe kan sonder vergewing [voor hom staan,]
17. 'n arm man? En jy as jy kos kortkom in jou armoede, en jou oorskiet [laat gaan] [met mekaar / saamvoeg] as
18. jy laat oorbly, bring dit vir die stad / visioen van sy welbehae / wens. En neem jou erfenis/ deel van hom en moenie dit nog meer maak nie.<En as>
19. En as jy arm is, sonder besittings, (leen) wat jy benodig (van Hom) want God se skatkamer sal nie minder word / gebrek ly nie. [En op]
20. bevel gebeur alles. Eet dit wat Hy vir jou as kos gee maar niks meer nie, [sodat jy nie korter maak]
21. *vacat* jou lewe. *vacat* As jy geld / besittings van mense leen vir jou armoede, moenie [jouself laat rus]
22. dag en nag en moenie jou siel laat rus [totdat] jy jou lener terugbetaal het nie. Moenie lieg
23. vir hom nie. Waarom sou jy sonde doen? Ook aangaande die verwyte [nie...] En hy sal nie meer sy naaste vertrou nie.
24. En tydens jou gebrek / armoede sal hy sy hand toemaak [...] En soos hy leen, weet hy[...]
25. En as 'n slag / plaag jou tref [terwyl jy in skuld is, moenie dit wegsteek vir jou lener nie]
26. sodat hy nie jou skande bekend maak nie [...wat daaroor heers. En dan]
27. sal hy hom nie met 'n stok slaan nie [...en niks]
28. meer nie. En ook jy [...en jy sal oorsien] **As jy haastig maak jou hand**
29. **Sonder stuur [...] om te vra jou kos want Hy** (vervolg by 4Q416 ii 1)

1.2. 4Q416 — 4QInstruction^b

Voorlopige konkordansie: SL 53

Ou Inventaris nommers: SL 53, SL 48a

Museum Inv. (Rockefeller) 180, 181 (Tov-Pfann)

PAM Foto's: 40.613, 40.617, 40.620, 40.621*, 41.139*, 41.211*, 41.306, 41.348, 41.349, 41.412, 41.422, 41.468, 41.783, 41.903, 41.942, 41.966, 42.034, 42.042, 42.044, 42.049, 42.053, 42.556, 42.597, 42.701, 42.702, 43.511, 43.512, 43.524, 43.685

4Q416 frg. 2 ii

Parallele: 4Q417 1 ii 2–26 (onderstreep)

4Q418 § 1–14; 21, 12

4Q418a 19

top margin

פתח רחמי	1	[א כל מחנסרי אושו ולתת טרף]
לכל חי ואין]	2	אם [יקפין ידון ונאספה רוח כל
בשר אל תקנח	3	יל בהו [בחרפתונו [תכסה פניכה ובאולת
מאסור כמהן גם בהון ונושה בו	4	מהר [שלם ואתה תשוה בו כי כ"ס
צפונ'כה פקודתה לנושה בכה בעד רעיכה [ooo]כה כל חייכה בו מהר תן אשר	5	
לו וקח כ"סנכה ובדבריכה אל תמע [רוחכה בכל הון אל תמר רוח קדשכה	6	
כי אין מחיר שהתן	7	איש לא ישכה ברצון שחר פניו וכלשונו
דבר ואז תמצא הפצכה [נחלתכה אל תמסור [לו וחוקיכה אל תרף ובריכה השמר	8	
[לנפש]כה אם עבודתו יפקד לכתן אל מנח בנפשכה ואל תנמה לעיניכה עד עשותכה	9	
[מצותיו אל תוסף ואם יש להצניע אשר מ' ש']	10	[ואל תותר לו אף הון בלי
] ננו פן יומר בני ונפולנה א	11	[צנתכה וראה כי רבה קנאת
[אנוש ועקוב הלב מכול]	12	נו אם ברצונו תחזיק עבודתו וחכמת אושו
] שו]	13	[ו' תועצתו והייתנה לו לבן בפור וחמל עליכה כאיש על יחידו
] כי אתה עני ובהירר ואתה אול]	14	תבטח למה תשנו ואל תשקוד ממדהבכה
15		[ואתה דמה לו לעבר משכיל וגם אל השפל נפשכה לאשר לא ישה בכה ואז תהינה]

[לָלוּ לְעַבְדִּי] לְאִשֶּׁר אֵין כּוֹחָהּ אֵל תִּגַּע פֶּן תִּכְשַׁל וְחִרְפְּתָהּ תִּרְבֶּה מִזֵּאֲרָהּ	16
[אַל תִּמְנַחֲרֵךְ נְפִשְׁכָּה בְּהֵינן שׁוֹב הַיּוֹתָהּ עֶבֶד בְּרוּחַ וְחַנּוּם תִּעֲבֹד נִגְשִׁיכָה וּבִמְחִירֵךְ	17
אֵל תִּמְכֹּר כְּבוֹדָהּ וְאֵל תִּעְרַבְהוּ בִּנְחֻלְתָּהּ פֶּן יִרְיֵשׁ גּוֹיְתָהּ אֵל תִּשְׁבִּיעַ לְחַם	18
וְאֵין כִּסּוֹת אֵל תִּשֶׁת יַיִן וְאֵין אֲכָל אֵל תִּדְרוֹשׁ תִּעֲנוּג וְאֵתָהּ	19
חֶסֶר לְחַם אֵל תִּתְכַבֵּד בְּמַחְסוֹרָהּ וְאֵתָהּ רֹשׁ פֶּן	vacat 20
תִּבּוֹז לְחַיִּיכָהּ וְגַם אֵל תִּקַּל כְּלֵי [חַ] יִקָּהּ	vacat 21

bottom margin

PAM 40.613, 41.306, 41.422, 41.348, 41.349, 41.783, 41.903, 42.556, 42.597, 42.701, 42.702, 43.511, 43.512

Vertaling

1. het bekendgemaak sy weldade [...] al die tekortkominge van sy awf [...] en om kos te gee
2. vir al wat lewe. En daar is niks [...] maar as Hy sy hand toemaak sal [weggeneem / bymekaar gemaak word] die gees van alle
3. vlees. Moenie nee[m ...] en tydens [sy] berisping sal jy jou gesig bedek en in dwaasheid
4. as gevolg van die gevangene. En soveel as [... ook met besittings wie by hom leen ... betaal] dit haastig en jy sal gelyk wees met hom, want die beursie
5. wat jou skatte bevat het jy toe[vertrou aan hom wat leen (jou krediteur), ten koste van jou vriende. Jy het weggegee] jou hele lewe aan hom. Haas jou en gee terug wat
6. syne is. Neem jou beursie. [En in jou sake moet jy nie min maak jou gees, verruil vir geen besit] jou heilige / regverdige gees
7. Want geen prys is gelyk aan dit (jou gees) [...] As iemand nie na jou keer uit vrye wil nie, soek sy gesig/ teenwoordigheid en volgens sy tong / taal
8. praat (met hom) en dan sal jy dit wat jy verlang, vind. Moenie jou erfenis aan hom verkoop nie en jou insettinge / beeld moet jy nie versak nie, maar bewaar jou geheime
9. baie goed. As (hy) sy werke toevertrou aan jou, [moenie jouself laat rus en moenie] jou oë slaap gun, totdat jy voltooi het
10. [sy bevele. Maar jy moenie meer doen nie en as dit (moontlik is) tree versigtig / met insig op ...] En moenie vir hom byvoeg nie. Selfs besittings sonder...
11. [... van hom sodat hy nie verander in troueloosheid en] [val ...]en hy beveel jou. Sien hoe baie is die jaloesie
12. [van mense en (nog meer) bedrieglik die hart van alle dinge...] As jy volgens sy wens / welbehae jouself toewy aan sy werk en die wysheid van sy awf
13. [...] en as jy hom raadgee, sal jy vir hom soos 'n eers-gebore seun wees en hy sal jammer wees vir jou soos 'n man teenoor sy enigste

14. [...dat jy arm is en sy uitverkorene] maar moenie hulle vertrou en gehaat word nie en [moenie] op wag wees as gevolg van jou besittings nie.
15. [En jy sal vir hom 'n dienskneg van insig] word. En moet ook nie jou siel verminder teenoor (iemand) wat nie gelyk is met jou nie en jy sal wees
16. [vir hom soos 'n kneg.] En (een) wat nie jou vermoë het nie moet jy nie tref sodat jy struikel en jou skaamte / skandes baie meer word nie.
17. [moenie] jouself teen 'n prys verkoop nie. Dit is goed (vir jou) om 'n dienskneg van (in) die gees te wees. En sonder vergoeding moet jy jou heersers dien. Sonder 'n prys
18. moenie jou eer / respek verkoop nie en moenie borgstaan met jou erfenis sodat dit nie jou liggaam verarm nie. Moenie jou versadig / opvul met brood
19. *vacat* (as) daar nie klere is nie. Moenie wyn drink as daar niks is om te eet nie. Moenie na lekkernye soek terwyl jy
20. *vacat* nie brood het nie. Moenie roem op jou gebrek nie. Jy is arm. Sodat jy nie
21. *vacat* jou lewe verag nie. En moet ook nie oneervol optree (teen) die houer / skip (vrou) van jou boesem nie.

4Q416 frg. 2 iii

Parallele: 4Q418 9 1–18; oorvleuel met reëls 3–18

4Q418 10 1–4; oorvleuel met reëls 18–21

4Q417 1 ii 26; pas in by reël 1.

top margin

כלין חיקן כה	וואם ה	1
o ומחסורכה	וזכור כי ראש אתון	2
אם חפצים פוקד לכה	לא תמצא ובמעלכה תאכלן לחמכה	3
אל תשלח ידכה בו פן תפסה [ונ]באשו תבער גייתכה כלא אשר לקח[תו] כן השיבהו		4
ושמחה לכה אם תנקה ממנו וגם מכל איש אשר לא ידעתה אל תקח הון		5
פן יוסיף על רישכה ואם שמו בראשכה למות הפקידהו ורוחכה אל תחבל		6
בו ואז תשכב עם האמת ובמותכה יפרנח לעולם זכרכה ואחרייתכה תנחל		7
שמחה <i>vacat</i> אביון אחה אל תתאו זולת נחלתכה ואל תתבלע בה פן תסיג		8
גבולכה ואם ישיבכה לכבודכה תהלך וברז נהיה דרוש מולדיו ואז תדע		9
נחלתו ובצדק תהלך כי יגה אל תהו בכל דרכיכה למכבדיכה תן הדר		10

ושמו הלל תמיד כי מראש הרים ראשכה ועם נדיבים הושיבכה ובנחלת	11
כבוד המשילכה רצונו שחר תמיד vacat אביון אתה אל תאמר רש אני ולןא	12
אדרוש דעת בכל מוסר הבא שכמכה ובכל [דעה] צרוף לבכה וברוב ב'נה	13
מחשבותיכה הן נהיה דרוש והתבונן בכל דרכי אמת וכל שורשי עולה	14
תביט ואז הדע מה מר לאיש ומה מתוק לגבר כבוד אביכה ברושכה	15
ואמכה במצעריכה כי כאל לאיש כן אביון וכאדנים לגבר כן אמו כי	16
המה סיר הוריקה וכאשר המשילמה בפה ויצר על הרוח כן עובדם וכאשר	17
גלה אזנכה ברו נהיה כבדם למען כבודכה וכן [הדר] פניהמה	18
למען חייכה וארוך ימיכה vacat ואם רש אתה כשה[ו]	19
בלוא חוק vacat אשה לקחתה ברושכה קח מולד[ו]	20
מרו נהיה בהתחברכה יחד התהלך עם עזר בשרכת]	21

bottom margin

PAM 42.597, 42.701, 42.702, 43.511, 43.512

Vertaling

1. En as [...] jou
2. En onthou dat jy arm is [...] en wat jy kortkom
3. sal jy nie vind nie. En in jou pligsversuim, sal jy brood eet [...] As iemand geld vir besigheid aan jou toevrou
4. moenie jou hand daarna uitstrek nie sodat (dit) nie brand en jou liggaam nie verbrand word nie. [Soos wat jy dit (lening) geneem] het net so moet jy dit teruggee
5. En daar is vreugde vir jou as jy vry is daarvan (skuld). En ook van enige man wat jy nie ken nie, moet jy nie geld / besittings neem nie
6. sodat jy nie jou armoede vermeerder nie. En as (God) voorgeskryf het dat jy in armoede moet sterf dan het Hy dit so beskik maar moenie jou gees bederf
7. daardeur nie. En dan sal jy lê / rus in trou / waarheid. En met jou dood sal jou herinnering [vir ewig] blom. En jou nageslag sal erf
8. vreugde. vacat Jy is arm, moenie begeer behalwe / buiten jou erfenis en moenie daardeur verswelg word nie sodat jy nie verskuif
9. jou grense. Maar as Hy jou weer in ere herstel, gaan (daarvolgens). En in die misterie wat sal kom, soek dit tussen sy kinders. Dan sal jy ken
10. sy erfporse. En in regverdigheid sal jy wandel, want Hy, God, sal grootmaak sy [...] op al jou paaie. Gee eer aan Hom wat eer bewys!

11. En prys sy Naam voortdurend, want uit armoede het hy jou kop opgelig en met die adelikes het hy jou laat sit. En in die erfenis
12. van eer laat hy jou regeer. Sy aanvaarding (moet) jy gedurig soek. Jy is arm, moenie sê: Ek is arm en ek sal nie
13. soek (na) kennis nie. En buig jou skouer onder al die tugtiginge. En met al die [kennis] reinig jou hart ook met die grootheid van insig
14. vanuit jou denke. Bestudeer die misterie wat sal kom en verstaan al die paaie van die waarheid en bekyk al die wortels van onreg.
15. En dan sal jy weet wat is bitter vir 'n man en wat is soet vir 'n mens. Eer jou vader in jou armoede
16. en jou moeder in jou wandel. Want soos God vir 'n man is, so is sy (eie) vader. En soos die Here vir 'n mens is, so is sy moeder, want
17. hulle is die skoot wat swanger was (met) jou. En net soos wat Hy hulle aangestel het oor jou en (jou) gevorm het volgens die gees, net so moet jy hulle dien. En soos wat
18. hy geopen het jou oor vir die misterie wat sal kom. So moet jy hulle eer ter wille van jou eie eer [...] Eer hulle
19. vir die onthalwe van jou eie lewe en vir die lengte van jou dae. *vacat* En as jy arm is soos [...]
20. Sonder insettinge / aansien. *vacat* (As) jy in jou armoede 'n vrou neem, neem haar uit die nageslag van [...]
21. van die misterie wat sal kom. In jou verbintenis, loop saam met die helper van jou vlees. [...] (Daarom sal 'n man verlaat) vervolg by 4Q416 2iv 1

4Q416 frg. 2 iv

Parallele: 4Q418 10 5-10; oorvleuel met reëls 1-9

4Q418 11 1-3 oorvleuel met reëls 10-12

4Q418a 18

top margin

את אביו [ו]את אמו ודבןק באשתו והיו לבשר אחד] 1

אותכה המשיל בה ותשוקתה אליכה [אבית] 2

לא המשיל בה מאמה הפרידה ואליכה [תשוקתה ותהיה] 3

לך לבשר אחד בתכה לאחד יפריד ובניכּהּ [לבנות רעיכה	4
ואתה ליחד עם אשת חיקכה כי היא שאר ערנותכה]	5
ואשר ימשול בָּהּ זולתכה הסיג גבול חייהו בְּנִרוּחָהּ]	6
המשילך להתהלך ברצונכה ולא להוסיף נדר ונדבנה]	7
השב רוחכה לרצונכה וכל שבועת אסרה לְנִדְרָהּ [נְדָר]	8
הפר על מוצא פיה וברצונכה הניאן כִּלְאֵן אסרה על דבר]	9
שפתיכה סלח לה לְמַעַנְכָה אל תִּרְבֶּנָה נדר ונדבה	10
[כבודכה בנחנל]תָּפָה]	11
בנחלתכה פִּן vac]	12
אשת חיקכה וחרף [אותכה	13
[לְהוֹן]	14

PAM 42.597, 42.701, 43.512

Vertaling

(Daarom sal 'n man verlaat)

1. sy vader en sy moeder. En hy sal aankleef [sy vrou en hulle sal een vlees wees]
2. Jy is as heerser aangestel oor haar, na jou sal sy hunker [...] en haar vader
3. het hy nie aangestel oor haar nie. Van haar moeder het hy haar weggeneem / afgesonder, maar tot jou sal haar [begeerte wees. En sy sal word ...]
4. vir jou een vlees. Jou dogter sal hy afsonder vir 'n ander een (man). En jou seuns [vir die dogters van jou vriend / volksgenoot]
5. Maar jy sal saamgebring word met die vrou van jou boesem, want sy is vlees van jou [naaktheid / bekendmaking]
6. En wie oor haar wil heers behalwe jy, hy het die grense van sy lewe verplaas. Oor [haar gees]
7. het hy jou in beheer geplaas, sodat sy sal wandel volgens jou wens / welbehae. En moenie dat sy baie geloftes en vrywillige offerande[s] maak nie.
8. Verander haar gees na jou wens / welbehae en elke (bindende) eed van haar om af te lê 'n [gelofte]



9. vernietig dit met die uiting van jou mond. En volgens jou wil / wens sal jy haar [al haar geloftes verbied deur 'n woord]
10. van jou lippe. Hy sal haar vergewe om jou ontwil. Moenie dat sy meer geloftes en [vrywillige offerandes aflê nie ...]
11. jou eer. In jou erfenis [...]
12. in jou erfenis, sodat nie *vacat* [...]
13. die vrou van jou boesem en skande [van jou...]
14. [...].[...]

61430546X
114587087

2. **Aard en oorsprong van teks**

4QInstruction bestaan uit sewe fragmentariese kopieë (1Q26, 4Q415, 416, 417, 418, 418a, 423). Ses daarvan is verteenwoordigend van 'n vroeë Herodiaanse (30-1 v C) styl, terwyl een (4Q423) 'n laat Herodiaanse (1-50 n C) styl weerspieël (Elgvin 1995:440). Die groot aantal kopieë, asook die feit dat dié dokument tot in 'n laat stadium van die geskiedenis van die Qumran-gemeenskap nog gekopieer is, is 'n bewys dat die dokument groot waarde vir die gemeenskap gehad het. Torleif Elgvin (1995:440) wys ook daarop dat net belangrike dokumente (meeste van die Bybelse tekste bv 1QGen, 1QEks, 1QDeut, 1QIs, 1QEzek, 1QPs, asook, ander belangrike geskrifte soos 1QMyst, 1QS, 1QSa, 1QH, ensovoorts) in Grot 1 geberg is. Verder noem hy dat twee van die kopieë (4Q415 en 4Q416) op 'n ongewone manier opgerol is – met die begin aan die binne-kant van die rol. Dit is volgens hom 'n aanduiding dat die kopieë nog aktief in gebruik was teen 68 n C.

2.1. Aard van die fragmente

2.1.1. **4Q416**

Ten spyte van die fragmentariese aard van die materiaal kon die plek van die meeste belangrike fragmente in die onderskeie rolle reeds rekonstrueer word (Elgvin 1995:440). Daniel J. Harrington (1994:140) wys daarop dat dit duidelik is vanuit 4Q416 frag 1, waar die dokument begin, aangesien daar 'n breë kantlyn aan die regterkant is. Om die volgorde van veral die kleiner fragmente van 4Q416 te bepaal is 'n saak van onmoontlikheid (Harrington 1994:140). Die oorspronklike 4Q416 bevat tussen 21 en 25 kolomme, wat effens smaller maar langer is as die van 4Q417.

2.1.2. **4Q417**

4Q417 het 17 tot 21 kolomme, elkeen met 28 reëls van 50-60 letterspasië (Elgvin 1995:440). In 4Q417 is daar twee duidelike fragmente (fragmente 1 en 2), terwyl die res 'n hele aantal klein onbeduidende fragmente is. 4Q417,

frag 1 is goed bewaar, 4Q417 frag 2i is 'n groot teks van sewe en twintig reëls, maar die eerste vyf reëls is vernietig, terwyl reëls 6-16 se ink verlore geraak het en bykans twee derdes van die onderste gedeelte verlore geraak het.

2.1.3. 4Q418

4Q418 bestaan uit ongeveer 300 fragmente, waarvan die paar gedeeltes wat nie met ander gedeeltes oorvleuel nie (55, 69, 81, 103, 126-127), die mees beduidendste is. In die meeste gevalle is dit onmoontlik om die fragmente se volgorde te bepaal (Harrington 1994:140). Die gedeeltes wat in hierdie studie bestudeer word (4Q418 frag 64, 8, 9, 10 en 4Q418b frag 10) is die wat met 4Q416 en 4Q417 oorvleuel of dit aanvul.

2.2. Inhoud van die kopieë

4QInstruction is 'n wysheidsvoorskrif wat bestaan uit klein saamgevoegde eenhede, met oënskynlik geen volgorde in logika of temas nie. Hierdie geskrif voorsien instruksies vir die mens se verhouding tot God en sy/haar medemens. Deurgaans word die wyse en verstandige individu in die 2de persoon enkelvoud aangespreek (soms in die 3de persoon enkelvoud) (Elgvin 1995:441). Die taal in die meer teologiese gedeeltes stem merkwaardig ooreen met die taal van die geskrifte wat uitsluitlik Qumran-geskrifte is (bv *Manual of Discipline*, *Damaskus dokument*, *Hôdáyôt ens*) (Harrington 1994:141 sien ook Collins 1998:113). Ten spyte hiervan beklemtoon geleerdes die sogenaamde “nie-sektariese” temas (soos finansiële sake en huwelike) wat deur die geskrifte aangeraak word:

But the work presupposes a secular or non-“monastic” setting. The one being instructed engages in business, has dealings with all kinds of people, and may marry a wife and have children. These facts admit of several explanations: the work could be pre-Qumranic – before the movement became sectarian and monastic; or it could be intended for Essenes who lived a life more directly integrated into Second Temple

Jewish society; or it could be designed as a step in the education and formation of those who eventually presents themselves for full membership in the movement.

Harrington 1996:41

Elgvin (1995:443) verwys ook na hierdie verskynsel: 'Those passages in Sap. Work A which deal with practical admonition for human life do not reflect the situation of a narrow sectarian community and are rooted in early Israelite wisdom as is the Book of Sirach.' Hy (Elgvin 1995:462) kom tot die konklusie dat hierdie geskrif voor die *yah ad*-gemeenskap tot stand gekom het, maar dat dit nog steeds nie seker is of *4QInstruction* by 'n pre-Esseense stadium inpas en of dit afkomstig is uit die vormingstadium van die Esseense beweging nie.

Collins (1998:113) wys daarop dat die geskrif baie belangrik was vir die gemeenskap:

Nevertheless, a text that deals with family issues, and presupposes married life, could be a product of the Dead Sea sect or a branch thereof, (The Damascus Document clearly envisages married members.) On the other hand, some of these texts, in varying degrees, contain language and motifs that link them with sectarian compositions such as the Community Rule. This linkage does not prove sectarian origin, but at least it shows that the texts in question belong to a stream of tradition that was congenial to the sectarians and not necessarily common to all parties in Judaism at the time.

Alhoewel daar nie sekerheid bestaan oor die "sektariese" of "nie-sektariese" aard van die teks nie, is dit baie duidelik dat dié teks beduidende invloed op die vorming van die "sektariese" denke gehad het (Elgvin 1995: 462). Die feit

dat daar soveel kopieë van die tekste bestaan het (vgl Harrington 1996:40), dui aan hoeveel gewig die geskrifte vir die gemeenskap gedra het.

García Martínez (1995:85) wys ook daarop dat die geskrifte wat in die Qumrangrotte gevind is, dié is wat vir die gemeenskap van belang was: 'This assumption implies that while the fact of having been found in Qumran does not guarantee a Qumran origin for a particular work, it does assure us that this work has been understood by the community as compatible with its own ideology (and with its *halakhah*, even more important than its ideology).'

Inhoudelik bestaan die geskrifte uit wysheidspreuke wat praktiese voorskrifte gee vir die alledaagse lewe, die lewe in 'n familie en gemeenskap met Bybels gebaseerde "skeppingsetiek", naamlik: verhoudings met ouers, vrou en kinders, finansiële aangeleenthede, werksetiek en landbousake (Elgvin 1995:441). Aangesien die meeste van die sake deur die volgende drie temas: *verhoudings, omgang met besit en lewenswandel*, omvat word, sal dit die temas wees waaronder die verskeie tekste in die volgende drie hoofstukke bespreek gaan word.

3. Kultuurhistoriese agtergrond

In hierdie gedeelte gaan ek die kultuurhistoriese agtergrond van die onderskeie geskrifte bespreek. Met ander woorde, die *sosiale (gebeurde) teks*. Die konteks waarin die verskillende geskrifte ontstaan het, sal ondersoek word. Die *gebeurde teks* behels die lewensomstandighede, sowel as die politieke gebeure in die tyd waarin die teks(te) geskryf is. Om die *gebeurde teks* te bestudeer, behels basies dieselfde metode(s) as wat deur die sosiaal wetenskaplike kritiek gebruik word. Elliot (1993:7) definieer sosiaal wetenskaplike kritiek soos volg: 'Social scientific criticism of the Bible is that phase of the exegetical task which analyzes the social and cultural dimensions of the text and of its environmental context through the utilization of the perspectives, theory, models and research of the social sciences.' (As gevolg van die beperkte ruimte van hierdie studie is dit ongelukkig nie

moontlik om ter wille van die *gebeurde teks* al die stappe van die sosiaal wetenskaplike kritiek te volg nie. Daarom gaan ek in hierdie afdeling slegs verwys na die sosiale omstandighede wat van belang is vir die teks(te) en betrekking daarop het.)

3.1. Kultuurhistoriese agtergrond van Qumran

Die gemeenskap wat in die area van Khirbet Qumran, by die grotte van die Judese woestyn langs die Dooie See, gewoon het, se geskrifte is in die Qumran-grotte ontdek (vgl García Martínez 1994:xxxviii). Die tydperk waarin die "sektariese" gemeenskap bestaan het, word volgens argeologie gedateer as ongeveer vanaf die regering van Jonathan (161-143/142 v C) tot 68 n C (García Martínez 1994:xxxix). Uit die voorafgaande bespreking het dit geblyk dat die inwoners van die omgewing nie verantwoordelik was vir die skryf van al die geskrifte nie en daarom het hulle nie altyd aan die gebruike en optredes van al die geskrifte voldoen nie. Dit is wel duidelik dat die geskrifte nie ingedruis het met die gemeenskap se ideologie of voorskrifte nie.

Hierdie gemeenskap se geskrifte strek oor 'n kort tydperk van minder as 400 jaar. Met behulp van paleografie, argeologie en Koolstof 14-toetse is die grense van die tydperk vasgestel vanaf ongeveer 300 v C tot 70 n C:

Preliminary paleographic study and Carbon 14 analysis quickly established that all the manuscripts had been copied between the 3rd cent. BCE and the first half of the 1st cent. CE. Archeological excavation of the various caves and of the ruins of Qumran made it equally clear that all the manuscripts had been deposited in the caves before the destruction brought about by the Roman army during the first Jewish war against Rome in 66-74 of the first century. All the texts therefore, come from a specially important period in the evolution and development of religious ideas. This is a period prior to the definitive canonization of the text of the Hebrew bible, and above all prior to the formation of rabbinic judaism and the birth of Christianity.

García Martínez 1995:7

Die tydperk waarvan hier gepraat word, is ook bekend as die *intertestamentêre* tydperk, *tussentestamentêre* tydperk of die tydperk van die *tweede tempel*. Dit is die tydperk waaroor die Bybel geen historiese gegewens het nie. Hierdie geskiedenis is wel opgeteken deur klassieke skrywers soos Flavius Josephus, Philo en Pilanius.

3.1.1. Politieke gebeure

In hierdie tyd het die Palestynse Jode heelwat krisisse beleef. Alexander die Grote het in 332 v C die heilige land oorgeneem en na 'n aanvanklike onsekerheid wat na sy dood gevolg het, het dié land deel geword van die Griekse ryk van Egipte, die Ptolemeërs. Gedurende die 3 de eeu het die Ptolemeërs nie veel ingemeng met die lewe van die Jode nie. Alhoewel hulle belastingpligtig was, is hulle regeer deur 'n regering wat bestaan het uit die Hoëpriester en sy raad (Vermes 1994:120).

Tog het daar belangrike veranderinge plaasgevind. Hellenistiese stede is langs die Mediterreense kus opgerig en bestaande Joodse stede het Griekse name gekry saam met die proses van Hellenisering. Hierdie proses het behels dat alle kulturele, sosiale, politieke en godsdienstige gebruike met Griekse inhoud gevul is. Grieke, Masedoniërs en verhelleniseerde Fenisiërs het hulle op Palestynse bodem gevestig en die verspreiding van Griekse beskawing en kultuur, was slegs 'n kwessie van tyd (Vermes 1994:122 vgl ook Perdue 1994:243-246).

Teen 200 v C, toe die Seleusiede (Siriese Grieke) die land binneval, was daar reeds duidelike tekens van hierdie vreemde invloed onder die Jode. Die werklike probleme het begin toe Antiochus IV Epiphanes (175-164 v C) amptelik 'n Helleniseringsprogram in Judea begin het wat met oop arms deur die Joodse 'elite' aanvaar is. Die leier van die modernistiese program was die broer van die Hoëpriester Onias III, by name Jesus, wat hy na die Griekse weergawe Jason verander het. Hy het dit as sy plig beskou om van Jerusalem 'n Hellenistiese stad te maak. Hy het onder andere 'n gimnasium

daar opgerig en die jeug aangemoedig om aan atletiek deel te neem (Di Lella 1976:402).

Jason is in sy Hoëpriesteramp deur twee ander Hoëpriesters (nl Menelaus en Alcimus) opgevolg. Hierdie twee het ook 'n sagte plekkie vir die Grieke openbaar. Antiochus IV besoek in 169 v C Jerusalem en beroof die tempel. In 167 v C belet hy die beoefening van die Judaïstiese godsdiens en dra die Tempel op aan Olimpius Zeus. Hierdie helleniseringsbeleid en die optrede van Antiochus IV lei tot 'n geweldadige opstand. 'n Gewapende opstand, aangehits deur Mattathias en sy seuns (die Makkabeërbroers) – gesteun deur alle tradisionele Jode – het ontstaan. Onder leiding van eers Judas Makkabeus tot met sy dood (op die slagveld) en toe onder leiding van sy broers Jonathan en Simon, was dit vir die vurige Joodse vegters moontlik om Joodse aanbidding te herstel in Jerusalem en die Seleusiede se oorheersing af te skud (Vermes 1994:122).

Die Makkabeër-triomf was egter nie 'n suiwer oorwinning van godsdienstigheid en regverdigheid oor afgodery en tirannie nie, dit is ook gekenmerk deur 'n aantal ernstige sosiale en godsdienstige veranderinge.

Eerstens was daar 'n verandering in die Hoëpriesterlike opvolging. In die jaar 171 v C is Onias III vermoor, sy broer Jason is onttroon en sodoende het die Sadokitiese familie die monopolie (oor die Hoëpriesterskap) verloor, wat hulle vir eeue gehandhaaf het (Vermes 1994:122). Onias IV, wat verhinder is om Hoëpriester te word, het na Egipte geëmigreer en direk teen die Bybelse voorskrifte (wat net een heiligdom voorskryf, en dit in Jerusalem) gehandel toe hy 'n Joodse tempel in Leontopolis laat oprig het. Dit het met die seën van koning Ptolemeus Philometor geskied. Deur hierdie ongehoorsaamheid aan die Bybelse voorskrifte, het hy al wat 'n Jood is in die skande gesteek.

Tweedens was daar ook probleme in die Makkabeër-party. 'n Gedeelte van die Hassidim het afvallig geword toe Alcimus (vir wie hulle vertrou het), in

162 v C Hoëpriester word en sy Siriese bondgenote sestig van hulle (Hassidim) op een dag vermoor het.

Laastens het daar ook 'n groot verandering ingetree toe Jonathan Makkabeus – 'n priester maar nie van Sadokitiese afkoms – in 153-2 v C die Hoëpriesterskap van Alexander Balas (Koning van die Seleusiede) aanvaar het. Alexander wou graag Joodse steun gehad het, en het geweet dat Hoëpriesterskap onweerstaanbaar sou wees. Vir die konserwatiewe Jode was dit 'n onwettige magismisbruik. Nog 'n groter skande was toe die nasionale Joodse vergadering beveel het dat Jonathan se broer, Simon, as Hoëpriester en oorerflike leier van die volk aangestel moet word (140 v C) (Vermes 1994:123). Die feit dat die heilige Hoëpriesteramp en die amp van regeerder ineengevleg is, het enige konserwatiewe Jood dwars in die krop gestee. Dit het die presedent geskep dat die persone aan bewind alles na hulle wil kon buig, aangesien hulle mag op die godsdienstige sowel as politieke terrein gehad het.

Sedert 140 v C, toe Simon die hoëpriesteramp aanvaar het, tot en met Pompeius se hervorming van die onafhanklike Joodse staat na 'n Romeinse provinsie (63 v C), is Judea regeer deur 'n nuwe Hoëpriesterhuis. Hierdie Hoëpriesterhuis het bekend gestaan as die Hasmoneërs (vernoem na die grootvader van die Makkabeërs – Hasmon). Al Simon se opvolgers, maar veral Johannes Hirkanus I (134-104 v C) en Alexander Jannaeus (103-76 v C) (vir wie hulle politieke rol belangriker was as hulle getrouheid aan die Hoëpriesterskap) het een-vir-een die Hellenistiese stede in Palestina ingeneem. Hulle het ook die aangrensende gebiede Iudamea, Samaria en Ituraea oorgeneem (Vermes 1994:123).

Gedurende hierdie tydperk van gebiedsuitbreiding, het die Hasmonese regeerders die steun van die Sadduseërs geniet. Die Hoëpriester het eerder 'n politieke rol vertolk en die goddelike amp het verval. Die Fariseërs was sterk gekant teen hierdie misbruik van die Hoëpriesterskap. In 88 v C is die Fariseërs beskuldig van verraad teen Alexander Jannaeus en hy het agthonderd van hulle tereggestel, aan die kruis (Vermes 1994:124).

Na Pompeius se inname van Jerusalem, het die Hasmoniese Hoëpriesterskap nog vir drie dekades bestaan. Die politieke mag wat eens aan hulle behoort het, het na Herodus die Grote verskuif, toe hy in 37 v C die troon in Jerusalem bestyg het. Sy opvolger Herodus Archelaus (4-39 n C) was bekend vir sy wanbestuur van die Jode en Samaritane. Judea was onder direkte regering van die Romeine. In 6 n C het die eerste Romeinse *prefek* Coponius in Judea aangekom om sy pligte oor te neem. Hierdie prefekdom, waarvan Pontius Pilatus die mees bekende bekleër was, het vir vyf en dertig jaar aangegaan, tot 41 n C toe die Romeinse keiser, Claudius vir Agrippa I as koning aangestel het. Hy sterf egter in 44 n C en Judea val weer onder Romeinse regering, hierdie keer deur 'n *prokurator*. Die Romeinse korrupte en onwyse hantering van Joodse aangeleenthede was een van die hoofredes vir die oorlog in 66 n C; wat gelei het tot die verwoesting van Jerusalem in 70 n C (Vermes 1994:124). Hierdie gebeurtenisse vorm die politieke agtergrond waarin die Qumran-gemeenskap ontstaan en geleef het (Vermes 1994:124).

3.1.2. Lewensomstandighede

Wat die gemeenskap se geskrifte aanbetref, sê García Martínez (1995:9) dat daar uit die manuskripte afgelei kan word dat die tekste wat in die verskillende grotte gevind is, afkomstig is van dieselfde biblioteek. Ter stawing hiervan sê hy dat daar telkens uit verskillende grotte dieselfde kenmerkende sektariese werke gevind word. Bybelboeke sowel as sektariese werke is byvoorbeeld deur dieselfde skrywer gekopieer. Ten spyte van die groot verskeidenheid van materiaal asook die groei (verandering) in denke is daar geen skrywe gevind wat in teenstelling is met die basiese idees van die gemeenskap of wat die idees van hulle teenstanders weerspieël nie.

Die manuskripte gee 'n blik op die lewe van 'n eng gestruktureerde hiërargiese gemeenskap met godsdienstige samekomste, studiesessies, rituele baddens, gemeenskapsetes, ensovoorts. Dit wys veral daarop dat dit

'n eksklusiewe gemeenskap is, wat alle bande met die res van die Judaïsme verbreek het en kontak met enige nie-lede streng verbied (García Martínez 1995:10). Hierdie biblioteek bevat onder andere 'n *halakhah* wat geen ooreenkoms toon met enige ander vorm van Judaïsme nie. Die gemeenskap volg ook 'n ander kalender (son-kalender i p v maan-kalender), wat weer ander teologiese gevolge meebring (García Martínez 1994:xlix).

Die ontstaan van die gemeenskap asook die oorsprong daarvan is 'n veel gedebatteerde saak. Daar is geleerdes wat beweer dat hulle 'n uitvloeisel van die Saddusese beweging is (sien Baumgarten 1994:27), ander lê dit weer voor die deur van die Farisese beweging, maar die standpunt wat die sterkste ingeneem is sedert die ontdekking van die geskrifte is dat die groep hulle oorsprong aan die Esseense beweging te danke het. Aangesien die beweging spoorloos verdwyn het, is aangeneem dat hulle die inwoners van Qumran was. Die standpunt het so sterk geword dat die Esseners naderhand gelykgestel is aan die Qumran-inwoners (en omgekeerd):

The geographical location of the Qumran settlement in the Desert of Judah close to the shores of the Dead Sea, and characteristic features of communal organization recorded in the scrolls, induced from the very outset the hypothesis that the newly discovered 'Qumranians' were none but the enigmatic Essenes, concisely described by Josephus, Philo, and Pliny the Elder. The 'Essene Sect' faded from the historical horizon in the first century CE. Therefore, it was considered probable that its last members were absorbed into the early Christian community.

Talmon 1994:7

García Martínez (1994:lii) sê ook dat die groep wat die naaste ooreenkomste met die Qumran-gemeenskap het, die Esseners is:

Furthermore, the similarities between what classical sources tell us about the Essenes and the information provided by the manuscripts

are so close, that it would be impossible to deny a strong connection between the Qumran group and the Essenes. This connection is usually understood as a simple equation between the elements in question: Essenes = Qumran group. However, this equation is impossible. The genuine parallels do require a connection between the two entities, but there are differences between them of such a nature as to preclude them being identical.

Ter staving hiervan noem hy onder andere dat die Esseense beweging deur klassieke bronne beskryf word as 'n baie uitgebreide groep, selfs landswyd. Dié groep se lede het nie afgesonderd van die res van die Judaïsme gewoon nie, maar kon intendeel in elke stad van die land gevind word. Hy sê dan ook: 'To reduce Essenism to a peripheral oddity such as Qumran would leave unexplained non-Qumranic Essenism, a wider and more significant phenomenon than the phenomenon of Qumran' (García Martínez 1994:lii).

García Martínez stel die "Groningen" hipotese voor as die enigste werkbare oplossing vir die probleem. Hierdie hipotese is die eerste keer deur homself te berde gebring tydens 'n kongres in Mogilany wat deur die *Polish Academy of Science* georganiseer is (FO 1988) (Sien ook F García Martínez en A S v d Woude 1990:521-554). Volgens hierdie hipotese is die ideologiese wortels van die Qumrangemeenskap gegrond in die Palestynse apokaliptiese tradisie, en die eintlike ontstaan het sy oorsprong te danke aan 'n skeur in die Esseense beweging tydens die regering van Johannes Hirkanus (134-104 v C). 'n Handjievol Esseense priesters het hulleself rondom die "Leraar van regverdigheid" geskaar, hulle het hulle onttrek van die moederbeweging en in die woestyn gaan woon, waar hulle hulle eie sektariese gemeenskap opgerig het. Die belangrikste rede vir die breuk is die volgende: Die gebruik van verskillende kalenders; die organisasie van die feestye; verskille oor die verstaan van die voorskrifte in verband met die tempel; die kultus en die reinigingsmaatreëls (van mense en voorwerpe), asook die geloof in die imminensie van die einde van die tyd. Meeste van die opvattinge is gefundeer in Goddelike voorskrifte asook in die openbaring wat deur die

“Leraar van geregtigheid” (מורה הצדק) ontvang is. Die resultaat hiervan is die ontstaan van die Qumrangemeenskap. García Martínez (1995:33) beskryf die wegbrekers se motivering soos volg:

When it is divine precepts which are in question, peaceful co-existence is impossible. If the city is unclean through the fault of its inhabitants, to remain in it is to be contaminated. If the temple is profaned, if the festivals are celebrated out of season, if the sacrifices have been made unclean, there is no sense in taking part in worship. And if, in spite of the zeal displayed, they do not have the means to restore order and impose observance, all that remains is to maintain the purity of the remnant by withdrawing and waiting for the moment when divine intervention allows restoration of the order which has been destroyed.

Die gemeenskap het getrou gebly aan die voorskrifte van die מורה הצדק, terwyl hulle in 'n gespanne eskatologiese verwagting gelewe het. In 4QMMT 92-96 is dit duidelik dat hierdie gemeenskap hulle onttrek het van hulle broers ter wille van hulle begeerte om getrou te bly aan die geopenbaarde woord, waarvan net hulle die regte uitleg geken het. Hulle lewe word gekenmerk as 'n lewe wat ten volle toegewy is om die wet te gehoorsaam. Gehoorsaamheid aan die Goddelike verordeninge asook aan die geopenbaarde voorskrifte (wat 'n beskermende afskorting rondom die wet gevorm het en sodoende gesorg het dat geeneen van sy geboorte [wet] skade kon ly nie) was kenmerkend van hulle lewe.

Hierdie wette vind ons opgeskryf in onder andere die *Manual of Discipline* asook die *Damaskusdokument*. Tydens hierdie studie sal daar slegs gekyk word na sekere voorskrifte wat direk betrekking het op die res van die studie.

Alhoewel lede van die gemeenskap nie met nie-ledes mag meng nie, was hulle verplig om in liefde met mekaar saam te leef. Om in woede met die priester te praat kan 'n boete van een jaar of ses maande beteken, wanneer

verkeerdelik teenoor 'n mede-lid opgetree of gepraat word kan 'n straf vir ses of drie maande verwag word (1QS 2-12).

Hierdie gemeenskap was 'n gemeenskap wat hulle besittings gedeel het. Hulle het gemeenskaplike etes, gemeenskaplike byeenkomste en gemeenskaplike besittings gehad. Daar was dus geen ryk individue nie – almal het eweveel besit. In CD xii 6-11 word daar duidelik gesê dat die lede aan geen nie-lid 'n dier of 'n lewendige wese mag verkoop nie. Daar word ook gewaarsku teen die rykdom van die “heidene”; dat 'n lid nie die heiden mag doodmaak ter wille van rykdom of wins nie. Die lid mag ook nie besittings van die nie-lid neem nie.

Al die lede was verplig om ten volle gehoorsaam te wees aan alle wette en verordeninge. Daarom was hulle ook verplig om 'n gereelde studie van die wet en al die geskrifte te maak, dit was die handleiding wat hulle gered het van die gemeenskap van die duisternis. Hulle denke is gekenmerk deur 'n definitiewe dualisme waaraan hulle uitdrukking gee deur metafore en beelde: lig en duisternis, teenoorgestelde paaie, goed en boos (Sien ook 1QS iii 15-iv 1):

A cosmic dualism which only stops short of the basic principle of monotheism, the uniqueness of God and the covenant, the primordial source of all that exists, whether light or darkness, good or evil. A dualism which divides heavenly beings into two categories: angels and demons of every plumage. A dualism which divides history between <<the good>> and <<the bad>>, the son of light and those of darkness...

García Martínez 1995:41

3.2. Kultuurhistoriese agtergrond van *4QInstruction*.

In 2.2. hierbo is die moontlikheid dat *4QInstruction* voor die ontstaan van die Qumran-gemeenskap geskryf is, bespreek. Na alle waarskynlikheid is dit wel

die geval dat die geskrif 'n vroeër ontstaan het, en oor die algemeen dieselfde kultuurhistoriese agtergrond as Ben Sira het (vgl Elgvin 1995:443). Dit wil egter blyk dat die geskrif binne 'n uitgesoekte Joodse beweging (pre-Qumran Eseeense beweging?) ontstaan het: 'this document is not addressed to Jewish society at large, but those who share an understanding of this mystery and therefore have been initiated into some kind of movement, whatever its relationship to the settlement at Qumran' (Collins 1998:120).

Dit wil met ander woorde voorkom asof *4QInstruction* in dieselfde tyd as Ben Sira ontstaan het en daarom dieselfde sosio-ekonomiese en politieke agtergrond het, maar vir 'n ander gehoor geskryf is: 'it is assumed that Ben Sira's instruction, and that of the sages in general, is primarily directed toward the well-to-do (Collins 1998:119). (Aangesien die kultuurhistoriese agtergrond van Ben Sira in 3.4. hieronder bespreek word, sal dit nie weer hier bespreek word nie en die verskille in die sosiale omstandighede sal uitgewys word in die teks-besprekinge wat na hierdie hoofstuk volg.)

3.3. Kultuurhistoriese agtergrond van die boek Spreuke

3.3.1. Datering

Die outeur van die boek Spreuke is onbekend, maar daar bestaan redelike eenstemmigheid oor die feit dat al die spreuke wat aan Salomo toegedig is, nie syne kan wees nie (sien o a Loader 1987:41 en McKane 1992:3). Die datering van die boek is in werklikheid 'n onmoontlike saak. Soveel geleerdes, soveel teorieë! Aangesien dit eers 'n mondelinge oorlewering was en later op skrif gestel is, maak dit enige poging tot datering onmoontlik. Daar is geleerdes wat beweer dat wysheid so oud soos die skepping self is, wat wel waar is, maar dit help nog nie met die vasstelling van die boek Spreuke se datum van skrifwording nie.



Di Lella (1976:408) noem ook dat daar geen eenstemmigheid onder geleerdes is oor hierdie onderwerp nie, hy sê dat hy uitgaan van die veronderstelling dat die boek een outeur het, eers in Grieks geskryf is deur 'n Griekssprekende en dat dit in die begin van die eerste eeu v C gebeur het.

Von Rad (Perdue 1994:24) beweer op grond van sy teorie oor twee stadia van ontwikkeling (sien latere bespreking) dat daar pre- en posteksiliese spreuke in die boek opgevat is.

Schmidt (McKane 1992:1) beweer (o g v sy formele teksvorm teorie) dat Spreuke 1-9 ouer is as die res in die boek. McKane sê ook die "algemeen aanvaarde" teorie, is dat Spreuke 1-9 na ballingskap opgeteken is en die res tussen 1000 en 600 v C.

Loader (1987:43) sê dat sekere spreuke uit die tyd van Salomo dateer (10e eeu v C) en ander is na-ballingskap (4de eeu v C). Daarom sê hy dat die afsluiting van die bloemlesing soos ons dit vandag ken nie voor die 4de eeu v C kon plaasvind nie. Loader dateer die verskillende spreuke volgens hulle Hebreeuse taalvorm, hulle inhoudelike getuienis asook die invloed van ander tale wat daarin te bespeur is.

Net soos Schmidt sê Loader ook dat Spreuke 1-9 die jongste is (Loader 1987:43). Hy sê dat die Hebreeuse taalvorm sowel as die Griekse invloed daarop dui dat hierdie versameling nie vroeër as die 4de eeu v C gedateer kan word nie. Spreuke 10-22:16 toon volgens hom weer invloed van Aramees op die woordeskat en kan om dié rede na die ballingskap maar vroeër as Spreuke 1-9 gedateer word. Spreuke 22:17-24:22, sê hy, is afhanklik van die Egiptiese leer van Amenemope uit die tydperk 1000-600 v C, en stam met ander woorde uit dié tyd.

Spreuke 24:23-34 bevat 'n aantal algemene uitsprake en daarom, sê Loader, is dit byna onmoontlik om hierdie gedeelte te dateer. Hy dateer Spreuke 25-29 ná die tyd van Hiskia (omstreeks 700 v C), aangesien daar gesê word dat dié spreuke in koning Hiskia se tyd versamel is. Al is dit nie in sy tyd

versamel nie, is net die feit dat hy (Hiskia) genoem word, 'n aanduiding dat dit na sy tyd moes plaasvind (Loader 1987:43).

Spreek 30, sê Loader (1987:43), toon tekens van die Kanaänitiese omgewing waarin Israel hulle bevind het, maar daar is ook tekens dat dit van die Noord-Arabiese stam oorgeneem kon wees. Hy sê dat selfs die getallesspreuk in hierdie gedeeltes ook geen inligting gee waarvolgens dit gedateer kan word nie. Dit geld ook vir Spreek 31:1-9. Die laaste gedeelte van die boek (Spr 31:10-31), sê Loader (1987:43), verwys na sosiale praktyke wat moontlik na-eksilies gedateer kan word.

3.3.2. Ontwikkeling van die wysheidstradisie

3.3.2.1. Die bydrae van sosiale gebiede

(a) Die Familie

Perdue (1994:69) noem drie sosiale gebiede as die oorsprong, ontwikkeling en verandering van die wysheidstradisie. Eerstens is daar die familie. Deur die geskiedenis is die Israelitiese familie gekenmerk as hoofsaaklik patriargaal, die dominante figuur in die familie was die vader. Hierdie identiteit – die vader as hoof van die familie – asook die erfenis, gaan van die vader na die seun (die oudste seun volg sy vader op as hoof van die familie en gewoonlik verlaat die dogter(s) die huis om by haar man te gaan woon).

Die huis van die vader was die kernfamilie, wat bestaan het uit die vader met sy vrou(ens), ongetroude kinders, getroude seuns en hulle families en weduweedogters. Ou of arm familielede kon ook ingesluit wees, saam met slawe en vreemdes (swerwers wat vreemdelingstatus het). 'n Paar families wat met 'n bloedband aan mekaar verbind is, het naby mekaar gewoon. Dit het die uitgebreide familie, of clan (*mišpáhâ*), gevorm, 'n aantal clans het weer die stam gevorm. Binne die familie was die vader die wysgeer of onderwyser, wat verantwoordelik was om die seuns te onderrig in die

tradisies, hulle verantwoordelikheid as toekomstige familiehoofde asook om hulle op te lei in hulle toekomstige beroep.

Die moeders het jong kinders (seuns en dogters) onderrig, sy het ook die ouer dogters huishoudelike sake geleer en hulle ingelig oor die sosiale rolle in die familie. Die onderwysing van die moeder was wel outoritêr (sien Spr 1:8; 6:20; 10:1; 15:20; 20:20; 23:22; 25; 28:24; 31:10-31), en haar rol as onderwyser het 'n sentrale rol in die Israelitiese familie gespeel.

Vername familiehoofde het ook publieke rolle binne die stam vertolk. Hierdie oudstes, wat ryk was aan wysheid, het wetlike asook morele outoriteit gehad. Hulle het ook gedeeltelike insae gehad by wetgewing, godsdienstige tradisies en militêre besluite. Met die opkoms van die Israelitiese monargie het hulle as raadgewers vir konings gedien.

Perdue (1994:70) sê dat dit debatteerbaar is hoeveel van hierdie familie-, clan- en stamwysheid in die wysheidsliteratuur opgeneem is, maar dit is wel moontlik (idien nie 'n feit nie) dat dit hervorm is deur wysgere wat aktief was in verskeie skole – wat met die hof geassosieer is.

(b) Die Koningshof

Die tweede sosiale plek vir wysheid waarna hy verwys, is die koningshof. Met die opkoms van die monargie was die koningshof hoofsaaklik verantwoordelik vir die behoud van die wysheidstradisie. Die wysgere moes onder andere 'n intellektuele klimaat skep, waaronder die staat en sy sosiale organisasie kon voortgaan met hulle werk. Hierdie wysgere het veelvuldige take met betrekking tot die administrasie gehad. Hierdie take het beroepe behels soos: howeling, skrifgeleerde, raadgewer, sekretaris, argitek, bouer, advokaat, skrywer en nog meer (Perdue 1994:70).

(c) Skole

Die derde sosiale plek vir die ontwikkeling en verandering van wysheid was die skole (Perdue 1994:72). Die bestaande wysheidstradisie het heel moontlik ontstaan in skole wat administrateurs, skrifgeleerdes, advokate en onderwysers opgelei het. In die boek Spreuke is bewyse vir die bestaan van skole en inligting oor hulle strukture en programme ongelukkig skaars. Daar bestaan wel kanoniese en deuterokanoniese tekste wat eksplisiet of implisiet na skole verwys asook argeologiese en epigrafiese data (sien o.a. Crenshaw 1985:601-615).

3.3.2.2. Bronne wat gebruik is vir die skryf van spreuke

Perdue (1994:52) verwys na allerhande bronne wat wysgere gebruik het om spreuke te skryf. Hulle het onder andere verbeelding, beelde en ook bestaande tradisies gebruik. Van laasgenoemde sê hy dat die wysgere die tradisies van hulle voorgangers gebruik het, hierdie tradisies het ook wysheidsliteratuur en mites van die antieke Nabye-Ooste ingesluit (Sien ook Fensham [1976] se artikel in dié verband).

3.3.2.3. Fases van ontwikkeling

McKane (1992:1) verwys na J.Schmidt (1936) wat in sy boek die argument handhaaf dat Spreuke 1-9 'n gevorderde stadium in die geskiedenis verteenwoordig. Hy sê dat Schmidt na die formele karakter van die teks verwys en die ontwikkeling daarvan. Die wysheidsliteratuur het ontwikkel vanaf 'n eenheid wat een vers bevat na 'n eenheid wat meer verse het. Die feit dat laasgenoemde die nuwer vorm is, is 'n natuurlike ontwikkeling, waar daar met die tyd nog meer toepaslike gedeeltes by 'n reeds bestaande vers of spreuk gevoeg is.

Perdue (1994:23) wys op Von Rad se teorie oor die ontwikkeling van wysheid. Von Rad noem dat daar twee stadia in die ontwikkeling van wysheid was, die eerste is wysheid wat uit ondervinding voortvloei. Hierdie is

die oudste wysheid en ontstaan uit praktiese kennis van die wette van die lewe en van die wêreld. Die doel van 'n wyse persoon was om die 'kuns van die lewe' te vervolmaak en sodoende die orde in die realiteit te herstel. Jahwe en sy voorskrifte was die sentrum vir die wyse se bestaan. Selfs in hierdie eerste fase van wysheid is dit gebruik in howe en skole. Die wysgere was mense met hoë sosiale aansien.

Die beginpunt vir wysheid in skole en howe was die "ontslag vir God." Wysheidsinstuksies het dus begin met geloof en het die geldigheid, asook outoriteit van die goddelike bepalings erken. Die vergadering van wysgere het nie dieselfde outoriteit as die wet verlang nie, maar hulle was geïnteresseerd in die verordeninge met betrekking tot die alledaagse lewe en nie die kultussfeer nie.

Die tweede fase in die ontwikkeling was teologiese wysheid wat volgens Von Rad (Perdue 1994:24) in die tydperk ná die ballingskap ontwikkel het. In hierdie stadium is wysheid gesien as God se roep na mense. Wysheid was 'n goddelike gawe wat aan die mens die wil van God bekend gemaak het.

3.3.2.4 Motivering vir wysheid

Zimmerli (1976:318) sê dat wysheid daarop dui dat die mens (God se skepsel), nie net 'n passiewe skepsel is nie, maar dat hy/sy aktief uitgaan. Die mens is iemand wat sy/haar plek in die geskape wêreld mag soek. 'n Gesindheid van hoor en vra moet, volgens hom, altyd deel van die mens se gedrag wees.

But more than that: Wisdom shows man as a being who goes out, who apprehends through his knowledge, who establishes, who orders his world. The way he walks in it is intended to be a way of progress. It aims at avoiding danger, to be a way of ascent ... certainly not in haughtiness, but in respect for the surrounding world of order, even the order of the divine world. The Israelite who knows the Creator

knows the fear of God: 'The fear of the Lord is the beginning of knowledge.'

Zimmerli 1976:318

Snijders (1984:14) ondersteun ook die teorie dat die skeppingsteologie die grondslag vir wysheid is:

Als de wijzen over God spreken, zien zij Hem niet als de Bevrijder, die uit het diensthuis uitleidde, als de Eeuwige die met zijn volk meetrek, als de Barmhartige die zijn geboden gaf aan Israël. Hij is niet de God van Abraham, Isaäk en Jakob of de Schepper van een nieuwe hemel en een nieuwe aarde. De Spreukendichter kent God als de Schepper van hemel en aarde, die alles met wijsheid heeft gemaakt (8:27-30). Dit betekent praktisch vooral, dat alle mensen gelijkwaardig zijn (14:31; 17:5; 22:2). God is hun Maker.

Loader (1987:44) handhaaf, net soos die vorige geleerdes (sien ook Perdue 1994:46), die siening dat skeppingsteologie die motivering vir wysheid is:

Wysheid beteken om in te skakel by die orde wat God in die skepping en die lewe geplaas het. Dit lei tot harmonie en dus tot sukses. Dwaasheid is die teenoorgestelde en bring disharmonie en dus mislukking. As die mens bereid is om te buig voor die gesags-instansies wat voorskrifte gee vir hierdie ordening, dan kan hy vir hom 'n gelukkige lewe uitwerk. Vandaar die optimistiese inslag van wysheid. Omdat God die orde geskep het, is dit sy orde, en daarom is die inskakeling daarby 'n *godsdienstige saak*. Die wysheidspreuke is die aanwysings vir hierdie ordening. Dit maak nie saak hoe wêrelds en alledaags die spreuke voorkom en dat baie van hulle geen verwysing na God bevat nie, almal hou verband met die religieuse erkenning dat God die skepper en onderhouer van die lewens- en wêreldorde is.

3.3.3. Opsomming

In die lig van bo-staande bespreking blyk dit dat die boek Spreuke in die tyd 1000-400 v C ontstaan het. Spreuke 1-9 is duidelik jonger as die res van die boek. Meeste geleerdes is dit eens dat die wysheid van hierdie boek gegrond is in die skeppingsteologie.

Inhoudelik bevat die boek Spreuke wysheidsuitinge wat dien as riglyne vir die lewe van 'n Godvresende Israeliet. Dit handel oor situasies in die alledaagse lewe waarmee 'n skepsel van God – die Onderhouer en Verskaffer – te doen kan kry. Hierdie riglyne behels dinge soos om vir die armes en wese te voorsien (sien hieroor Fensham (1976) se artikel), om die goddelose mense te vermy en met wyses om te gaan, om ouers se onderrig te gehoorsaam, om wysheid te bestudeer, om op die regte paaie te wandel, hoe om op te tree in sekere ekonomiese sake en nog baie meer.

3.4. Kultuurhistoriese agtergrond van Ben Sira

3.4.1. Datering

In teenstelling met Spreuke kan die boek van Ben Sira, danksy sy kleinseun, binne 'n historiese konteks geplaas word. Die boek is ongeveer 180 v C geskryf deur *Yéšûa' ben 'El'ázár ben Sîrá* (Jesus, seun van Eleazar, seun van Sira). Aan die einde van die boek in 50:27-29 skryf die skrywer in die eerste persoon, waar hy homself identifiseer (Di Lella 1976:402). In die voorwoord van die Griekse vertaling van hierdie boek – waarvan twee kopieë in die Cairo Geniza gevind is (Cairo Geniza MSS A & B) – vertel Sira se kleinseun dat hy die oorspronklike Hebreeuse geskrif van sy grootvader in Grieks vertaal het en dat hy dit gedoen het gedurende sy verblyf in Egipte. Daar word vertel dat hy in Egipte aangekom het in die agt en dertigste regeringsjaar van die Euchariete. Hierdie verwysing kan slegs dui op

Ptolemeus VII Eucharites II. Daar word ook genoem dat hy in 132 v C in Egipte aangekom het en dat die vertaling 'n klompie jaar daarna voltooi is. Collins (1998:23) sê dat dit moontlik na die dood van Eucharites in 117 v C gebeur het.

3.4.2. Die skrywer self

Hierdie boek, asook die getuienis van die kleinseun self, dui daarop dat Ben Sira 'n welbelese man was met indrukwekkende kennis. Hy het homself vir 'n lang tydperk toegespits op 'n deeglike studie van die wet, die profete en ook ander Bybelse geskrifte. Hy was ook goed onderlê in Hellenistiese literatuur (Perdue 1994:243).

Hy was heel moontlik 'n wysgeer of skrifgeleerde wat 'n residensiële skool gehad het. Hier het hy waarskynlik gegoede jongmense van Jerusalem, met die oog op 'n leiersposisie in die Joodse samelewing (tydens die bewind van die Seleusiede), onderrig. Hy kon egter ook 'n raadgewer in die hof of tydens politieke sake gewees het.

Hengel (1980:123) beskryf Ben Sira so:

Ben Sira was a religious conservative, a Jewish *sōpher* (scribe), faithful to the Torah and thinking in nationalistic terms, who believed that he had an obligation to ancestral tradition but was nevertheless more influenced than he was aware by the spirit of his time, i.e. the thought-world of Hellenism. However, in addition there can be no doubt that he was consciously an opponent of the Hellenistic reformers in the city and that if he was still alive to experience events after 175 BC he would have been on the side of the Maccabees and certainly not that of Jason, Menelaus, Alcimus or the Tobiads.

Op grond van die voorwoord kan Ben Sira se volwasse lewe as onderwyser in ongeveer die eerste helfte van die tweede eeu v C gedateer word (Perdue 1994:243).

3.4.3. Politieke situasie

Op grond van bogenoemde datering kan daar gesê word dat hy dieselfde politieke omstandighede as die pre-Qumran-gemeenskap beleef het (sien 3.1.1. hierbo). Hierdie was nie 'n maklike tyd vir 'n Godvresende Israeliet om in te leef nie. Hellenisering was aan die orde van die dag. Oor hierdie donker tye is daar geen duidelike gegewens in Ben Sira se boek nie (slegs suggesties).

Die grootste veranderinge in die Hellenistiese era was, volgens Collins (1998:25), op die ekonomiese gebied: 'The Ptolemaic empire was a tightly organized moneymaking machine.' Produktiwiteit en vooruitgang is verhoog. Gemunte geld is gebruik en tegnologie het verbeter: 'technological improvements were carried out in Palestine and the cultivation of new plants and species was introduced' (Hengel 1980:24). Die hele koninkryk is beskou as die persoonlike eiendom van die koning, en dit het gelei tot sentrale beheer en handelsaktiwiteite. Hengel (1980:23) beskryf hoe die mag in die hande van die plaaslike aristokrasie gebly het:

there was also a monopoly in the production and supply of the most important economic raw materials, especially grain, oil, linen, etc. Agricultural production from the royal land was strictly planned in advance; a complicated system of leasehold and state supervision covered virtually every branch of production and trade, so that considerable financial resources constantly found their way into royal treasure. Foreign trade was subject to particularly strict control, and high duty was imposed.



Die Helleniserings-proses lei daartoe dat daar ook teologiese denkverskuiwings plaasvind:

A new phenomenon in Hellenistic apocalyptic was the claim raised to special revelations of divine wisdom. Here the concept of the secret took on central theological significance. A 'higher wisdom' appeared alongside the wisdom handed down by tradition, which was received through a special revelation, through dreams and visions, through journeys to heaven and hell, through the appearances of angels and through inspiration.

Hengel 1980:124

Die volk het geglo dat die imminente koninkryk van God spoedig 'n einde aan die oorweldigende arrogansie van die wêreldryk sal bring. Nogtans kon hierdie anti-Hellenistiese bewegings, wat die erfenis van hulle voorvaders wou behou, nie die invloed van die nuwe tydperk vryspring nie. Juis deur hierdie nuwe idees te aanvaar en deur intensief daarmee te werk te gaan, het Judaïsme die innerlike krag gekry om hulleself uit die moeras van 'n vreemde en verslawende beskawing te trek. Deur nuwe idees en denkvorme was dit op die einde vir hulle moontlik om getrou te bly aan hulle Goddelike taak in die geskiedenis (Hengel 1980:125). Hengel (1980:123) wys daarop dat hierdie nuwe denke tot godsdienstige individualisme gelei het, wat op 'n vryheid om te kies berus het. Hy (Hengel 1980:32) sê:

We can understand how the old prophetic criticism of riches, luxury and the violence of those in power took on a new topicality, and how the anti-Hellenistic opposition could interpret the social term 'poor' in the sense of 'pious'. The piety of the poor, a theme developed above all in apocalyptic circles, thus implied a clear protest against the change of social structures by the alien Hellenistic government and its aristocratic accomplices.

3.4.4. Ben Sira se taak

Ben Sira was een van die konserwatiewe Jode, met respek vir die wet, die profete en die geskrifte. Hy moes 'n hele aantal Jode op sy reise teëgekomp het, wat verward en vol vrae was oor die Griekse filosofie en godsdiens. Hierdie Jode het 'n knaende vrees gehad dat die godsdiens van hulle vaders nie voldoende was vir die huidige sosiale en politieke struktuur nie (Di Lella 1976:141). Hy het die volk daarop gewys dat hulle in die verlede moet soek na antwoorde vir hulle huidige probleme (2:10).

Sira se wysheidspreuke is net soos Spreuke gefundeer in die skeppingsteologie:

The fact that wisdom which is God's wisdom (1:1; 24:3-4; cf 1:8; 42:18c) and creation which is God's creation are very closely related emphasizes the universality of wisdom. Wisdom was imparted by God to "all his works" (1:9c) and to "all flesh" (1:10a). Wisdom rules over all peoples and nations (24:6). ... The wisdom of God is manifest in the order of creation (16:24-17:14; 14; 39:14-35; 42:15). ... God's wise order of creation is manifest in all realms: in the cosmos (16:24-28), on earth among man (16:29-17:10), and particularly among God's elect people (17:11-14). ... Ben Sirach emphasizes the goodness and purposefulness of all works of God in both creation and history ...

Schnabel 1985:16-17

3.4.5. Opsomming

In die geheel van Ben Sira se boek figureer die wet, die bestudering daarvan en die onderhou daarvan, telkens weer. Soos enige ander wysheidsgeskrif, word wysheid ook vooropgestel. Wysheid is vir Ben Sira in hoofsaak wetsbestudering en wetsonderhouding. Wysheid moet bestudeer, beoefen en verkry word. Oor die twee verskynsels sê Schnabel (1985:89):



We have examined Ben Sira's significant and portentous identification of law and wisdom. The fact that this identification is referred to in 19 passages altogether and often occurs at key positions in the different pericopes, shows how important this theologoumenon is for Ben Sira. ... both the law and wisdom are regarded by Ben Sira as possessions of Israel: they were both given by God to his people, they both have an important and lasting function in Israel's faith and history, and they are both of utmost importance for the pious.

Eie aan wysheidsliteratuur, bevat Ben Sira se wysheid ook instruksies vir die alledaagse lewe. Hy handel oor aspekte van verhoudings, lewenswandel en aardse besittings (leenstelsel, begeer, borgstaan, en dies meer).

Hoofstuk 3

1. **Omgang met besit(tings).**

Die tema *omgang met besit(tings)* behels die mens se omgang met aardse besittings. Dit behels die vraag of 'n persoon besittings het of nie, hoe besit(tings) verkry kan word en wat die persoon se houding teenoor besit(tings) is. Iemand wat besit(tings) het, is ryk terwyl iemand sonder besit(tings) arm is. Besit(tings) kan verkry word deur dit van ryker persone te leen, wat dan weer die konsekwensie het dat dit terugbetaal moet word. Iemand wat ryk is, kan met ander woorde besit(tings) uitleen of vir iemand borgstaan. Elke mens het ook 'n bepaalde houding teenoor besit(tings). Die arm man kan meer begeer of andersins tevrede wees met wat hy het, terwyl die ryke hoogmoedig of dankbaar kan wees as gevolg van sy besit(tings). Die tema *omgang met besit(tings)* behels dus al bogenoemde praktyke. In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na die menings van die onderskeie geskrifte oor hierdie tema.

Die term *armoede* word herhaaldelik in 4Q416 en 4Q417 genoem. Die dokument word gekenmerk deur die verskeidenheid van woorde asook uitdrukkings wat vir armoede gebruik word, byvoorbeeld: ראש אביון מחסור en רש. Die armoede word nie duidelik omskryf as materiële of geestelike armoede nie, maar uit die konteks blyk dit materieel te wees. Verwysings soos dié in 4Q416 frag 2 ii 18-21; 2iii 8 + 12-13 is 'n duidelike bewys dat hier sprake is van materiële armoede. In 4Q416 2iii 8 staan daar byvoorbeeld: *'Jy is arm, moet niks behalwe jou erfenis begeer nie.'* Armoede mag ook nie as 'n verskoning gebruik word om nie van God en sy geboorte te leer nie (4Q416 2iii 12-13). Die ideaal blyk 'n lewe van matigheid – wat tevredenheid behels – asook selfonderhoud te wees: *'Moenie jouself versadig met brood as daar nie klere is nie. Moenie wyn drink as daar niks is om te eet*

nie en moenie na lekkernye soek terwyl jy nie brood het nie. Moenie roem op jou gebrek nie. Jy is arm.' (4Q416 2ii 18-20). In 4Q417 1i 20-21 staan daar ook: *'Eet dit wat Hy vir jou as kos gee maar niks meer nie, sodat jy nie jou lewe korter maak nie.'*

Wanneer daar na die verskillende uitsprake oor "omgang met besit" gekyk word, is dit duidelik dat die tema in twee sub-temas verdeel kan word, naamlik: *Verkryging van besit(tings)* asook *Houding teenoor besit(tings)*. In die res van die hoofstuk gaan die bespreking van *4QInstruction*-fragmente, ander Qumran-geskrifte, Ben Sira en Spreuke asook hulle moontlike oorsprong dus rondom bogenoemde twee temas geskied.

1.1. Verkryging van besit(tings)

Aangesien besit(tings) hoofsaaklik verkry kon word deur dit te leen of deur iemand wat vir jou borg gestaan het, sal daar in hierdie gedeelte veral gekyk word na die verskillende sieninge oor borgstaan of leen.

1.1.1. Verwysings in *4QInstruction*

Daar is vier gedeeltes in die *4QInstruction*-fragmente waar dié tema ter sprake kom. In 4Q417 1i 18-26 staan daar:

En neem jou erfenis / deel van hom en moenie dit nog meer maak nie. En as jy arm is, sonder besittings, (leen) wat jy benodig (van Hom) want God se skatkamer sal nie minder word / gebrek ly nie. En op sy bevel gebeur alles. Eet dit wat Hy vir jou as kos gee maar niks meer nie, sodat jy nie jou lewe korter maak nie. As jy geld / besittings van mense leen

vir jou armoede, moenie jouself laat rus dag en nag nie, en moenie jou siel laat rus totdat jy jou lener terugbetaal het nie. Moenie vir hom lieg nie. Waarom sou jy sonde doen? Ook aangaande die verwyte nie ... En hy sal nie meer sy naaste vertou nie. En tydens jou gebrek / armoede sal hy sy hand toemaak ... En soos hy leen weet hy ... En as 'n plaag / slag jou tref terwyl jy in skuld is, moenie dit wegsteek vir jou lener nie, sodat hy nie jou skande bekendmaak nie.'

In 4Q416 2ii 4-6 is daar 'n verwysing na 'n lening, waarin daar gesê word dat as iemand by iemand anders iets geleen het, hy hom moet haas om dit terug te betaal omdat hy sy skat aan iemand anders toevertrou het ten koste van sy vriende en daardeur ook sy lewe weggee het. Verderaan in reël 18 staan daar: '*... moenie borgstaan met jou erfenis, sodat dit nie jou liggaam verarm nie*'. 4Q416 2iii 4-6 handel oor 'n lening: '*Soos wat jy dit (lening) geneem het, net so moet jy dit teruggee, en vreugde vir jou as jy vry is daarvan (skuld). En ook van enige man wat jy nie ken nie, moet jy nie geld / besittings neem nie, sodat jy nie jou armoede vermeerder nie.*'

1.1.2 Getuienis uit ander Qumran-tekste

In CD-A ix 13 word daar slegs 'n ordereël angetref, wat bepaal dat as iemand skuld aangegaan het en daar is niemand om dit te ontvang nie, moet dit aan die priester bely word. In hierdie gedeelte is daar wel nie soveel inligting as in die voriges nie, maar dit is tog genoeg om twee ooreenkomste met *4QInstruction* uit te wys. Eerstens is die noem daarvan 'n aanduiding dat die praktyk van leen wel plaasgevind het en tweedens dui dit ook daarop dat die terugbetaal van skuld as baie belangrik beskou is.

1.1.3. Ben Sira se siening

Soortgelyke gedagtes kom voor in Ben Sira (8:12-13 en 40:28a – sien addendum). Alhoewel hierdie gedeeltes oor dieselfde tema handel as die van *4QInstruction*, is dit opvallend dat daar aksentverskuiwings sowel as verskille bestaan.

Ben Sira wys byvoorbeeld daarop dat 'n mens nie aan iemand ryker as jy moet leen nie en hy sê ook dat as jy uitgeleen het, jy dit as verlore moet beskou. Die eerste opvallende verskil met dié van *4QInstruction* is die feit dat Ben Sira praat van uitleen terwyl *4QInstruction* net verwys na leen. Dit is wel duidelik dat hy ook nie ten gunste van leen is nie, want hy sê dat 'n mens dit as verlore, met ander woorde as oninbare skulde moet beskou. In 40:28a sê hy ook : *'My seun, moenie 'n lewe van geskenke leef nie.*

In teenstelling met *4QInstruction* lê hy nie soveel klem op die dringendheid dat die skuld afgelos moet word nie, hy sê intendeel dat die skuld as verlore beskou moet word. Wat borgstaan aanbetref, handhaaf hy min of meer dieselfde gedagte as *4QInstruction*. Ook hy verwys daarna dat 'n mens nie met jou erfenis moet borgstaan nie en sê dan dat as dit die geval is, moet 'n mens dit as 'n realiteit (verpligting) beskou.

1.1.4. Uitsprake in die boek Spreuke

In Spreuke 22:7b staan daar: *'... die lener is die slaaf van die man by wie hy leen'* (NAV). Ook hieruit is dit duidelik dat die leenpraktyk in 'n ongunstige lig beskou is, maar ook as 'n verpligting gesien is (m a w die skuld moes terugbetaal word); daarom die metafoor van 'n slaaf. In Spreuke 20:13 word daar gesê dat 'n mens deur werk armoede kan vermy. Dit wil voorkom asof dit (die werksetiek) die

wysgeer se opsommende idee van armoede en rykdom asook sy “resep” vir die voorkoming van leen is.

Uit Spreuke 6:1-5 is dit duidelik dat borgstaan as ‘n verskrikking beskou is. Dit word beskryf as ‘n net of ‘n strik waarin die mens gevang word. Daar word ook ‘n beroep op die mens (‘my seun’) gedoen om so gou moontlik daarvan los te kom. Die wysgeer van Spreuke 22:26-27 spreek hom baie sterk uit oor borgstaan. Hy sê dat ‘n mens nie moet borgstaan nie en nie vir iemand anders se skulde moet instaan nie. Hy vra selfs waarom die skuldeisers jou bed onder jou moet uitvat as jy nie kan betaal nie (sien ook Spr 11:15). Hierin word daar dus ook dieselfde gedagte gevind as in *4QInstruction*.

1.1.5. Gevolgtrekking

Opsommend kan dus gesê word dat:

4QInstruction veral op die volgende dinge klem lê :

- ‘n Mens moenie borgstaan nie, veral nie met sy/haar erfenis nie;
- Indien jy van iemand geleen het, moet dit weer terugbetaal word;
- Dit is beter om liewers nie te leen nie;
- As God jou arm gemaak het, moet jy tevrede wees met wat jy het;
- Dit was belangrik om skulde terug te betaal.

In die Qumran-gemeenskap het:

- Mense wel geleen
- Was dit belangrik om skulde terug te betaal

Ben Sira handhaaf die siening dat:

- ‘n Mens nie aan iemand ryker as jyself moet uitleen nie;
- Dit beter is om nie uit te leen nie;
- ‘n Mens nie moet borgstaan nie.

Die boek Spreuke:

- Is nie ten gunste van leen nie;
- Dring daarop aan dat skuld terugbetaal moet word;
- Wys daarop dat iemand wat werk, nie arm is nie;
- Is nie ten gunste van borgstaan nie.

Dit wil voorkom asof *4QInstruction* oor borgstaan en leen sterker ooreenkomste met Spreuke en CD-Aix 13 het as met Ben Sira. Ben Sira sowel as Spreuke verskil egter van *4QInstruction* asook die ander Qumran-tekste in die opsig dat dit lyk asof Ben Sira en Spreuke vir 'n ryk gehoor geskryf is, terwyl die ander twee die omstandighede van die arm man aanspreek. Dit is duidelik uit die feit dat beide Qumrangeskrifte die lener aanspreek terwyl Ben Sira met die uitlener praat. Uit die genoemde gedeeltes van Spreuke sowel as uit ander gedeeltes in die boek (bv 10:4-5+15; 12:11; 13:4; ens) blyk dit dat armoede uit luiheid spruit en dat 'n wyse mens (m a w die gehoor van die skrywer) eerder ryk as arm sal wees.

Hierdie verskynsel kan moontlik verklaar word op grond van die agtergronde waarteen die verskillende geskrifte ontstaan het. Ben Sira skryf vir die uitgelese groep jongmense van goeie afkoms (sien 3.4. in hoofstuk 2). Ben Sira se gehoor was ook midde-in 'n korrupte samelewing, dit kan dalk die rede wees hoekom hy sê dat geleende goed as verlore beskou moet word. Hy het die korruptheid wel afgekeur, maar wil moontlik met dié stelling van hom net 'n realiteit uitwys waarmee die uitlener moet rekening hou.

4QInstruction het ongeveer in dieselfde tyd as Ben Sira ontstaan (vgl 3.2. in Hoofstuk 2), maar het 'n arm gehoor gehad. Hierdie hoorders was deel van die anti-Hellenistiese opposisie wat as gevolg van hulle afkeer aan die Hellenistiese beskawing, geweier het om deel te neem aan die grootskaalse rykwordproses.

Die Qumran-geskrifte is aan 'n groep woestyn-bewoners, wat kommunale besit gehad het (sien 3.1), geskryf. Hierdie gemeenskap het juis in die woestyn gaan

woon om van die korrupte samelewing weg te kom, hulle het hulle lewe daaraan gewy om te leef volgens die voorskrifte in die geskrifte. Net so was dit die doel van die boek Spreuke om as 'n riglyn op te tree.

Die feit dat al vier die geskrifte wel 'n mate van ooreenstemming het, dui op 'n ooreenstemmende bron, op 'n gedeelde ideologie. Dit is wel bekend dat genoemde geskrifte uit die Israelitiese geleedere ontstaan het en daarom die Torah as vertrekpunt vir hulle voorskrifte behoort te hê.

Wanneer daar na die Torah se uitsprake oor genoemde tema gekyk word is dit duidelik dat dit as basis vir die geskrifte gedien het. (Sien o a Eks 22:7-14 + 25-27; Lev 6:1-5; 25:13-41; Deut 15:1-11; 22:1-5). Hierdie gedeeltes wys onder andere ook daarop dat skulde terugbetaal moet word, dat die mens regverdig en eerlik moet optree in sy handelsake en dat 'n arm man nie uitgebuit mag word nie. Hieruit is dit duidelik dat die geskrifte almal dieselfde vertrekpunt het, maar dat daar 'n aksentverskuiwing plaasvind om die konteks in ag te neem.

Dit blyk dus dat die *gebeurde teks* (konteks) – wat bygedra het tot die ontstaan van die *geskrewe teks* – in ag geneem behoort te word, om eerstens die teks en tweedens die verskille tussen die tekste te verstaan.

1.2. Houding teenoor besit(tings)

Hierdie tema behels die mens se houding teenoor dit wat hy het, met ander woorde is hy tevrede, dankbaar, gulsig en/of hoogmoedig. Tevredenheid behels dat 'n mens nie meer mag begeer of neem as wat hom/haar toekom nie en dat hy/sy van God afhanklik is daarvoor. Net soos in die vorige gedeelte is hierdie idee ook gegrond in die Israelitiese denkwysse. Dit spruit uit die Torah sowel as al die ongeskrewe voorskrifte wat gevorm het aan hulle denke, optredes en sienswyses. Dwarsdeur die Bybel is daar aanduidings van die volk se afhanklikheid van God. Hy het hulle uit Egipte gelei en in die woestyn versorg.

Die idee agter die tiende gebod (jy mag nie begeer nie ... Ex 20:17), is God se voorsienigheid. God gee aan die mens wat hy nodig het en as hy enige iets meer begeer, is hy gulsig en ontrou aan God.

1.2.1. Verwysings in 4QInstruction

In *4QInstruction* kom die tema voor in: 4Q416 2ii 18-20; 4Q416 2iii 6 + 8-9 en 4Q417 1i 18b +20-21. In eersgenoemde gedeelte staan daar: *‘Moenie jou versadig met brood as daar nie klere is nie. Moenie wyn drink as daar niks is om te eet nie en moenie na lekkernye soek terwyl jy nie brood het nie.’* Volgens 4Q416 2iii 6, is dit God wat bepaal of jy ryk of arm is: *‘En as (God) voorgeskryf het dat jy in armoede moet sterf, dan het Hy dit so beskik, maar moenie jou gees daardeur bederf nie.’* In reël 8 is dit duidelik dat die mens tevrede moet wees met wat hy/sy het en niks meer as sy/haar erfenis moet begeer nie, anders kan sy/haar siel daardeur verswelg word en kan hy/sy sy/haar grense (prioriteite) verskuif. Die twee reëls in 4Q417 1i lui soos volg: *‘En neem jou deel van hom, maar moenie nog meer maak ... Eet dit wat hy vir jou as kos gee maar niks meer nie, sodat jy nie jou lewe verkort nie.’*

1.2.2. Getuienis uit ander Qumran-tekste

1QH 18 29c-30 wys hoe 'n mens oor besittings moet dink: *‘... die siel van u diensknege verag besittings en wins en oorvloed van weelde ... hy nie.* Hierdie gedeelte wys daarop dat die opregte mens nie na rykdom en weelde streef nie. Hy/sy is tevrede met wat hy/sy het.

1.2.3. Ben Sira se siening

Alhoewel een van die gedeeltes in Ben Sira dalk eerder op die geestelike sy van dinge as op die materiële sy dui, is dit ook 'n oproep tot tevredenheid: *'Dit wat te wonderlik is vir jou, moet jy nie soek nie en dit wat bedek is vir jou, moet jy nie naspur nie.* (3:21-23). In 13:2a is dit egter duidelik dat daar sprake is van materiële dinge: *'Waarom sal jy 'n gewig optel wat te swaar is vir jou en waarom sal jy met iemand wat ryker as jy is, vriende maak?'* Die gedeelte in 31:12 waarsku uitdruklik teen vraatsug wat uit begeerte spruit: *'My seun, as jy by 'n groot tafel sit, moenie jou keel aan hom oopmaak nie. Moenie sê: "Wat 'n oorvloed is hierdie!" nie, onthou dit is sleg om 'n slegte (gulsige) oog te hê.'* In 40 :28-29a is 'n soortgelyke gedeelte: *'My seun, moenie 'n lewe van geskenke leef nie. Dit is beter om weggeneem te word as om onbeskaamd op te tree. (As) 'n man staar na die tafel van 'n vreemde, kan sy lewe nie as 'n lewe beskou word nie,'*

1.2.4. Uitsprake van die boek Spreuke

Ook in die boek Spreuke is daar waarskuwings teen begeer: *'So gaan dit met elkeen wat vat wat hom nie toekom nie...'* (Spr 1:19). Die skrywer van hierdie boek is duidelik van mening dat begeertes lei tot bedrog: *"n Mens wy sy lewe aan wat hy begeer, maar dit is beter om arm te bly as om te bedrieg* (Spr 19:22). In Spreuke 23:1-3 is daar omtrent 'n soortgelyke gedeelte as 31:12 van Ben Sira. Dié gedeelte

handel ook oor die mens se vraatsugtige begeertes wat in bedwang gehou moet word as hy saam met 'n hoë amptenaar aan tafel sit. Verderaan in dieselfde hoofstuk (23:4-5) is daar weer 'n waarskuwing teen begeerte (afsloof om ryk te word) wat lei tot verkeerde waardes. Die nietigheid van rykdom word ook hier uitgewys.

1.2.5. Gevolgtrekking

Opsommend kan met ander woorde gesê word dat:

4QInstruction:

- Het 'n arm gehoor;
- Wys daarop dat God armoede of rykdom beskik;
- Sê dat 'n mens nie gulsig moet wees nie, maar tevrede;
- Is gekant teen begeerte.

Die Qumran-geskrifte se gehoor:

- Het nie besittings nie
- Is gekant teen begeerte

Ben Sira wys daarop dat:

- Die mens nie hoër moet vlieg as wat sy vlerke kan nie;
- 'n Mens nie mag begeer nie;
- Gulsigheid verkeerd is;
- Die mens tevrede moet wees.

Die boek Spreuke:

- Verwys ook na 'n mens se optrede aan 'n rykman se tafel;
- Verbied die mens om te begeer;
- Wys daarop dat rykdom nietig is.

Na aanleiding van die bespreking is dit duidelik dat die Torah die *bronteks* van al die uitsprake is. Soos in 1.1.5. hierbo is daar duidelike ooreenkomste maar ook aksentverskuiwings. Hierdie aksentverskuiwings is te danke aan die konteks waarin die bepaalde geskrifte ontstaan het.

Die konteks waarin *4QInstruction* tot stand gekom het, was nie 'n samelewing van weelde en oorvloed nie. Die geskrif is sekerlik geskryf vir 'n arm gehoor. Hulle moet hulle nie oorgee aan allerlei lekkernye terwyl hulle broodgebrek ly nie. Hulle moet dus hulle besit(tings) op 'n verantwoordelike wyse gebruik. Hulle word daarop gewys dat, as dit God se wil is, dat dié wat volgens sy voorskrifte leef, arm moet doodgaan, dan moet hulle hulle daarby berus. Hier is duidelik sprake van armoede wat gelyk is aan vroomheid (vgl Hengel 1980:32). Die skrywer moet sy gehoor moed inpraat en hulle motiveer om, ten spyte van die versoeking om ryk te word (as hulle sou meedoen aan die Hellenistiese beskawing), vas te staan in wat hulle glo.

Volgens die ander Qumran-geskrifte is dit so dat 'n ware lid van die gemeenskap besittings verag. Hierdie gemeenskap het hulle onttrek van die Hellenistiese samelewing in Jerusalem, waar rykword die belangrikste faktor was. Hulle lewe in 'n sosialistiese gemeenskap, daarom is besit(tings) nie van belang nie.

Uit Ben Sira se boek blyk dit dat hy vir 'n ryker gemeenskap skryf, daarom waarsku hy hulle dat hulle hulle nie moet blindstaar teen die glans van rykdom nie. Die Hellenistiese samelewing het aan almal (wat sou wou) die geleentheid gebied om ryk te word. Dit is teen hierdie versoeking wat Ben Sira waarsku. Hulle moenie net ter wille van besittings met rykes meng nie, want ryk en gemiddeld kan nie aan dieselfde tafel sit nie. Hulle hoef nie alles te hê wat die rykes het nie, dit kan tot hulle ondergang lei. In hierdie gedeeltes kom die alomteenwoordige Ben Sira-tema, naamlik eer en skande (sien o a 4:21-22 +27 sien ook Collins 1998:34 oor bg tema), weer ter sprake. Die mens moenie onbeskaamd optree as hy nie gewoond is aan die dinge van rykes nie. Waar dit



in die *4QInstruction* gaan oor voorskrifte navolg ter wille van God se eer, skemer hier iets van die humanistiese gedagte (nl eie eer) by Ben Sira deur. Weereens was dit die denke van die tyd wat hiervoor verantwoordelik is.

Volgens die boek Spreuke kan begeertes lei tot verkeerde waardes en optredes. Rykdom is nie dit wat belangrik is nie, maar om God se voorskrifte te onderhou. Ook hier blyk dit dat die skrywer vir 'n ryker gehoor skryf, wat moet waak teen verkeerde waardes wat as gevolg van rykdom kan ontstaan. Die feit dat die boek net soos Ben Sira waarsku teen vergryp aan 'n ryk tafel, is 'n aanduiding dat dit wel aan mense geskryf is wat met so iets te doen gekry het. Dit staan in skerp kontras met die *4QInstruction* wat praat van gevalle waar daar nie kos of klere is nie.

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat elke skrywer die bestaande teks verstaanbaar asook relevant maak vir sy gehoor. Daar word nog steeds by die voorskrifte gehou, maar die motivering daarvoor verskil na gelang van die gehoor se omstandighede.

Hoofstuk 4

1. Verhoudings

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na plekke waar die tema *verhoudings* in *4QInstruction*; ander Qumran geskrifte; Ben Sira en Spreuke voorkom, asook hoe dit verstaan word. Die sub-temas waaronder verhoudings bespreek word, is: (1) *verhouding tussen God en die mens*, (2) *verhouding tussen ouers en kinders*, (3) *verhouding tussen man en vrou*, (4) *verhouding met vriende of ander mense* en (5) *verhouding tussen arm en ryk of mindere en meerdere*.

1.1. Verhouding tussen God en die mens

'n Verhouding tussen God en die mens behels die optrede en gesindheid van God teenoor die mens, en omgekeerd. Dit raak aspekte soos God se voorsienigheid, sy regverdigheid asook sy besigwees met die mens. Hy voorsien in die mens se behoeftes, gee aan die regverdiges wat hulle nodig het om getrou aan Hom te bly en oordeel oor die onregverdiges.

Die mens se optrede in die verhouding behels om God te prys, om dankbaarheid teenoor Hom te betoon en om getrou aan Hom te wees. In hierdie verhouding is die mens gedurig bewus van sy/haar tekortkominge, sy/haar onregverdigbaarheid voor God asook van hoe afhanklik hy/sy van God is.

1.1.1. Verwysings in *4QInstruction*

In 4Q416 2ii 1-2 is onder andere sprake van hierdie tema, waar daar staan dat God al sy weldade bekend gemaak het om al die tekortkominge aan te vul en dat Hy kos gee aan al wat lewe. In 4Q416 2iii 6 is daar sprake van God se

almag asook die gedagte dat God jou arm maak en die mens se aanvaarding daarvan: *'as God voorgeskryf het dat jy in armoede moet sterf, dan het Hy dit so beskik, maar moenie jou gees bederf daardeur nie.'* Verderaan (in 9-12) word God se voorsienigheid en sy hulp aan die hulpbehoewendes weergegee asook hulle verantwoordelikheid teenoor God:

Maar as Hy jou weer in ere herstel, gaan (daarvolgens). En in die misterie wat sal kom, soek dit tussen sy kinders. Dan sal jy sy erfsporsie ken. En in regverdigheid sal jy wandel, want Hy, God, sal grootmaak sy ... op al jou paaie. Gee eer aan Hom wat eer bewys! En prys sy Naam voortdurend, want uit armoede het Hy jou kop opgelig en met die adelikes het hy jou laat sit. En in die erfenis van eer laat Hy jou regeer. Sy aanvaarding moet jy gedurig soek.

Hierdie teks dui op God se omgee vir die mens – dat Hy sorg. Dit wys die mens ook daarop dat hy/sy rede het om tevrede te wees en om God te eer en te verheerlik.

In 4Q417 1i 14-17 word daar gesê dat iemand wat tydens 'n regspraak nederig is, se sondes oorgesien sal word, want God se toorn sal verander. Daar word ook genoem dat niemand voor God se toorn kan bly staan nie, dat geeneen regverdig is voor hom nie want die mens kan nie sonder vergewing voor God bly staan nie. Oor God se veroordeling van die onregverdiges staan daar in 4Q417 2i 17b-18a: *'Maar Hy het nie meer meditering gegee aan die gees van die vlees nie, want dit ken nie die onderskeid tussen goed of sleg volgens die wet van sy gees nie.'*

Hierdie gedeelte wys dus daarop dat die mens nederig moet wees, dat niemand regverdigbaar is voor God nie en dat God die onregverdige veroordeel.

Hieruit is dit duidelik dat God aan die mens voorsien wat hy nodig het, dat Hy die mens se materiële toestand bepaal, en dat die mens daarin moet berus. Die mens moet dankbaar wees vir wat God aan hom gee en moet Hom eer en prys wanneer Hy hom in eer herstel. God eis dat die mens nederig moet wees, gehoorsaam aan sy wet en bepalings. Niemand is regverdig voor God nie, maar aan die wat gehoorsaam is, gee Hy die “boek van herinneringe”, om te bestudeer en sodoende ‘n beter mens te word. Die ongehoorsames word afgesny van dié bestudering (meditering). (Sien Hoofstuk 5 vir ‘n meer volledige bespreking van God se oordeel.)

1.1.2. Getuienis uit ander Qumran-tekste

In ander Qumran-geskrifte word identiese gedagtes aangetref. Daar word onder andere ook verwys na die onkunde van die onregverdiges en die feit dat hulle nie deel sal hê aan die “misterie wat sal kom” nie (sien 1Q27). Dan is daar weer in 1QS 11 3-5 sprake van God se vergewing (sien addendum vir verwysing na teksgedeeltes), dat Hy die mens ondersteun, en dat Hy die “misterie wat sal kom” aan sy kinders voorsien (sien ook 1QH 9 21, 23b+24; 1QH 15 26-27 en 4Q185 1-2ii 9-10). Verderaan in 1QS 11 (9-12 asook 21-22) is daar sprake van die nietigheid van die mens, die mens se onregverdigbaarheid voor God asook God se vergewing:

Maar ek is van die bese mensdom en van die vergadering van die goddelose vlees. My oortredinge, my sondes {...} saam met die bedorwenheid van my hart is vir die vergadering van wurms en van die wat in die duister wandel. Want ‘n mens se weg behoort nie aan hom nie en ‘n mensekind kan nie sy treë versterk nie, want aan

God behoort die oordeel en in sy hand is die volmaaktheid van die weg. Deur sy kennis sal alles gebeur. Alles wat bestaan, het Hy met sy berekeninge gevestig en buite Hom gebeur niks nie. En ek, as ek struikel sal die genade van God altyd my redding wees. En as ek verval onder die sonde van die vlees, sal my oordeel in God se ewigdurende regverdigheid wees.

1QS 11 (9-12)

En een wat uit 'n vrou gebore is, as wat sal hy beskou word, in u teenwoordigheid? Hy, uit stof is hy gevorm en kos vir die wurms is sy woonplek. Hy is (uitgespoegde) spoeg, gevormde klei en na stof is sy begeerte. Wat sal klei antwoord? En die een wat deur 'n hand gevorm is, wat se raad sal hy verstaan?

1QS 11 (21-22)

Die mens se dankbaarheid word uitgedruk in onder andere 1QS 9 26 en 10 6+9. In die 26ste vers staan daar byvoorbeeld: '*... en in ellende sal hy sy Skepper eer...*' 4Q434 1 1-4a +7+9 vertel van God se ontferming oor die mens in nood.

1.1.3. Ben Sira se siening

Die boek van Ben Sira behandel ook bogenoemde tema. In 3:17-24 word die mens daarop gewys dat nederigheid (ook in besigheid) vir God aanvaarbaar is. Verse 18 en 20 sê byvoorbeeld: '*Wees meer nederig as alles wat ewig groot is en voor God sal jy guns vind ... want die gunsbewyse van God is baie en aan nederiges maak Hy sy*

geheimenis bekend. Dieselfde gedagte asook die idee dat die mens nietig is, kom in 7:16-17 voor. In 33:13-15 word die mens se nietigheid en, in teenstelling daarmee God se almag, uitgedruk. God se goeie werke asook sy voorsienigheid word in 39:33-35 beskryf: *'Al die werke van God is goed, vir elke nood van jou voorsien Hy op sy tyd. Daar is geen rede om te sê: hierdie (werke) is slegter as daardie nie, want Hy volbring elkeen op sy tyd. Nou, met die hele hart roep uit en prys sy heilige Naam.'*

1.1.4. Uitsprake in die boek Spreuke

In die boek Spreuke word die *verhouding tussen God en die mens* in kort uitsprake aangeraak. Spreuke 1:7 sê dat kennis begin met die dien van die Here. Vertoue in God asook God se leiding aan sy kinders word duidelik uitgespel in Spreuke 3:5-6: *'Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.'* (sien ook Spr 20:22b). Spreuke 30:5 vertel van God se getrouheid: *'Elke belofte van die Here is betroubaar; Hy beskerm dié wat by Hom skuil.'* Ook in dié boek word nederigheid as 'n goeie eienskap beskryf: *'Die Here het 'n afsku van 'n verwaande mens; dit staan vas: so 'n mens sal nie ongestraf bly nie'* (sien ook Spr 22:4). In Spreuke 22:22-23 is God se voorsienigheid en ontferming oor die armes duidelik te sien. God se almag, oordeel en voorsienigheid word ook in Spreuke 16: 1, 4 en 9; 3:19-20 en 21:30 beskryf. Dié gedeeltes wys daarop dat die mens nie oor sy eie lot kan beskik nie, dat God alles met sy wysheid geskep het en dat menslike wysheid en insig nie op God van toepassing is nie. In Spreuke 3:11-12 word die mens daarop gewys dat hy God se straf moet aanvaar, aangesien God dié straf vir wie Hy lief het.

1.1.5. Gevolgtrekking

Opsommend kan die volgende gesê word van die onderskeie geskrifte:

4QInstruction en ander Qumrangeskrifte wys op:

- God se sorg;
- Dat die mens tevrede en dankbaar moet wees en God moet verheerlik;
- God se vergifnis van die regveriges en Sy oordeel oor die onregverdiges;
- Die mens se onregverdigheid voor God.

Ben Sira handhaaf temas van:

- Hubris;
- Die mens se nietigheid;
- God se almag;
- God se sorg en voorsienigheid.

Volgens Spreuke:

- Sal dit goed gaan met die mense wat God dien en vertrou;
- Is God betroubaar, Hy sorg, beskerm en is vol ontferming;
- Straf God die onreg;
- Moet die mens nederig wees;
- Is die mens nietig en magteloos.

Dit blyk dat daar ooreenstemming in die onderskeie geskrifte is oor die verhouding tussen God en die mens. In die meeste van die wysheidstekste figureer hubris as 'n tema. Dit is duidelik dat verskillende sosiale omstandighede nie die kern van die *bronteks* beïnvloed het nie. Die kern van die wysheid is soos Spreuke 1:7 sê: *...kennis begin met die dien van die Here.* Dieselfde gedagte wat in Eksodus 23:25 voorkom, naamlik: *Jy moet die Here jou God dien. Dan sal Hy*

jou met kos en water seën en siekte van jou af weghou' kan in hierdie wysheidsgeskrifte gevind word. Die God van vergewing, voorsiening en regverdigheid wat in Eksodus 34:6-7 aan die woord is, is dieselfde God waarvan daar in die geskrifte sprake is:

Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag.

Die gedagte van 'n betroubare God wat in die onderskeie geskrifte voorkom, is ook te vind in Deuteronomium 7:9: *'Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy geboorte gehoorsaam,'* asook Deuteronomium 6:4-5: *'Luister, Israel, die Here is ons God. Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.'*

Uit die Torah (*bronteks*) sowel as uit die bespreekte geskrifte blyk dit dat Israel 'n verhouding van gehoorsaamheid en getrouheid met 'n God van liefde en getrouheid moes handhaaf. Jahwe sou aan hulle wat Hom gehoorsaam en liefhet, voorsien volgens sy wil.

1.2. Verhouding tussen ouers en kinders

Hierdie tema behels die verhouding tussen ouers en kinders, die manier waarop hulle teenoor mekaar behoort op te tree asook die verskillende verantwoordelikhede en verpligtinge wat in dié verhouding ter sprake is. In hierdie afdeling gaan daar dus spesifiek gekyk word na wat die onderskeie geskifte se uitsprake in hierdie verband is.

1.2.1. Verwysings in 4QInstruction

Hierdie tema kom voor in onder andere 4Q416 2iii 15-19, waar daar staan:

Eer jou vader in jou armoede en jou moeder in jou wandel, want soos God vir 'n man is, so is sy (eie) vader. En soos die Here vir 'n mens is, so is sy moeder, want hulle is die skoot wat swanger was (met) jou. En net soos wat Hy hulle aangestel het oor jou en (jou) gevorm het volgens die gees, net so moet jy hulle dien. En soos wat Hy geopen het jou oor vir die misterie wat sal kom, so moet jy hulle eer ter wille van jou eie eer...eer hulle vir die onthalwe van jou eie lewe en vir die lengte van jou dae.

Terwyl eersgenoemde gedeelte handel oor die kind se verpligting teenoor sy/haar ouers, handel 4Q416 2iv 4 weer meer spesifiek oor die optrede van 'n vader teenoor sy kinders: *'Jou dogter sal jy afsonder vir 'n ander een (man). En jou seuns vir die dofters van jou vriend / volksgenoot'*. Volgens hierdie teks is 'n vader verantwoordelik om te sorg dat sy dogters getroud raak en moet hy toesien dat sy seuns met dogters van dieselfde volk en godsdienstige oortuigings trou. Eersgenoemde teks stel baie eksplisiet wat van kinders verwag word. Hulle moet hulle ouers eer omdat God hulle aangestel het oor hulle kinders. Kinders

moet ook hulle ouers eer ter wille van eie eer en 'n lang lewe; maar die hoofrede is dat hulle hulle ouers moet eer omdat hulle (ouers) hulle (kinders) se ore geopen het vir die "misterie wat sal kom". Hulle onderrig hulle dus in die regte manier om God te dien en dit is weer die enigste weg na 'n lang lewe.

1.2.2. Getuienis uit ander Qumran-tekste

In 4Q158 7-8 1 word die wetsbepaling van Eksodus 20:12 herhaal, naamlik: '(Eer) jou [vader] en jou moeder [dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee].' Hieruit is dit duidelik dat dieselfde idee as in *4QInstruction* voorkom, naamlik dat om jou ouers te eer tot 'n lang lewe kan lei. 'n Vader se verpligting ten opsigte van sy dogter, wanneer hy haar aan 'n ander man gee, word in 4Q270 5 14-16 beskryf: '[As 'n man sy dogter] aan iemand anders [gee] moet hy van al haar vlekke vir hom vertel, sodat hy nie op homself die oordeel van die vloek bring, wat sê: ["Wie ookal 'n blinde man op 'n dwaalweg lei..." [Deut 27:18] En hy moet haar ook nie aan iemand gee, wat nie by haar pas nie] want dan is dit "twee soorte" [... 'n os en 'n esel; en wol en linneklere tesame].' Alhoewel hierdie gedeelte meer inligting gee oor 'n vader se verantwoordelikheid, stem dit ooreen met *4QInstruction*, waarvolgens die vader sy dogter aan 'n ander man moet gee. Dit dui op 'n vader se verantwoordelikheid om eerlik te wees teenoor sy dogter se aanstaande, asook om vir sy dogter 'n goeie toekoms te verseker.

1.2.3. Ben Sira se siening

Ben Sira handel oor "eer jou vader en moeder" in 'n redelike aantal verse (3:6-16 – sien addendum vir teks). Hy beklemtoon die feit dat kinders wat hulle vader

eer, sy seën kan verwag en dié wat nie hulle moeder eer nie, kan van die familie ontwortel word. Verder sê hy dat 'n kind wat sy/haar moeder vloek, sonde vermeerder en dat 'n vader se eer die eer van 'n kind is, maar dat 'n vader se skande geen eer vir 'n kind is nie. Hy wys daarop dat 'n kind sy/haar vader al sy/haar dae moet vereer, selfs al word sy (vader se) verstand swakker, weens ouderdom. Hy maak ook die uitspraak dat as 'n kind hierby hou, sy/haar sondes vergewe sal word, die goeie optrede vervang sonde en wis dit uit. Die rede wat hy hiervoor gee, is omdat iemand wat sy/haar vader verag doelbewus verkeerd optree en een wat sy/haar moeder vervloek, die Skepper laster.

Ben Sira stem in twee opsigte ooreen met *4QInstruction*. Net soos in *4QInstruction* wys Ben Sira daarop dat die verering van ouers 'n lang lewe tot gevolg kan hê. Ben Sira sê dat 'n vader se eer ook 'n kind se eer is. *4QInstruction* handhaaf min of meer dieselfde standpunt deur te sê dat 'n kind ter wille van sy/haar eie eer sy/haar ouers moet eer. Terwyl *4QInstruction* slegs sê dat verering van ouers 'n lang lewe kan beteken, gaan Ben Sira verder deur te sê dat dit ook sonde kan uitwis.

Wat ouers se optrede teenoor kinders aanbetref, sê Ben Sira die volgende: '*(As jy) seuns (het) tugtig hulle en neem vir hulle vrouens in hulle jeug. (As daar) dogters vir jou is, pas hulle begeerte op en moenie laat hulle gesigte skyn nie. Hy wat 'n dogter weggee, gee sorg weg, maar aan 'n wyse man 'n metgesel.*' (7:23-25). Vir Ben Sira is 'n dogter dus 'n bekommernis waarvan daar ontslae geraak word as sy 'n ander man se besitting word. Hy beklemtoon tog dat sy nie sommer aan enigiemand weggee moet word nie, maar aan 'n stamgenoot.

1.2.4. Uitsprake in die boek Spreuke

Oor die *verhouding tussen ouers en kinders*, handel die boek Spreuke in 'n aantal kort gesegdes. In Spreuke 10:1 staan daar: 'n Wyse seun maak sy vader en moeder bly; 'n dwase seun maak hulle hartseer.' in 17:21+25: 'Daar wag hartseer vir die vader van 'n dwaas; wie 'n ongemanierde seun het, het geen vreugde nie...' 'n Onverstandige seun is vir sy ouers 'n ergenis, hy is vir hulle bitter verdriet,' en in 19:26: 'n Seun wat sy pa mishandel en sy ma verstoot, is skaamteloos en veragtelik' (sien ook Spr 20:20; 23:24-25; 30:11+17). 'n Gedagte ooreenstemmig met die van *4QInstruction* asook Ben Sira kom voor in Spreuke 23:22: 'Wees gehoorsaam aan jou vader en moeder, jy is hulle kind; en moet hulle nie verag as hulle oud geword het nie.'

In Spreuke is daar nie 'n spesifieke verwysing na 'n vader se verpligting teenoor 'n dogter nie, maar daar is wel voorskrifte vir tugtiginge wat ooreenstem met dié van Ben Sira (sien o a Spr 19:18; 23:13-14 en 29:15).

1.2.5. Gevolgtrekking

Opsommend kan dus gesê word dat die onderskeie geskrifte die volgende uitsprake het:

4QInstruction wys daarop dat:

- Kinders hulle ouers moet eer
 - Ter wille van hulle eie eer;
 - Omdat hulle (ouers) hulle (kinders) onderrig in God se weë;
 - Selfs al is hulle (kinders) arm;
- Vaders verstandig moet optree as hulle vir hulle dogters mans kies.

- Vaders moet toesien dat hulle seuns met dogters van dieselfde volk en godsdiens moet trou;

Qumran-geskrifte wys daarop dat

- Kinders hulle ouers moet eer
Sodat hulle dae verleng mag word
- Vaders verstandig en eerlik moet wees wanneer hulle vir hulle dogters mans kies
- Vaders hulle dogters met stamgenote moet laat trou.

Ben Sira sê dat:

- Kinders hulle ouers moet eer
Ter wille van eie eer;
Om vir hulle 'n lang lewe te verseker;
- Ouers moet hulle seuns tugtig;
- Dogters is 'n bekommernis vir vaders en moet in bedwang gehou word;
- 'n Vader moet verstandig optree in die keuse van 'n lewensmaat vir sy dogter.

Die boek Spreuke noem dat:

- Kinders (seuns) hulle ouers moet verbly en nie hartseer maak nie;
- Kinders (seuns) nie hulle ouers mag mishandel of verstoot nie (hulle moet dus geëer word);
- Kinders mag nie hulle ouers verag nie – selfs nie as hulle (ouers) oud geword het nie;
- Ouers moet kinders tugtig;
- Ouers moet kinders opvoed en onderrig in God se weë.

Hierdie geskrifte stem met mekaar ooreen oor die feit dat kinders hulle ouers moet eer (sien o a Lev 19:3). Die Qumran-geskrifte sowel as Ben Sira stem ooreen oor die motivering vir so 'n optrede (wat ook ooreenstem met dié van Ex

20:12), naamlik, dat dit 'n lang lewe verseker. Behalwe dat dit 'n bepaling (voorskrif) is, is daar ook 'n beloning by betrokke. Spreuke se motivering is dat dit die optrede van 'n wyse persoon is. Gesien in die lig van die boek Spreuke se siening dat 'n wyse persoon 'n Godvresende is, wat hom/haar hou by sy bepalings (ook met betrekking tot ouerlike gesag), is die motivering verstaanbaar.

Al hierdie geskifte stem egter ooreen met Eksodus 21:15+17 (sien ook Lev 20:9 en Deut 27:16); waarin daar staan dat iemand wat sy/haar ouers vloek of aan hulle slaan, doodgemaak moet word. Nie een van die geskifte noem dat so 'n persoon doodgemaak moet word nie, maar dit is duidelik dat hulle dieselfde idee as vertrekpunt het. Die verering van ouers sluit ook die gedagte van gehoorsaamheid in soos weerspieël in Deuteronomium 21:18-21. Die geskifte is dus eenstemmig oor hoe die verhouding tussen ouers en kinders moet wees, hulle handhaaf sterk standpunte daarvoor. Dit wil voorkom asof die Torah – wat die Israelitiese ideologie omvat – die motivering (*bronteks*) agter die uitsprake is.

Aangaande 'n vader se verpligting teenoor 'n dogter handhaaf hierdie geskifte ook dieselfde standpunt. Die vader besit volkome mag oor sy dogter tot tyd en wyl hy haar oorgegee het aan 'n ander man; waarna sy sy verantwoordelikheid word (sien o a Num 30:3-5 en Ex 22:16-17). In die Torah word dieselfde gedagte as in die geskifte gevind oor 'n vader se verantwoordelikheid ten opsigte van sy dogter se man. Hy is die een wat haar aan 'n man van sy keuse gee, maar die keuse moet versoenbaar wees met God se bepalings (sien o a Lev 19:29 en Deut 7:3-4). Ook met betrekking tot 'n seun, maak die geskifte dit duidelik dat 'n seun met 'n dogter van dieselfde volk en oortuiging moet trou. Die rede hiervoor is om wegdwaling en vreemdsoortige gebruike te verhoed.

Hierdie bespreking maak dit weereens duidelik dat al die geskifte uit dieselfde teologiese opvatting (*bronteks*) ontspring het en dat die enkele aksentverskuiwings aan die “teks” van die tyd (*sosiale teks*) te wyte is.

1.3. Verhouding tussen 'n man en sy vrou

1.3.1. Verwysings in 4QInstruction

In *4QInstruction* word 'n verhouding tussen 'n man en 'n vrou gekenmerk deur wedersydse respek, maar daar bestaan ook 'n hiërargiese outoriteit. Die geïmpliseerde hoorder van die dokument is manlik. Die man mag nie oneervol optree (teen) die skip van sy boesem nie (4Q416 2 21), en alhoewel daar geen verwysing is na wat dit mag beteken nie, bestaan daar 'n moontlikheid dat dit 'n verwysing na die man se vrou is (sien 1Tes 4:4). In 4Q416 2iv 5+13 word ook gepraat van *'die vrou van jou boesem.'*

Die sleutelgedagte in die diskoers oor die huwelik in 4Q416 2iv beklemtoon dat: *'jy is as heerser aangestel oor haar'* (reël 2). Daar word gesê dat haar vader nie oor haar aangestel is nie, dat sy na haar man sal hunker, en nie na haar vader nie. Verder word daar ook gestel dat as enigiemand behalwe haar man oor haar wil heers, hy sy grense verplaas. Haar man is in beheer geplaas van haar gees en sy moet volgens sy wens wandel. Selfs die geldigheid van 'n vrou se geloftes hang af van die man se wil. Hy kan haar geloftes en vrywillige offers ongeldig maak net met die uitspreek van 'n woord. Nogtans het die dokument positiewe verwysings na 'n goeie vrou en word die huwelik as 'n goeie instelling beskou. In 4Q416 2iii 21 word daar na die vrou verwys as *'helpster van jou vlees,'* dit is dieselfde uitdrukking wat in Genesis 2:20-24 voorkom. Die man word daarop gewys dat hy respek vir sy vrou moet hê en haar met eerbied moet behandel.

1.3.2. Getuienis uit ander Qumran-tekste

Die idee dat die man sy vrou se geloftes ongeldig mag maak, word ook in CD-A xvi herhaal:

Aangaande 'n vrou se gelofte / eed: wat hy gesê het: Haar man mag haar gelofte ongeldig maak. Maar niemand sal 'n gelofte ongeldig maak as hy nie seker is of dit uitgevoer of ongeldig gemaak moet word nie. As dit (gelofte) die verbond sal skade doen, moet hy dit ongeldig maak en dit moet nie uitgevoer word nie. En hierdie wet / reël geld (dieselfde) ook vir haar vader.

Hier is 'n ekstra byvoeging wat bepaal dat 'n vrou se vader dieselfde outoriteit oor haar het. Dit weerspieël die bepaling wat in Numeri 30 voorkom. Hierdie gedeelte van die Torah wys op die vrou se gelofte, asook haar man of vader se mag om dit ongeldig te maak. Die vrou se vryheid strek met ander woorde net sover as wat die man (vader of eggenoot), in wie se beheer sy is, dit toelaat.

1.3.3. Ben Sira se siening

Ben Sira se siening oor vroue in die algemeen, asook oor vroulike huwelikmaats, kan vandag as baie kras gesien word (Harrington 1994:148). In 42:14 sê hy byvoorbeeld dat die boosheid van 'n man beter is as die goedheid van 'n vrou. Hy handhaaf net soos die res van die skrywers die idee dat die man as heerser oor die vrou aangestel is: *·Moenie toegang gee aan 'n vrou oor jou siel nie sodat sy (nie) op jou hoogtes trap nie (9:2)*. Ten spyte van sy krasheid teenoor 'n vrou, is hy nie gekant teen die huwelik nie. Hy gaan selfs sover om te sê dat die man van 'n goeie vrou geseënd is (26:1). Collins (1998:70) wys daarop dat Ben Sira die vrou as 'n bate sien, vir sover sy tot haar man se eer strek. In 25:19 sê Ben Sira dat 'n slegte vrou die lot van 'n sondaar is. Dit blyk dus uit laasgenoemde twee gedeeltes asof Ben Sira die standpunt handhaaf dat soos wat die sondaar 'n slegte vrou verdien, verdien die Godvresende 'n goeie vrou.

1.3.4. Uitsprake in die boek Spreuke

In die boek Spreuke is daar telkens verwysings na die invloed wat 'n slegte of listige vrou op 'n man kan hê (sien o a 2:16-19; 5:3-6). Deurgaans word 'n knap vrou in kontras gestel met 'n ondeugsame vrou. Die verskil tussen die twee tipe vrouens word hoofsaaklik gekenmerk deur gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God. Die knap vrou is die een wat haar hou by God se bepalings en daarvolgens lewe, terwyl die slegte vrou wegdwaal van God se weë. Die man word aangeraai om hom te weerhou van die slegte vrou en om hom liewers te verheug oor sy eie vrou (Spr 5:6-20). Hierdie boek beklemtoon ook die positiewe invloed wat 'n goeie vrou op haar man kan hê, en dat dit hom meer aansien kan verskaf (sien o a Spr 11:16a+22; 12:4; 14:1; 18:22; 19:14; 31:2-3+10-31). Hieruit is dit dus duidelik dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen 'n goeie en 'n slegte vrou; dat 'n huwelik met die een aanbeveel word terwyl 'n verhouding met die ander een ten sterkste afgekeur word.

1.3.5. Gevolgtrekking

Hierdie bespreking het duidelik getoon dat die man as heerser aangestel is oor sy vrou, 'n gedagte wat deel was van die sosiale patroon van daardie tyd. 'n Patriargale stelsel was die enigste wat gebruik is deur die Israëliete (sien bespreking in hoofstuk 2 hierbo). Hierdie siening kon lei tot die negatiewe persepsie van 'n vrou (of wat vandag as negatief beskou word) wat deurskemer in bogenoemde geskrifte. Volgens die Torah was dit slegs 'n ordereël, waarvolgens die volk moes leef. 'n Vrou was deel van die man se besittings, maar hy mag haar nie uitgebuit het nie, daar was ook reëls wat haar beskerm het teen so 'n moontlikheid (sien o a Num 5:11-31).

Ook hier blyk die Torah die bron vir die idees in die onderskeie dokumente te wees. In die Torah sowel as in die bespreekte geskrifte is dit duidelik dat daar slegs oor 'n slegte vrou 'n negatiewe persepsie is. 'n Goeie vrou kan net 'n

aanwins vir 'n man wees. Ten spyte van Ben Sira se krasse uitsprake, handhaaf ook hy hierdie standpunt. So wyk die gedeeltes nie af van dit wat die Torah voorskryf nie.

1.4. Verhouding met vriende of ander mense

Hierdie verhouding behels die verhouding tussen die gelowige mens en vriende of ander mense. Die *vriende* kan familielede of mense met dieselfde godsdienstige oortuigings wees. Die *ander mense* sluit almal in wat buite die vriendekring val. Met ander woorde die wat nie familie, vriende of Godvresendes is nie. In hierdie afdeling gaan ek kyk hoe die mens se verhouding met bogenoemde persone moet wees.

1.4.1. Verwysings in *4QInstruction*

In *4QInstruction* word 'n verhouding met ander mense in onder andere 4Q416 2ii 7-9 beskryf. Daar staan dat as iemand nie na jou terugkeer uit vrye wil nie, moet jy hom opsoek en in sy taal met hom praat, dan sal jy vind wat jy soek. Uit die res van die gedeelte is dit nie baie duidelik wat presies met hierdie stelling bedoel word nie, maar dit lyk asof die gedeelte wil sê dat 'n mens ander mense ook in ag moet neem en tegemoet moet kom. In 4Q417 1i 1-2 word die mens ook aangeraai om ander in ag te neem en 'n gesindheid van vergewing te handhaaf: *'te alle tye sodat hy nie moeg / versadig word vir jou nie. En praat volgens sy gees met hom sodat nie...Sonder die regte / gepaste vermaning vergewe hom. En hy wat gebonde is...* 4Q417 1i 7-8 maak dit duidelik dat 'n Godvresende nie met onregverdigde mense moet meng nie: *'En 'n man van onreg moet jy nie oorweeg (as) 'n helper nie. En ook nie een wat 'n afkeer het aan ... Die*

boosheid van sy dade sal jy herken met sy besoek. Daarin sal jy met hom wandel...'

Aangaande 'n mens se houding teenoor ander mense tydens 'n regspraak staan daar in 4Q417 1i 13 dat 'n mens regverdig moet optree. Uit hierdie gedeeltes wil dit lyk asof die bepalinge aangaande verhoudings met ander mense soos volg daar uitsien: 'n Mens moet regverdig optree teenoor alle mense, maar met die goddelose of mense wat uitgesluit is van die gemeenskap, moet hulle nie omgaan nie. Hulle mag net met mede-burgers en –gelowiges meng.

1.4.2. Getuienis uit ander Qumran-tekste

In die ander Qumran-geskrifte word hierdie siening effens krasser gestel as in *4QInstruction*. In 1QS 1 9-10 staan daar dat die seuns van die lig liefgehe moet word, volgens God se raadsplan; maar dat die seuns van die duisternis gehaat moet word, elkeen in ooreenstemming met sy skuld. Hierdie geskrifte waarsku ook teen vriendskappe met die verkeerde mense. 4Q424 1 4b-10 sê:

Van 'n skynheilige moet jy geen voorskrifte neem en met 'n swendelaar moet jy nie na die smeltoond gaan nie, want hy sal wegsmeelt soos lood en sal nie standvastig wees voor die vuur nie. In die hand van 'n luiaard moet jy niks gewigtigs toevertrou nie want hy sal nie jou werk met omsigtigheid behandel nie ... want hy sal nie jou paaie gelyk maak nie ... 'n Man met verdraaide lippe moet jy nie vertrou nie, want hy sal verseker jou uitspraak verdraai met sy lippe. Sy begeerte is nie agter die waarheid aan met sy lippe nie. Moenie 'n gierige man in beheer van geld plaas nie...

Die Qumran-geskrifte maak dus 'n duidelike onderskeid tussen die mense waarmee iemand moet vriende wees en die waarvan jy jou moet distansieer;

tussen mense wat 'n mens kan vertrou en nie kan vertrou nie. Hierdie standpunt maak sin in die lig van die gemeenskap se onttrekking van die sekulêre wêreld en hulle afgesonderde bestaan.

1.4.3. Ben Sira se siening

Ben Sira beveel 'n positiewe verhouding tussen vriende en broers aan: *'Moenie geweld beplan teenoor 'n broer nie en netso ook (nie) teenoor jou vriend en naaste tesame nie'* (7:12). Hy handhaaf dieselfde idee as die Qumran-geskrifte oor wie 'n mens as vriend moet kies: *'Met die verstandige moet jy gedagtes uitruil en laat jou gesprekke (met) hulle insig wees. Laat regverdige mense jou tefelgenote wees en laat die vrees vir God jou sierraad wees'* (9:15-16).

In 12:1-3 staan daar: *'As jy goed doen, weet aan wie jy goed doen en daar sal 'n goeie verwagting vir jou wees. Doen goed aan die regverdige en jy sal vergoeding vind, indien nie van hom nie, dan van die Here. Daar is geen goed vir hom wat aan die goddelose rus gee nie en hy doen daardeur ook niks regverdigs nie.'* Die ander gedeelte waarin Ben Sira sê met wie die mense moet meng is 37:12: *'Inderdaad (eerder) met 'n man wat gedurig vanuit vrees vroom is, wat jy weet 'n bewaarder van sy (God se) verordeninge is. Wie se hart soos jou hart is en wat as jy val vir jou sal omgee.'*

Ben Sira handhaaf die idee dat 'n mens eerder met 'n wyse en 'n צדיק (regverdige) moet omgaan en dat jy billik moet optree teenoor jou vriend, broer of naaste. Ben Sira maak 'n duidelike onderskeid tussen die צדיק en die רשע. Volgens hom sentreer alle heil rondom regverdigheid.

1.4.4. Uitsprake in die boek Spreuke

In die boek Spreuke word daar gesê:

Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie. Moenie vir iemand sê: "Gaan eers terug en kom môre weer, dan help ek jou," as jy nou reeds kan help nie. Moenie kwaad teen iemand beplan terwyl hy vol vertrou by jou woon nie. Moenie 'n man sommer aankla as hy jou nie kwaad aangedoen het nie.

(3:27-32)

Hierdie boek wys ook daarop dat iemand wat 'n ander voorspoed gun ook oorvloed sal beleef (11:25) en dat iemand wat met wyses omgaan, wysheid verkry, maar dat die wat hulle met dwase ophou self sleg word (13:20 sien ook 14:21 en 22:22). 'n Opvallende teenstelling met die ander geskrifte is die spreuk in Spreuke 25:21, waarvolgens 'n mens aan iemand wat hom/haar haat kos en water moet gee as hy 'n behoefte het daarna.

Ander gedeeltes in dié boek wys op die goeie hoedanighede van 'n vriend en stel ook 'n vriend en vyand in teenstelling met mekaar: 'Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken; jou broer is daar met die oog op jou nood' (17:17); 'Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer' (18:24) en 'Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene' (27:6 sien ook 24:26; 27:10+17).

1.4.5. Gevolgtrekking

Opsommend kan gesê word dat al hierdie geskrifte aanbeveel dat 'n mens moet goed doen aan dié persone wie dit toekom. Dit word omvat in die laaste gedeelte van die tien gebooië, wat handel oor die mens se optrede teenoor 'n ander (Eks 20:13-17 sien ook Eks 22:21-25 en Lev 19:13-18). Ben Sira beperk dit natuurlik tot die צַדִּיק (regverdige), deurdat hy daarop wys dat daar niks goed daarin is om aan 'n onregverdige goed te doen nie. In die lig van sy milieu, waar hy gebombardeer is met die Griekse gebruike en godsdienste, maak hierdie siening van hom sin. As die Jode nie kieskeurig was nie, kon hulle maklik verval onder die gebruike van die tyd.

Alhoewel die boek Spreuke sê dat 'n mens ook moet goed doen aan jou haters, word dit ook baie eksplisiet gestel dat die wyse nie met die onregverdige of dwase moet vriende wees nie. Oor hierdie punt is al die geskrifte dit eens, naamlik dat slegs 'n lid van die gemeenskap of broer as 'n vriend beskou mag word. Met geen van die heidene mag daar vriendskapsbande gesmee word nie. Dieselfde gedagte kom onder andere voor in Eksodus 23:32, waar daar gewaarsku word teen die invloed wat die heidennasie(s) op die volk kan hê. In Levitikus 19:18 word daar gesê dat 'n mens nie 'n grief teen sy volksgenoot mag koester nie en dat hy sy naaste moet liefhê. Hieruit is dit duidelik dat ook die Torah liefde en omgee beperk tot volksgenote, maar daar is ook vasgestelde bepalings oor hoe daar teenoor 'n vreemdeling en asielsoekers opgetree moet word (sien o a Lev 19:34, Deut 10:19 en Num 35:5-8). Hierdie voorskrif van die Torah om barmhartigheid te bewys aan vreemdes, word (behalwe in Ben Sira) in al die ander geskrifte onderskryf.

Dit wil voorkom asof vriendskap beperk moes word tot eie mense, terwyl daar wel aan vreemdes en haters barmhartigheid bewys kon word. Al hierdie geskrifte is in ooreenstemming met hierdie basiese voorskrifte vir die volk,



behalwe Ben Sira – waar die verskil begryp kan word in die lig van sy omstandighede.

1.5. Verhouding tussen arm en ryk of mindere en meerdere

In hierdie gedeelte word daar spesifiek gekyk na die voorgeskrewe verhouding tussen arm en ryk of mindere en meerdere. Met ander woorde die verhouding tussen werkgewer en werknemer, tussen vermoënde en iemand wat gebrek ly, word bespreek. Dit behels dus die voorgeskrewe optrede van verskillende klasse teenoor mekaar.

1.5.1. Verwysings in 4QInstruction

In 4Q416 2ii 10-18 word die tema van onderskeie klasse aangeraak. Dit is nie duidelik of hierdie teks 'n dienskneg, 'n slaaf of net 'n arm persoon aanspreek nie; wat wel duidelik is, is dat die persoon arm is en van ryker mense afhanklik is. In reël 15 is daar wel sprake van 'n dienskneg. Hierdie gedeelte gee aan die afhanklike persoon raad oor hoe hy moet optree teenoor sy werkgewer. As hy hom van goeie raad voorsien sal sy werkgewer hom soos sy eie seun behandel, maar dit beteken nie dat hy die persoon moet vertrou of homself moet verneder nie. Hy mag ook nie homself verkoop nie; sonder vergoeding moet hy sy heersers dien, sodat hy 'n dienaar in die gees kan wees.

Hierdie gedeelte spreek die arm persoon aan, met ander woorde die hoorders was die mindere. Dit is duidelik dat gehoorsaamheid en getrouheid van so 'n persoon verlang is, maar nie selfvernedering nie. Die enigste gedeelte waar daar sprake is van hoe 'n persoon wat jou mindere is, behandel moet word, is in

4Q416 2ii 16b: 'En (een) wat nie jou vermoë het nie, moet jy nie tref (slaan) nie, sodat jy nie struikel en jou skandes baie meer word nie.' Hier word met ander woorde regverdige optrede teenoor 'n swakker persoon (nie noodwendig fisiek nie – kan ook 'n verwysing wees na iemand met minder mag) aanbeveel.

1.5.2. Getuienis uit ander Qumran-tekste

In 4Q158 7-13 word die Ou-Testamentiese voorskrifte (Eks 21:1-10) met betrekking tot die behandeling van 'n slaaf onderskryf. In dié gedeelte word daar riglyne gegee aan die eienaar van die slaaf. Hierdie riglyne dui op regverdige optrede teenoor 'n slaaf. Dit gee voorskrifte van hoe lank 'n slaaf in diens geneem mag word, asook hoe en in watter omstandighede hy sy vryheid mag ontvang.

1.5.3. Ben Sira se siening

Ben Sira se opinie oor die behandeling van slawe blyk uiteenlopend te wees, maar in die lig van sy siening oor רשע en צדיק is dit wel verstaanbaar. Alles setel vir hom (Ben Sira) om regverdigheid en goddeloosheid. Eersgenoemde geniet al die voorregte, terwyl die goddelose geen reg besit nie. In 33:25-30 skryf hy harde optrede voor. Hy vergelyk 'n slaaf met 'n pak-donkie en wys daarop dat 'n slaaf wat ledig is, op kwaad uit is. Ben Sira bly egter nie by hierdie uitspraak nie, in 7:21 sê hy dat 'n mens 'n verstandige slaaf moet liefhê soos jouself en dat jy nie sy vryheid van hom moet terughou nie. Verderaan (in 33:31) wys hy op die kosbaarheid van een slaaf. Hy sê dat as jy een slaaf het, moet jy hom soos jou eie broer behandel. Hieruit wil dit voorkom asof Ben Sira regverdige optrede teenoor 'n regverdige slaaf voorskryf – wat nie tugtiging

uitsluit nie. Regverdigheid bly dus vir Ben Sira die norm waaraan alle mense gemeet word.

Oor 'n verhouding tussen twee mense van verskillende stande sê hy soos volg: *'Waarom sal jy 'n gewig optel wat te swaar is vir jou en waarom sal jy met iemand wat ryker as jy is vriende maak? Hoe kan die pot en pan vriende maak, wat, as hy met hom bots, sal breek? Hoe kan 'n ryke en 'n hulpelose bevriend raak?'* (13:2). Vir hom is mense uit twee "klasse" dus onversoenbaar.

1.5.4. Uitsprake in die boek Spreuke

Die boek Spreuke lewer 'n verskeidenheid van uitsprake oor dié tema. Oor die verhouding tussen arm en ryk staan daar in Spreuke 14:20: *' 'n Arm mens word selfs deur sy buurman verstoot; 'n ryk man het baie vriende (vgl 22:7),'* in vers 31: *'Wie 'n arm mens verdruk, beledig sy Maker; wie hom oor 'n arm mens ontferm, eer God,'* asook 19:17: *'Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed'* (sien ook 17:5; 18:23 en 22:16+22).

Spreuke 29:19 stem ooreen met Ben Sira se opvatting oor slawe (in 3:25-30) wanneer daar geskryf word dat: *'Met woorde alleen laat 'n slaaf hom nie waarsku nie; hy verstaan wat jy sê, maar hy reageer nie.'* Oor regeerders en onderdane staan daar in Spreuke 14:28: *''n Koning met baie onderdane is hoog in aanstien; een met min onderdane gaan te gronde,'* in 17:2: *' 'n Verstandige slaaf sal gesag kry oor 'n seun wat 'n verleentheid is*

en sal erfgenaam word saam met dié se broers, en in 20:26+28: ‘*’n Wyse koning sif die skuldiges uit en straf hulle genadeloos ... Liefde en trou maak ’n koning veilig; deur liefde staan sy troon sterk.*’ Die boek waarsku ook die onderdaan dat hy homself nie voor die koning as vernaam moet aanstel nie, want hy kan dalk net verneder word (Spr 25:6-7).

1.5.5. Gevolgtrekking

Die bespreekte geskifte verskil in dié opsig dat hulle verskillende gehore het. Waar *4QInstruction* arm mense aanspreek, skryf Ben Sira vir werkgewers en rykes. Die boek Spreuke spreek beide partye aan. Hierdeur word die stelling wat in hoofstuk 3 gemaak is, oor die verskillende gehore, net weer bevestig. Omdat die skrywer(s) van *4QInstruction* met die *hassidim* praat – wat standpunt inneem teen die Hellenistiese beskawing, moet hy hulle eie probleme aanspreek; en net so met Ben Sira wat die vermoënde jeug van Jerusalem onderrig. Die boek Spreuke is ’n versameling van Spreuke wat oor ’n lang tydperk vir die hele Israelitiese volk neergelê is. Daarom is daar Spreuke wat vir elke vlak van die samelewing iets te sê het.

Oor die optrede binne die verhouding (hetsy tussen mindere en meerdere of mense van gelyke stand), is die geskifte dit eens. Dit behoort ’n verhouding van צדקה (regverdigheid) en wedersydse respek te wees. Dit weerspieël die gedagte van Eks 21:20-21 waarvolgens ’n slaaf ’n eienaar se besit is, maar die eienaar mag hom nie doodslaan nie (vgl Eks 21:26-27). Die gedagtes van reg en geregtigheid wat in 4Q416, Ben Sira sowel as in Spreuke voorkom, kon moontlik hulle gemeenskaplikheid aan dieselfde bron van invloed te danke hê. Die ooreenstemmende temas is ook dié wat in die Israelitiese godsdiens en

samelewing gevind word (sien bv Eks 23:3+6; Lev 19:20-22; 25:39-55, Deut 15:7-11+12-18.)

In hierdie hoofstuk – waar die tema *verhoudings* ondersoek is – het dit aan die lig gekom dat die verskillende tekste in 'n groot mate ooreenstem. Daar is egter ook verskille wat slegs sin maak wanneer dit saam met die *sosiale teks* bestudeer word. Dit is duidelik dat die sosiale omstandighede van die skrywers sowel as die van die hoorders die *bronteks* verander en beïnvloed het.

'n Ander interessante verskynsel is die invloed wat die *bronteks* op die “nuwe” teks het. Ten spyte van veranderde sosiale omstandighede – wat graag die *bronteks* ongeldig sou wou maak – bly die basiese beginsels dieselfde. Die grondteorieë en teologie van die volk Israel – wat bepaal dat die mens God en sy naaste moet liefhê – is in al die tekste duidelik sigbaar, deur al die veranderde tye en gebeure. Dit is dus duidelik dat verhoudinge nie net eties-moreel bepaal word nie, maar dat dit ook teologies begrond is. Die bepalings oor verhoudinge is meer as net 'n aantal voorskrifte, dit behels ook God se besigwees met die mens en die invloed wat hierdie vertikale verhouding daarop het. God se optrede teenoor mense bepaal dus ook die wese van verhoudinge.

Hoofstuk 5

1. Lewenswandel

Die tema *lewenswandel* handel oor die gelowige se optrede: Hoe die mens volgens God se voorskrifte behoort te lewe en wat van die mens verwag word. Hierdie optrede het 'n praktiese sowel as 'n teoretiese basis. Die teoretiese (skriftelike Torah) moet bestudeer word om riglyne te bied vir die praktiese uitvoer daarvan. Die bestudering van hierdie geskrifte is opsigself 'n voorskrif vir die mens. Lewenswandel behels die mens se manier van wandel voor God, om volgens sy voorskrifte te leef.

Om opreg voor God te wandel (להתהלך לפניו תמים), handel oor die mens se optrede, sy/haar bewus wees van sy/haar eie sonde asook die mens se siening van hom-/haarself. Hierdie siening bepaal die mens se siening van God asook sy/haar optrede teenoor God.

'n Bepaalde *lewenswandel* lei tot 'n bepaalde gevolg. Soos in die meeste wysheidsliteratuur (sien o a Job, Prediker) figureer die tema van **kousaliteit** ook met betrekking tot lewenswandel (sien Loader 1987:44-46). Die mens se lewenswandel het bepaalde gevolge. Die motivering vir die mens se optrede is parallel met sy/haar verwagting oor die gevolg van 'n bepaalde lewenswandel. Sekere tye (omstandighede) het by die mens 'n eindtyd-verwagting (eskatologiese verwagting) geskep (sien o a Hengel 1980:123-125 i v m die verandering in die teologiese denke tydens die Helleniseringsproses). Hierdie verwagting handel oor die mens se uitsien na 'n oordeelsdag, waarop God die regverdige gaan verhef en die onregverdige gaan verneder. Die verwagting kan ook kosmologiese gevolge hê. 'n Verwagting dat daar met God se oordeel 'n nuwe aarde (kosmos) gaan kom, waarin alle onreg ontbreek. Hierdie siening word gewoonlik aangetref by gemeenskappe wat op die periferie van die samelewing lewe, wat verdruk word, swaarkry en nie deel in die rykdom van die

samelewing nie. So 'n samelewing soek uitkoms buite die geskiedenis, in die eskatologie. Ander tye en omstandighede het weer 'n hier-en-nou verwagting by die mens geskep. Hierdie verwagting figureer weer sterker by persone wat deel is van die samelewing; wat in die sentra beweeg en deur almal aanvaar en gerespekteer word. Volgens dié mense kom God hier op aarde die regverdige te hulp met 'n lang en welvarende lewe; terwyl Hy die onregverdige straf met 'n moeilike en kort lewe.

Wanneer die voorskrifte oor *lewenswandel* in die onderskeie geskrifte bestudeer word, blyk dit dat daar veral vier sub-temas is waaronder bogenoemde tema bespreek kan word, naamlik: (1) *Bestudering van die “misterie wat sal kom”*; (2) *Opregte wandel volgens God se voorskrifte*; (3) *Die mens se siening van hom-/haarself* en (4) *Die gevolg van die mens se lewenswandel*.

1.1. Bestudering van die “misterie wat sal kom”

1.1.1. Verwysings in *4QInstruction*

In *4QInstruction* word die geadresseerde herhaaldelik daarop gewys om te let op die *רַן נְהִיָה* (misterie wat sal kom). Die presiese betekenis van die misterie is onduidelik, maar die baie verwysings na hierdie term skep tog die idee dat die spreker sowel as die leerling geweet het waarna dit verwys. Aangesien dit in sekere gedeeltes lyk asof die term verwys na God se eskatologiese plan¹ wil dit tog voorkom asof dit binne 'n eskatologiese sowel as kosmologiese raamwerk² (wat totaal in teenstelling is met Ben Sira se hierdie-wêreld perspektief) verstaan moet word.

¹ God se plan van redding vir die gelowiges.

² Die verstaanshorison van 'n “nuwe aarde.”

In ander gedeeltes word daar na die רון נהיה verwys as 'n objek van bestudering. Dit word deur ouers aan hulle kinders geleer (4Q416 2iii 18); mense behoort dit te bestudeer ten spyte van hulle armoede (4Q416 2iii 14). Mense moet ook dag en nag daarvoor mediteer (4Q417 2i6). Slegs 'n paar gedeeltes gee 'n aanduiding van die inhoud van hierdie misterie. Een so 'n gedeelte is 4Q417 1i 10-12 wat sê: *'Let op na die misterie wat sal kom. En ken die kinders van verlossing. En weet wie eer sal erf en (wie) onreg.'* Die gedeelte belooft ook ewige vreugde in die plek van hulle verdriet. Hieruit kan 'n mens aanneem dat hierdie misterie eskatologiese verlossing en oordeel behels. Die רון נהיה is met ander woorde nie net 'n eskatologiese gedagte nie maar ook iets wat bestudeer kan word. Dit kan 'n boek wees, of 'n samevatting van die basiese leerstellings (soos in 1QS iii-iv). Dit kan ook net die leer aangaande die skepping, die uitverkiesing en die komende oordeel wees. Die feit dat hierdie term 'n hele aantal kere herhaal word, dui tog op die belangrikheid daarvan.

Dit wil voorkom asof die רון נהיה 'n riglyn vir God se kinders is wat hulle die onderskeid tussen reg en verkeerd leer, 'n tipe wet wat hulle die regte pad aanwys: *'Bestudeer die misterie wat sal kom en verstaan al die paaie van die waarheid en bekijk al die wortels van onreg. En dan sal jy weet wat is bitter vir 'n man en wat is soet vir 'n mens'* (4Q416 2iii 14-15). Dieselfde persepsie van hierdie misterie kom voor in 4Q417 2i 1-9 (sien ook reëls 13, 18, 21, 22 en 25) asook die siening dat dit deur God vasgestel is:

En jy, O verstandige ... Kyk na sy wonderbaarlike misteries want Hy is 'n ontsaglike God. Verkry kennis oor die begin van ... En let op na die misterie wat sal kom en die werke van ouds en waarom iets is en wat is. Met wat is ... almal ... dan sal jy sien waarom is dit

en waarom sal dit in hulle wees en in alle tye nog wees. Let op daad en daad ... en oordink die misterie wat sal kom dag en nag. En bestudeer dit aanhoudend en dan sal jy uitken trou en ontrou, wysheid en dwaasheid. [Jy sal verstaan] die werke van die mens in al hulle weë, asook hulle besoeke in die ewige tye en die besoek van ewigheid. Dan sal jy die onderskeid ken tussen goed en sleg volgens hulle dade, want die Alwetende God is die fondament van die waarheid en met die misterie wat is, het Hy uitgebrei haar fondasie. Haar dade saam met haar besoek en met al die wysheid...het Hy haar gevorm...

1.1.2. Getuienis uit ander Qumran-tekste

In van die ander Qumran-geskrifte is daar ook sprake van die "misterie wat sal kom". In 1Q27 1-4 word daar gepraat oor die mense wat nie deel is van die gemeenskap nie. 'Hulle ken nie die "misterie wat sal kom" nie,' en 'hulle sal ook nie hulle lewens red van die "misterie wat sal kom nie.' In 1QS 4 18 is daar sprake van 'die misterie van God se kennis.' Uit die gedeelte in 1QS 11 (3-5b) blyk dit dat die *דבר נבואה* 'n Goddelike openbaring is wat deur 'n visioen bekend gemaak is: 'Want uit die bron van kennis het Hy sy lig laat oopgaan en my oë het sy wonders aanskou en die lig van my hart die misterie wat sal kom.' In vers vyf word gesê dat 'die lig in my hart is uit sy wonderlike misterie.' 1Q 28a i 7 staan daar: 'Van sy jeug af sal hulle hom onderrig in die boek van meditering (resitering) en volgens sy onderdom sal hy leer aangaande die voorskrifte

van die verbond. Hierdie geskrifte vertel ook dat God die mens se oor geopen het vir die misterie (1QH 9 21 en 1QH 15 26). Die feit dat die term (הוֹ נִדְוּהָ) ook in die ander Qumran-geskrifte gebruik word, is 'n bewys dat dit 'n bekende begrip binne die gemeenskap was.

Behalwe vir 1Q 27 1, waar daar genoem word dat die ander nie die misterie ken nie, is daar geen duidelike aanwysing dat hierdie misterie 'n objek vir studie is nie. Hierdie geskrifte beveel dat die boek van meditering of resitering, God se verbond en die wet (sien 4Q525 3 ii 3b-6), bestudeer moet word. Daar word wel gesê dat kennis belangrik is: *"n Verstandige man neem insig aan, 'n man van kennis bring wysheid voort'* (4Q424 3 7b). Hierdie geskrifte lê dus klem op die noodigheid van onderwysing.

1.1.3. Ben Sira se siening

In Ben Sira is daar ook geen sprake van so 'n misterie nie. Hy het geen eskatologiese perspektief nie. Alles gaan oor die hier en die nou – hoe die mens nou hier op aarde leef, is bepalend vir die lewe wat hy hier op aarde gaan lei (bv 12:1-2). 'n Mens moet God se gebooe bestudeer en gehoorsaam: *'Bedink die wette wat aan jou gegee is ... meer as genoeg is aan jou gewys'* (3:22a+23b). In hierdie gedeelte is daar dus ook sprake van Godgegewe bepalings. In 6:37 word daar ook gesê: *'Konsentreer op die vrees vir die Allerhoogste en op sy bevel en oordink dit voortdurend en Hy sal jou insig gee vir jou hart (verstand) en aan jou die wysheid wat jy begeer,'* en in 15:15 staan daar dat God se verordeninge bewaar moet word.

Ben Sira ken dus glad nie die begrip – רַוּ נְהִיָּה, nie. Volgens hom is die objek van bestudering die Godgegewe wette en verordeninge. Dit moet uit vrees (agting) vir die Here bestudeer word. Wanneer hierdie bepalings nagekom word, sal die mens die nodige insig en wysheid ontvang. Die feit dat hy in 'n tyd van moeilike politieke omstandighede hoop moes bring, kan die rede wees vir sy “hier-en-nou” verwagting. Hy het gehoop op 'n verandering van die omstandighede van sy tyd. Sy hier-en-nou verwagting kan ook toegeskryf word aan sy ligging. Hy leef in Jerusalem tussen die goeie mense. Behalwe vir die morele verval, gaan dit goed. Daar bestaan nie 'n dringendheid om gered te word nie. Daarom bestaan die idee by hom dat die צְדִיק God se sêen hier op aarde ontvang.

1.1.4. Uitsprake in die boek Spreuke

Net soos Ben Sira is die skrywer(s) van die boek Spreuke nie bewus van die רַוּ נְהִיָּה nie. Al die voorskrifte wat in dié boek voorkom, is ook net op die hier en die nou van toepassing. Die meeste van die onderwysing begin met 'n vermaning dat die leerling die woorde van sy onderwyser moet bestudeer en onthou (sien o a Spr 2:1-5; 3:1-2; 4:1-2+10-13; 5:1-2; 6:23; 7:1-3 en 23:23). Dit kan 'n lang lewe verseker en insig en wysheid vermeerder. Alhoewel die objek van bestudering in die meeste gevalle die onderwyser se woorde is, is daar ook sprake van wetsonderhouding. In Spreuke 19:16 staan daar: *'Wie prys stel op die gebod van die Here, stel prys op sy lewe,'* en in Spreuke 28 verse 4; 7a en 9: *'Wie die wet van die Here verontagsaam, praat met lof van goddelose mense; wie die wet onderhou, beveg hulle ... 'n Verstandige seun hou hom aan die wet van die Here ... As iemand hom doof hou vir die wet van die Here, sal die Here 'n afsku hê van so 'n man se gebed.'*

Wanneer Spreuke 15:14 saam met Spreuke 1:7 gelees word, is dit duidelik dat die soeke na kennis – wat die dien van die Here behels – hoog op prys gestel word. Die dien van die Here behels dan om na sy bepalings te luister (dit te bestudeer) en dit te gehoorsaam. Hierdie bepalings word deur wysgere en ouers aan kinders geleer. In Spreuke 2:6 staan daar: *‘Dit is die Here wat wysheid gee, uit sy mond kom die kennis en die insig.’* Hierdie boek wys met ander woorde ook daarop dat God se bepalings en wette deur Hom gegee en vasgestel is.

1.1.5. Gevolgtrekking

Die *bestudering van die* *לדעת נהיה* is in hierdie gedeelte behandel as ‘n aspek van *lewenswandel*. Die term word slegs in *4QInstruction* eksplisiet gestel as ‘n objek van bestudering. Al die ander geskrifte verwys na God se wet en verordeninge as studiemateriaal. Dit wil dus voorkom asof hierdie term (materiaal) eie aan die Qumran-gemeenskap was. (Dit versterk die gedagte dat *4QInstruction* in die midde van ‘n anti-Hellenistiese beweging – wat die totstandkoming van die Qumran-gemeenskap vooraf gegaan het – ontstaan het.) Die gemeenskap was ook die enigste van genoemde milieu’s wat ‘n eskatologiese verwagting gehad het. Dit kan verklaar word op grond van hulle omstandighede. Hulle word verdruk en hoop op ‘n eskatologiese redding. Sowel Spreuke as Ben Sira het ‘n optimistiese inslag. Hulle het ‘n hier-en-nou verwagting, wat behels dat sukses en voorspoed verseker is vir dié wat sekere voorskrifte nakom.

Die feit dat *4QInstruction* en die Qumran-gemeenskap in vele opsigte ooreenstem met die teologiese sowel as ideologiese gedagtes van die ander

genoemde geskrifte, kan dalk beteken dat hulle idees dieselfde oorsprong het. Die *לך לך* is 'n term wat deur die gemeenskap gebruik is vir bepaalde voorskrifte of tekste. Hierdie tekste kon heel moontlik aan beide Ben Sira en die Spreuke-skrywer(s) bekend gewees het. Hulle het net nie dié term daarvoor gebruik nie. In beginsel stem al bogenoemde geskrifte ooreen met die basiese idee dat dit Godgegewe woorde, bepalings of verordeninge is, wat bestudeer en nagevolg moet word.

Die Qumran-gemeenskap se eskatologiese verwagting reflekteer die eksklusiwiteit van die groep. Hulle het die korrupte Jerusalem verdoem omdat hulle vervolg word en geglo dat hulle die enigste persone is wat die waarheid ken en daarvolgens handel. Hulle verdrukking het veroorsaak dat hulle soek na uitkoms buite die geskiedenis in die eskatologie. Hulle het gehoop op redding van God en dit was die oorsprong vir hulle eindtyd-siening.

In beginsel het al die geskrifte getrou gebly aan die Torah (*bronteks*): *'Israeliete luister na die voorskrifte en bepalings wat ek vandag hier in julle teenwoordigheid aankondig. Julle moet dit leer, dit gehoorsaam en daarvolgens lewe* (Deut 5:1; sien ook Ex 19:5; 23:22; 24:3; 34:11+27; Lev 19:19; 26:3-46 en Deut 4:1-2). In Deuteronomium 6:6-9 word dit uitgespel dat die mens God se voorskrifte moes bestudeer en ook ander daarin moes onderrig. Ten spyte van die onderskeie geskrifte se ooreenkomste met die Torah toon hulle nog verskille. Hierdie verskille kan toegeskryf word aan hulle verskillende *sosiale tekste*. Hulle het verskillende spreektaal (terminologie) en lewensomstandighede gehad wat gelei het tot verskillende terme en lewensverwagtinge. Vanweë Qumran se lewensomstandighede soek hulle uitkoms bo die nakom van voorskrifte

1.2. Opregte wandel volgens God se voorskrifte (להתהלך לפניו תמים)

In die voorafgaande hoofstukke is daar reeds gesien wat God se bepalings met betrekking tot omgang met materiële goedere, verhoudings met ander mense en 'n verhouding met God is. In hierdie afdeling sal daar gekyk word na verdere voorskrifte oor hoe 'n gelowige behoort te lewe en op te tree.

1.2.1. Verwysings in *4QInstruction* na: להתהלך לפניו תמים

Volgens 4Q416 2iii 10c-15 moet 'n mens God prys en verheerlik oor sy genade. Die mens moet ook gedurig sy aanvaarding soek, met ander woorde, leef volgens sy wil. Armoede is nie 'n verskoning om nie na kennis te soek nie. Die mens moet tugtiginge verdra en met kennis asook met die veelheid van verstaan moet hy/sy, sy/haar hart reinig

In 4Q417 1i 1-6 word daar gepraat oor die regte optrede tydens 'n regspraak. Die mens moet vergewensgesind en regverdig wees. Hy mag ook nooit sy eie sondes vergeet of oorsien nie. Tydens die saak moet die mens *'wees soos 'n bepleiter vir jou eie belange,'* (4Q417 1i 12) sy veroordeling soos 'n regverdige regeerder aankondig en nederig bly.

Verderaan word die mens vermaan om gedurig te soek na die dinge wat God bekendgemaak het en om sy/haar eie tekortkominge te onthou. Die mens moet elke visioen ken en altyd sterk en moedig wees. Hy/sy mag nie uitreik na onreg nie, want dit maak hom/haar skuldig. Die mens mag nie sy/haar hart of sy/haar oë (begeertes) volg nie.

In *4QInstruction* word dus van die mens verwag om regverdig op te tree, sy eie sondes te ken en te wandel volgens God se voorskrifte. Hy/sy moet die voorskrifte wat God openbaar het, ken en daarvolgens lewe. Die mens mag nie aan sondige begeertes en versoekinge van die tyd toegee nie.

1.2.2. Getuienis uit ander Qumran-tekste

In die ander Qumran-geskrifte word die mens ook beveel om by God se verordeninge te hou: *'soos wat Hy aan die hand van Moses en aan die hand van al sy diensknegte, die profete, beveel om alles lief te hê wat Hy verkies en om alles te haat wat Hy verwerp, sodat ('n mens homself) op 'n afstand kan hou van alle bose dinge'* (1QS 1 3-4). 'n

Lid van die gemeenskap moes verenig word in God se raad en reg wandel voor Hom (1QS 1 8). Ook hiërdie geskrifte wys daarop dat die mens moet gaan op die pad wat God aanbeveel: *'Laat hom sy skrede rig om volkome te wandel op al die paaie van God, soos wat Hy beveel het ten opsigte van sy vasgestelde tye en om nie na regs of links weg te draai nie'* (1QS 3 9c-10). Die mens moet op die regte pad gaan en nie sy siel oorgee aan die vergeefse (sonde) of die woorde van Jahwe verwerp nie. Hy moet wandel op die pad wat God aan Jakob en Isak uitgewys het (4Q185 1-2 ii 1-5a sien ook 4Q266 2ii 12-16 en 4Q473 2 2-5).

Om God te eer volgens sy bevel is nog 'n voorskrif vir die gemeenskap: *'Met die offer van my lippe sal ek Hom eer volgens die ewig-ingegraveerde bevel, met die begin van die*

jare en met die verandering van die seisoene' (1QS 10 6). In 1QS 3 9c-10 en in 1QS 10:6 word daar verwys na die **regte tye**. Dit het betrekking op die verskillende kalenders (sien 3.1. hierbo in hfst 2). Om reg te wandel, sluit ook die gebruik in om op die regte tyd die feestye te hou. Omdat God aan die mens die regte pad uitgewys het, sal hy daarvolgens gaan:

Want uit die bron van kennis het Hy sy lig geopen en my oë het sy wonders aanskou en die lig van my hart die misterie wat sal kom. Wat ewig is, ondersteun my regterhand. Op 'n stewige rots is die weg van my treë, voor niks wankel dit nie. Want die waarheid van God is die rots van my treë en sy mag is die ondersteuning van my regterhand. Uit die bron van sy regverdigheid is my oordeel, en die lig in my hart is uit sy wonderlike misterie.

1QS 11 3-5b

In hierdie geskrifte is daar ook 'n aanduiding van die mens se sonde en sy/haar bewuswees daarvan:

Maar ek is van die bose mensdom en van die vergadering van die goddelose vlees. My oortredinge, my sonde ... saam met die bedorwing van my hart is vir die vergadering van die wurms en van die wat in die duister wandel. Want 'n mens se weg behoort nie aan hom nie en 'n mensekind kan nie sy treë versterk nie, want aan God behoort die oordeel en in sy hand is die volmaaktheid van die weg. Deur sy kennis sal alles gebeur. Alles wat

bestaan, het Hy met sy berekeninge gevestig en buite Hom gebeur niks nie. En ek, as ek struikel sal die genade van God altyd my redding wees.

1QS 11 9-12

Die mens moet homself laat onderrig en sy kennis vermeerder (1QH 9 35). God is die persoon wat die mens onderrig in die waarheid (sien 1QH 15 26-27 en 1QH 19 27-28). Daarom mag die mens ook nie sê dat God se wysheid nie aan hom gegee is nie, want God het dit aan die hele Israel gegee (4Q185 1-2 ii 9-10).

1.2.3. Ben Sira se siening

Ben Sira wys ook daarop dat die mens volgens God se voorskrifte moet wandel: *'As jy wil (dit jou keuse is), bewaar sy verordeninge en getrouheid is om God se wil te doen, wees getrou aan Hom en ook jy sal lewe... Voor jou is vuur en water uitgegooi, steek jou hand uit na watter een jy wil. Voor die mens is lewe en dood, watter een hy ookal kies sal vir hom gegee word' (15:15-17).* Die mens kies met ander woorde en bepaal sy eie toekoms.

God sal die mens se wandel in die waarheid verstewig, as hy daarvoor bid (37:15). Die mens mag nie die verkeerde doen nie, hy moet wegbly van die bose af (7:1-2) en geen leuens vertel nie (7:13). Die mens is geneig tot die verkeerde:

'Die wortel van die gedrag is die verstand (hart). Vier takke ontspring: goed en sleg en lewe en dood. En die heersers van hulle almal is die tong' (37:17-18) Die vrees (agting) vir God moet die mens se sierraad wees (9:16).

1.2.4. Uitsprake in die boek Spreuke

Die boek Spreuke het 'n hele aantal verwysings na die manier waarop die mens volgens God se voorskrifte moet wandel. In Spreuke 1:7a staan daar: *' Kennis begin met die dien van die Here' en 'As jy aanneem wat ek vir jou sê, sal jy insig kry in wat reg en billik is en sal jy op die goeie pad bly (2:9). Spreuke 3:5-7 raai die mens aan om God te dien, sodat Hy hom/haar op die regte pad kan laat loop: 'Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou op die regte pad laat loop. Moenie dink jy het die wysheid in jou nie, dien die Here en vermy wat sleg is.'*

Ook hiêr die boek spel dit duidelik uit dat die mens op God se weg moet wandel: *'Daarom, kinders, luister na my, dit sal goed gaan met dié wat op my pad bly. Luister na wat ek julle leer, moet dit nie verontagsaam nie, dan sal julle ook wysheid hê. Dit sal goed gaan met die mens wat na my luister, die mens wat elke dag na my huis toe kom en op my drumpel*

. *staan en wag*' (Spr 8:32-34 vgl ook 1:10-16; 4:10-15; 10:27-30; 15:9; 22:6 en 28:4-5).

Dit is duidelik dat ook die boek Spreuke opregte wandel voorskryf. Dat die mens volgens God se voorskrifte moet handel en wandel en die weg van die bose moet vermy.

1.2.5. Gevolgtrekking

Alhoewel die genoemde tekste nie woordeliks met mekaar ooreenstem nie, het almal van hulle dieselfde vertrekpunt. God moet geëer word, daar moet volgens sy voorskrifte gewandel word (vgl Deut 4:1) en die mens moet vir God kies:

Gehoorzaam die voorskrifte en lewe daarvolgens, want daaraan sal die ander volke sien dat julle wysheid en insig het. Hulle sal van al hierdie voorskrifte hoor en sê: "net hierdie groot nasie het wysheid en insig." Watter groot nasie se god is so by hom soos die Here ons God by ons is elke keer as ons tot Hom bid? Watter groot nasie se voorskrifte en bepalings is so billik as hierdie wet wat ek vandag vir julle gee?

Deuteronomium 4: 6-8

Die sondige mens moet bewus wees van sy skuld en moenie die bose wil aankleef nie. Ten spyte van die mens se sondigheid sal God dié wat aan Hom getrou is, vergewe (vgl Deut 7:9-11). Volgens die Torah lei gehoorsaamheid aan God en die navolg van sy gebooie na 'n voorspoedige lewe (sien ook Ps 1).

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat die Israelitiese teologie die *bronteks* vir die onderskeie geskrifte was en dat dit gelei het tot die ontstaan van hierdie geskrifte. Die *bronteks* het hulle siening(s) beïnvloed en as motivering gedien vir hulle uitsprake. Die verskille in hierdie geskrifte is van weglaatbare belang. Dit is inderdaad so gering, dat 'n mens met vrymoedigheid kan sê dat hulle oor dié etiese aspek van hulle teologie ooreenstem.

1.3. Die mens se siening van hom-/ haarself

Hierdie gedeelte handel hoofsaaklik oor die mens se siening oor hom-/ haarself en die konsekwensies wat dit het. Die tema van hubris en nederigheid kom hier sterk na vore. Die mens se siening oor hom-/ haarself beïnvloed sy/haar verhouding met God. Die kousaliteitsgedagte figureer ook hier. Iemand wat hom-/ haarself verhef, sal verneder word; terwyl iemand wat nederig is, verhoog sal word.

1.3.1. Verwysings in *4QInstruction*

In 4Q416 2ii 15b word die mens aangeraai om homself nie te verneder teenoor iemand wat sy mindere is nie: *'En moet ook nie jou siel verminder teenoor (iemand) wat nie gelyk is met jou nie.'* Dieselfde gedagte kom voor in reël 18; waar daar staan dat die mens nie sy eer moet verkoop nie.

Alhoewel die mens nie homself moet verneder nie, word hy ook aangeraai om nie homself te verhef nie: *'... en moenie jouself verhef (grootmaak) in jou armoede nie, want wat is meer onbeduidend as 'n arm man?'* (4Q417 1i 9-10). In reël 14 staan daar dat die mens soos 'n arm man (nederig) moet wees as hy 'n saak bepleit.

In hierdie gedeeltes is dit duidelik dat die mens aangeraai word om bewus te wees van sy/haar eie stand in die samelewing. Hy/sy moet hom-/haarself nie hoër ag as wat hy/sy is nie; maar dit beteken nie dat hy/sy hom-/haarself moet verneder of gering ag nie. Nederigheid (ענווה) is die aanbevole eienskap, maar nie selfvernedering nie.

1.3.2. Ben Sira se siening

Ben Sira beskryf ענווה (nederigheid) ook as 'n goeie eienskap: *' My seun, wandel met nederigheid in jou besigheid en jy sal meer bemind wees as die gewer van geskenke. Wees meer nederig as alles wat ewig groot is en voor God sal jy guns vind ... Want die gunsbewyse van God is baie en aan nederiges maak Hy sy geheim bekend '* (3:17-18 + 20).

Hy wys daarop dat 'n sekere skande (nederigheid) vir die mens 'n eer is; terwyl 'n ander soort skande (vernedering), 'n skande is: *'Want daar is 'n skande wat soude meebring en daar is 'n skande wat eer en respek is. Moenie jou oor jouself verhef nie en moenie struikel oor jou eie struikeling nie. Moenie jou siel aan 'n dwaas ontbloot nie en moenie (jouself) vernietig / verkleineer voor jou regeerders nie'* (4:21-22+27) In hierdie gedeelte is die alomteenwoordige "Ben Sira-tema", naamlik eer en skande, duidelik

sigbaar. Volgens Ben Sira is dit die motivering vir die meeste van die voorskrifte. Iemand wat die voorskrifte navolg sal nie net 'n lang en goeie lewe hê nie, maar dit sal ook tot sy eer strek. In 7:16-17 vermaan hy die mens om nie homself hoër te ag as sy volk nie. Hy wys ook op die nietigheid van die mens en sê dan dat die mens sy trots al meer moet verminder. Ben Sira noem dat God die septer van die wat arrogant is, sal vernietig (35:13).

Net soos *4QInstruction* het Ben Sira 'n hekel aan selfverheffende, arrogante trotsaards. Hy vermaan die mens om altyd nederig te wees. Die mens moet egter nie homself verneder of sy beeld vernietig nie.

1.3.3. Uitsprake in die boek Spreuke

Binne hierdie wysheidgeskrif is hubris (selfverheffing) onvergeeflik. Die kousaliteitsbegrip kom duidelik na vore as daar gesê word dat dié wat hulleself hoër ag, verneder sal word, en die wat nederig is, verhef sal word. 'n Gesindheid van nederigheid word aanbeveel: *'Die Here haat ses dinge, nee, daar is sewe waarvan Hy 'n afsku het: oë wat straal van hoogmoed...'* (6:16-17a), *'Selfverheffing bring vernedering; wie nederig is, het wysheid'* (11:2), *'Liewer gering geag word en tog 'n slaaf besit as jou vernaam aanstel en nie kos hê om te eet nie'* (12:9), *'Party mense hou hulle ryk maar het niks nie; party doen hulle arm voor maar besit baie'* (13:7), *'Selfverheffing lei altyd tot twis...'* (13:10a), *'Die Here breek die hoogmoedige se huïs af...'* (15:25a), *'...nederigheid kom voor eer'* (15:33c), *'Die Here het 'n afsku van 'n verwaande mens...'* (16:5a), *'Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val'* (16:18), *'Op selfverheffing volg ineenstorting, op*

nederigheid eer' (18:12), 'Die sonde van die goddeloses begin altyd met selfverheffing en eiewaan' (21:4) en 'Wie nederig is, dien die Here en ontvang rykdom, eer en lewe' (22:4).

1.3.4. Gevolgtrekking

Oor die mens se siening van hom- / haarself is al die geskrifte in ooreenstemming, dit blyk dat hulle dieselfde *bronteks* het. Die getroue en regverdigse Jahwe van Deuteronomium 6, is dieselfde Here (Jahwe) wat in hierdie geskrifte nederigheid van die mens vereis. Die mens mag hom-/ haarself nie verneder nie, maar moet te alle tye nederig wees. Hy/sy moet hom-/haarself nooit te hoog ag nie, want dit kan wegdwaling van God beteken: 'Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy geboorte sal gehoorsaam of nie' (Deut 8:2). Welvaart kan tot hoogmoed lei wat die mens kan laat dink dat hy God nie meer nodig het nie: '...en dat jy hoogmoedig word en die Here jou God vergeet wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het ... Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf' (Deut 8:14, 17-18a).

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat die geselekteerde geskrifte dieselfde idee oor die mens se siening van hom-/ haarself huldig as die Torah (*bronteks*). Omdat selfverheffing kan lei tot selfvergoddeliking en God in die proses vergete kan raak (sien ook 2 Sam 22:28; 2 Kon 19:28; 2 Kron 26:16; Jes 16:6 en Jer 13:9+17), word dit as 'n sonde beskou. Israel is egter God se uitverkore volk en

om dié rede mag hulle ook nie hulleself verneder of gering ag nie (sien Deut 7:1-11).

1.4. Die gevolg van die mens se lewenswandel

In hierdie gedeelte word daar gekyk na die motivering vir die oproep om op die regte pad te wandel; die rede vir die noodigheid vir 'n wetsgehoorsame lewe. Hier word ook gekyk na die keuse wat die mens het om deel te hê aan God se verbond.

1.4.1. Verwysings in *4QInstruction*

Hierdie dokument vertel van God wat die mens van kos voorsien en sê dat as Hy sy hand toemaak sal die geeste van alle vlees bymekaar gemaak word (4Q416 2ii 1-2). In teenstelling met die ander Qumran-geskrifte wat bekend is daarvoor dat hulle praat van “kinders van die lig” en “kinders van die duisternis” (vgl 1QS 1 9-10), gebruik *4QInstruction* ander terme om die dualisme te beskryf: “mense van die gees” en “mense van die vlees.” In *4QInstruction* is dieselfde dualistiese gedagtes te vind wat in die res van die Qumran-geskrifte voorkom. Hierdie dualisme(s) is duidelik te sien in van die gedeeltes. In 4Q416 2iii 14-15 staan daar byvoorbeeld: *‘Bestudeer die misterie wat sal kom en verstaan al die paaie van die waarheid en bekyk al die wortels van die onreg. En dan sal jy weet wat is bitter vir ‘n man en wat is soet vir ‘n mens,’* en in 4Q417 2i 6-7: *‘En dan sal jy uitken trou en ontrou, wysheid en dwaasheid.’*

Hierdie dokument wys daarop dat geen mens voor God regverdig is nie, en as dit nie was vir sy vergewing nie, sou geen mens voor Hom kon bly staan nie (4Q417

1i 15-17). In 4Q417 2i 7-8 staan daar dat 'n mens al die dade van die mense op grond van hulle wandel sal ken.

Daar is ook sprake van God se gerig (besoek van ewigheid) en dat die mens tydens dié besoek die onderskeid sal ken tussen goed en kwaad. Hierdie onderskeid sal op grond van die mens se dade plaasvind. In 4Q417 2i 11-12a word gepraat van die geheime wat bekend gemaak is aangaande God se plan met die mense wat opreg wandel. In die volgende reëls (12b-19) is sprake van God se besoek:

Soek gedurig hierdie dinge. En let op na hulle uitkomst. En dan sal jy weet van sy ewige glorie met sy wonderlike misteries en magtige werke. En jy moet die tekortkominge van jou werk begryp in die herinneringstyd, want die gegraveerde insettinge kom en elke besoek (straf) is voorgeskryf, want die bevel is ingegraveer voor God oor al [die onreg] van die seuns van Set. En 'n boek van herinnering is geskryf voor sy aangesig vir die bewaarders van sy woord. Hierdie is die openbaring van die oordenking met betrekking tot die boek van herinnering. En Hy sal laat erf vir een mens van die volk met gees. Want volgens die beeld van die heiliges is hy gevorm. Maar Hy het nie meer meditering gegee aan die gees van die vlees nie, want dit ken nie die onderskeid tussen goed of sleg volgens die wet van sy gees nie. En jy, verstandige seun, let op na die misterie wat sal kom. En weet wat is die erfenis van al wat lewe en sy (manier) van wandel wat aangewys is vir die skepsels van God.

Dit kom voor asof 4QInstruction 'n eskatologiese verwagting daarstel waarvan die mens bewus kan word deur God se openbaringe te bestudeer. 'n Duidelike onderskeid word gemaak tussen hulle wat gehoorsaam is aan God se verordeninge en die wat ongehoorsaam is. Aan die wat gehoorsaam is, maak God sy misteries bekend, terwyl hy dit verborge hou vir die wat nie tussen goed en kwaad kan onderskei nie. In hierdie dokument is daar 'n definitiewe eindtyd-

verwagting van God se gerig. Daar sal 'n tyd kom wanneer goed en kwaad van mekaar geskei gaan word.

1.4.2. Getuienis uit ander Qumran-tekste

Ook die ander Qumran-dokumente handhaaf 'n dualistiese en eskatologiese siening:

En Hy het twee geeste in hom (die mens) geplaas om met hulle (geeste) te wandel tot die tyd van sy besoek. Hulle is geeste van die waarheid en (van die) onreg. Uit die bron van lig (spruit) die oorsprong van die waarheid en by die bron van duisternis die oorsprong van onreg ... seuns van die lig. En Hy het die geeste van die lig en die duisternis geskep en op hulle elke daad gefundeer, op hulle paaie elke werk en op hulle paaie elke werk. God het een van hulle (twee) lief vir alle ewige tye, en in al sy dade verbly Hy Hom vir ewig. Maar Hy verafsku die raad van die ander een en al sy weë haat Hy vir ewig.

1QS 3 18-19 + 25-4 1

Die dag van oordeel word duidelik uitgespel in 1QS 4 18-21b. Daar word gesê dat die twee geeste nie saam kan wandel nie, en dat God 'n einde vasgestel het vir die bose. Tydens sy besoek sal Hy die bose vernietig en daarna sal die waarheid opstaan. Omdat die twee geeste tydens die regering van die onreg met mekaar verstrengel is, kan die waarheid nie regeer voordat God ingryp nie. Met sy besoek sal Hy die werke van die mens reinig met sy waarheid, Hy sal die bose gees(te) uit die mens uitruk en dan sal Hy die gees van waarheid soos reinigingswater oor die mens sprinkel, en hy sal gereinig wees van alle onreg. Die regverdiges sal dié gebeurtenis vier (1Q34 6-7).

In 1Q27 3-4 is daar 'n verwysing na die onkunde van die onregverdiges: *'En hulle ken nie die misterie wat sal kom nie en die dinge van die ou tyd begryp hulle nie. En hulle weet nie wat oor hulle gaan kom nie. En hulle sal nie hulle lewens red van die misterie wat sal kom nie.'* Die mens het 'n keuse om aan God gehoorsaam te wees en dié wat dit gekies het, sal Hy versterk en laat wandel volgens sy wense (vgl 1QS 5 1b; 4Q185 1-2 ii 2b-3a asook 4Q473 2 2-7).

Die Qumran-gemeenskap – wat hulleself afgesonder het om volgens God se voorskrifte te leef – het met ander woorde 'n tyd van verlossing verwag. Hulle het geglo dat God sy getroue dienaars sal skei van die onregverdiges en dat sy oordeel hulle (die goddeloses) sal tref. Alhoewel die mens 'n keuse het om God te dien, blyk dit uit die geskrifte dat dit net dié mense is wat kies om by die gemeenskap aan te sluit wat redding kan verwag. Om vir God te kies is, volgens die geskrifte, om God se bepalings en die van die gemeenskap na te volg. Iemand wat hiervoor kies is nog steeds 'n nietige sondaarmens, maar God sal hom/haar vergewe en versterk.

1.4.3. Ben Sira se siening

Volgens Ben Sira word 'n regverdige mens se sondes vergewe: *'As jy regverdig was teenoor 'n vader, sal dit nie vergeet word nie. Dit sal jou sondes vervang. Dit sal wortel skiet. In die dag van nood sal dit vir jou onthou word. Soos hitte op ryp laat dit jou sondes verdwyn. Want 'n veragter van sy vader en 'n lasteraar van sy skepper is hy wat sy moeder vloek'* (3:14-16). God gee aan die vroom mens die nodige wysheid en insig:

'Konsentreer op die vrees vir die Allerhoogste, bestudeer sy wette aanhoudend en Hy sal jou insig gee vir jou verstand en aan jou die wysheid wat jy begeer' (6:37). Mense wat wegbly van die bose dinge af, sal ook nie deur die bose besoek word nie (7:1-2).

In die voorafgaande gedeeltes het dit reeds duidelik geword dat Ben Sira nie 'n eskatologiese verwagting het nie. Vir hom geskied regverdigheid in die mens se lewe: *'As jy goed doen, weet aan wie doen jy goed en daar sal vir jou 'n goeie verwagting wees. Doen goed aan die regverdiges en jy sal vergoeding vind, indien nie van hom nie, dan van die Here' (12:1-2).* Alhoewel hy geen eindtyd-verwagting het nie, is hy daarvan oortuig dat God reg en geregtigheid sal laat geskied: *'Ook God sal nie uitstel nie en net soos 'n soldaat, sal Hy Homself nie bedwing nie; totdat hy die gesigte van die wreedaards verwoes het en wraak vergeld het vir die nasies nie. Totdat Hy weggeneem het die septers van die trotsaards en voorwaar die staf van die goddeloses in stukkies gebreek het. Totdat Hy vir die mensekind sy straf neergelê het en die mens betaal het ooreenkomstig sy planne' (35:22-24).* Met die ondergang van die goddeloses, sal daar vreugde wees (sien 35:25-26 en 41:9b).

Ben Sira handhaaf ook 'n dualistiese siening (vgl 33:13-15). Hierdie siening van hom veroorsaak dat die mens 'n keuse het:

In die begin het God die mens geskep en Hy het hom gemaak aan die hand van wegdwaling en aan die hand van lojaliteit het Hy hom gevorm. As jy wil, bewaar sy verordeninge, getrouheid is om God se wil te doen, wees getrou aan Hom en ook jy sal

*lewe ... Voor jou is vuur en water uitgegooi, steek jou hand uit na watter een jy wil.
Voor die mens is lewe en dood, watter een hy ookal kies, sal vir hom gegee word.*

15.14-17

Ben Sira verwag dus God se hulp aan die regverdiges in “hierdie tyd”. Hy sien God as ‘n regverdige God, wat sy kinders ‘n lang en gelukkige lewe sal gee; terwyl Hy die goddeloses sal straf. Uit 35:22-24 wil dit voorkom asof die redding wat Ben Sira verwag, ‘n politieke redding is. God sal die goddelose regeerders se mag verbreek en sodoende sy volk red. Soos wat dit deur Israel se geskiedenis gebeur het, sal God se hulp ‘n bevryding van onderdrukking wees.

1.4.4. Uitsprake in die boek Spreuke

Hierdie boek wys op God se regverdige oordeel in ‘n hele aantal verse. Die mens se vryheid om vir of teen God te kies word ook duidelik uitgespel. In Spreuke 1:24-32 is “wysheid” aan die woord en tipies van wysheidsliteratuur, geld die leer van vergelding hier:

Ek het geroep en julle wou nie luister nie, ek het my hand uitgesteek en julle het dit nie gegryp nie. Julle het my raad alles in die wind geslaan, julle wou julle nie laat teregwys nie. Daarom sal ek lag as die ongeluk julle tref; ek sal met julle spot wanneer die angs julle oorval, wanneer daar nood en kweuling oor julle kom. Die angs sal soos ‘n storm oor julle

kom, die ongeluk sal julle tref soos 'n orkaan. Dan sal julle roep en ek sal nie antwoord nie, julle sal my soek en my nie kry nie. Julle het 'n afkeer van kennis gehad, julle het geweier om die Here te dien, julle het my raad verontagsaam en elke teregwysing van my geminag. Julle sal die vrugte van julle optrede pluk, julle sal van julle eie planne walg. Die onkundiges se dwaling kos hulle die dood, die dwase word vernietig deur hulle selfversekerdheid, maar wie na my luister sal veilig wees en hoef geen ramp te vrees nie.

In Spreuke kom veral die gedagte van God se voorsiening voor. Hy sal vir almal wat aan Hom vashou 'n lang lewe van welvaart voorsien, dié wat dit nie doen nie, kan die dood verwag. In Spreuke 2:7-9 staan daar byvoorbeeld: *'Hy laat eerlike mense sukses behaal en Hy beskerm dié wat onberispelik lewe. Hy sien toe dat reg geskied, Hy hou wag oor die pad van sy troue dienaars'* in 3:1b-2: *'... hou vas aan wat ek jou voorskryf, want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker, dit sal maak dat jy 'n vol lewe het, en in 11:31: 'Die regverdige kry hier op aarde wat hom toekom; net so seker die goddelose en die sondaar.'*

Dieselfde gedagte(s) kan in Spreuke 3:33; 8:32-36; 10:27-30; 11:19-21; 12:7+28; 13:6; 15:6; 16:20+25 en 19:16 gevind word. God sal selfs aan die kinders van regverdige ouers voorspoed gee (20:7).

In hierdie boek word daar ook verwys na die dag van straf (sien o a 16:4). Dit blyk egter nie 'n eskatologiese gebeurtenis te wees nie, maar eerder die einde van die goddeloses se bewind: *'As goddelose mense regeer, regeer die sonde ook, maar die mense wat die wil van die Here doen, sal sien hoe die goddeloses ondergaan.'* (29:16).

Die boek Spreuke het dus – net soos Ben Sira – nie 'n eskatologiese verwagting nie. Hierdie boek stem in hoofsaak ooreen met die Israelitiese gedagte dat God 'n lang lewe en welvaart gee aan die regverdiges, maar die goddeloses uitroei (vgl Ps 1). Net soos Ben Sira word die siening gehandhaaf dat God se redding 'n redding van die goddelose se heerskappy is. Met God se redding sal die regverdiges weer oorwin.

1.4.5. Gevolgtrekking

Die bevinding van hierdie ondersoek is dat die onderskeie geskrifte oor bepaalde gedagtes ooreenstem; terwyl hulle oor ander verskil. Al genoemde geskrifte is dit eens dat die mens 'n keuse het en dat God dié wat vir Hom gekies het sal bystaan en versterk. Hierdie gedagte kan in die *bronteks* (Torah) gevind word.

'n Goeie weergawe van die Torah se siening oor bogenoemde tema is in Deuteronomium 28 te vind. Daar word gesê dat mense wat aan God gehoorsaam is, dié sal Hy seën; maar as hulle ongehoorsaam is, sal hulle gestraf word. Die mens het dus ook 'n keuse, maar hy/sy moet bereid wees om die gevolge daarvan te dra. Ook die Torah het geen eskatologiese verwagting nie. Die mens ontvang God se seën ooreenkomstig sy verdienste, net so ook sy straf. Wanneer God se volk in verdrukking is, sal Hy hulle daarvan red. Ben Sira sowel as Spreuke stem met hierdie ideologie ooreen.

Weereens is dit duidelik dat *4QInstruction* en die Qumran-gemeenskap 'n gedeelde ideologie of voorskrifte het en oor sekere beginsels saamstem. *4QInstruction* en die Qumran-geskrifte stem ooreen met Ben Sira en Spreuke oor

die feit dat God regverdig oordeel en dat die mens 'n keuse het; maar die eskatologiese gedagte van dié geskrifte kan slegs in die profetiese geskrifte van die volk Israel gevind word. En dan is dit nie 'n verlossing bo of buite die geskiedenis nie. Indien Israel 'n ingrype van God verwag het, was dit slegs 'n politieke ingrype. Die anti-Hellenistiese beweging (waaruit *4QInstruction* heel moontlik ontstaan het) en die Qumran-gemeenskap daarenteen verwag nie 'n politieke verlossing nie, maar 'n verlossing wat ook kosmologiese gevolge het; waar al die goddeloses vernietig sal word, die gees van die vlees uit die mens uitgeruk gaan word en God met die gees van waarheid die mens gaan reinig.

Hierdie verskillende persepsies van die geskrifte kan slegs verstaan word in die lig van hulle onderskeie omstandighede wat in bepaalde tye gegeld het. Volgens die *sosiale teks* was Ben Sira inwonend in Jerusalem tydens die proses van Hellenisering. Gesien in sy omstandighede is dit verstaanbaar dat hy 'n politieke redding verwag.

Die hoorders van *4QInstruction* het deel gevorm van 'n anti-Hellenistiese beweging, wat hulle weerhou het van die Hellenistiese invloed op die Joodse godsdiens en gebruike. Hulle het geglo dat die spoedige koms van God se koninkryk 'n einde sal maak aan die arrogansie van die wêreldryk (vgl Hengel 1980:125). Hierdie beweging was waarskynlik die voorloper van die latere Qumran-gemeenskap en daarom is dit reeds moontlik om ooreenkomste in die onderskeie geskrifte se denke raak te sien.

'n Gedeelte van die gemeenskap van Qumran se bestaan het in tyd oorvleuel met dié van Ben Sira, maar hulle het nie in dieselfde omstandighede geleef nie. Die Qumrangemeenskap het hulleself gestaal teen die Hellenistiese invloed. Omdat hulle nie die korruptheid in Jerusalem kon verdra nie, het hulle weggetrek en 'n eksklusiewe groep gevorm. In die omgewing van *Khirbet Qumran* het hulle God se voorskrifte en openbaringe (aan die leraar van geregtigheid) tot die letter

nagevolg. Hulle het die standpunt gehandhaaf dat hulle die enigste regverdige is. Daarom het hulle 'n ingrype van God verwag, waar Hy al die regverdige sal red.

Omdat nóg die hoorders van Ben Sira, nóg die hoorders van die boek Spreuke hulleself in 'n afgesonderde milieu bevind het, het hulle nie dieselfde gedagtes as die Qumran-gemeenskap gehad nie. Hulle het die siening wat die volk Israel in alle tye gehandhaaf het, onderskryf.

In hierdie bespreking het dit duidelik geword dat die onderskeie geskrifte in hoofsaak met die Torah ooreenstem, maar dat hulle verskillende idees handhaaf oor die "dag van straf." Weereens het dit uit die *sosiale teks(te)* duidelik geword waarom daar van die *bronteks* afgewyk word. Die verskillende omstandighede en tye waarin die geskrifte ontstaan het, het bygedra tot die verskillende opvattinge. Elke era en gebeurtenis het bepaalde idees en denke tot gevolg gehad, wat bygedra het tot die verskille.

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die sienings van die onderskeie geskrifte oor die lewenswandel van die mens. Dit het duidelik geword dat die *sosiale teks(te)* in sekere gevalle die hoofgedagtes van die Israeliete beïnvloed het sodat daar 'n aksentverskuiwing plaasgevind het. In ander gevalle het die *bronteks* so duidelik gespreek, dat die *sosiale teks* nie 'n sterk invloed gehad het nie.

Hoofstuk 6

1. **Konklusie**

In hierdie studie het ek met behulp van *intertekstualiteit* temas in geselekteerde fragmente van *4QInstruction* en ander wysheidstekste bestudeer. Uit hierdie fragmente is bepaalde temas gekies wat ook in die ander geselekteerde wysheidsgeskrifte (nl ander Qumran-tekste, Ben Sira en Spreuke) voorkom en hulle is met mekaar vergelyk. Ek het 'n *intertekstuele* studie gedoen deur die *geskrewe* tekste te interpreteer in die lig van die onderskeie geskrifte se omstandighede (*sosiale teks(te)* / *gebeurde teks(te)*). Omdat die geskrifte oor die onderskeie temas ooreenstem, maar ook verskil, is die oorsaak daarvoor gesoek. Vir die ooreenstemming is daar na 'n 'bronteks' gesoek; terwyl ek die verskille op grond van die *sosiale teks(te)* probeer verklaar het.

Dwarsdeur die studie het dit duidelik geword dat die onderskeie geskrifte 'n punt van ooreenkoms ten opsigte van verskeie temas het. Hierdie ooreenkoms kan slegs verklaar word indien daar aangeneem word dat die geskrifte dieselfde vertrekpunt het, wat as 'n gemeenskaplike riglyn gedien het (hierdie punt van oorsprong is in die studie die 'bronteks' genoem). Dit het duidelik geword dat die bestudeerde tekste almal in 'n mindere of meerdere mate die Torah onderskryf. Die afwyking vanaf die Torah kan voor die deur van die *sosiale teks* gelê word. Elke geskrif het in 'n bepaalde tyd teen 'n bepaalde agtergrond met spesifieke omstandighede ontstaan. Die *sosiale teks* behels met ander woorde alle faktore wat die *bronteks* kon beïnvloed; dit behels faktore soos die ekonomie, kontak met ander volke, gebruike van die tyd, teologiese denke en ideologië van die tyd en nog baie meer.

Die boek Spreuke is nie soseer histories- en omstandighedsgebonde nie. Dit is wysheidspreuke wat vir die ryk sowel as die arm gedeelte van die volk

gevolg van sy meersydigheid, is die geskrif meer konsekwent gebonde aan die voorskrifte van die Torah. Waar Spreuke nie situasie-gebonde is nie, is *4QInstruction*, ander Qumran-geskrifte en Ben Sira juis situasie-gebonde. Alhoewel *4QInstruction* voor die ontstaan van die Qumran-gemeenskap geskryf is, en in dieselfde tydperk as Ben Sira resorteer, is die geskrif in lyn met die voorskrifte van die Qumran-gemeenskap en is dit ook in hulle “biblioteek” opgeneem. Daar is ook redelik baie ooreenstemming in ideologie en daarom wil dit voorkom asof *4QInstruction* 'n geskrif is van die voorlopers van die Qumran-gemeenskap.

Die Qumran-gemeenskap is arm en verdruk, hulle woon in die woestyn op die periferie van die samelewing. Ben Sira daarenteen, woon in Jerusalem, waar hy die gegoede mense onderrig, 'n welvarende lewe lei en deel is van die samelewing.

In die lig van hierdie gegewens is dit verstaanbaar waarom die geskrifte aksentverskuiwings binne bepaalde temas het. Elke skrywer moes sy boodskap duidelik maak aan sy gehoor binne hulle bepaalde omstandighede. Omdat die omstandighede (*sosiale teks*) verskil, verskil die behoefte.

Opsommend sal daar nou gekyk word na die resultate wat in hierdie studie verkry is deur die verskillende temas in die onderskeie geskrifte te vergelyk en te interpreteer aan die hand van hulle omstandighede.

1.1. Omgang met besit(tings)

Oor die tema *omgang met besit(tings)*, was die bevinding dat die geselekteerde geskrifte ooreenstem met die feit dat 'n lening terugbetaal moet word. Al genoemde geskrifte is gekant teen die praktyk van borgstaan. Hulle verfoei ook mense wat gulsig is en meer begeer as wat hulle het. Tevredenheid word aanbeveel.

geskifte dieselfde gedagtes handhaaf met betrekking tot dié tema, verskil hulle tog in 'n mate van mekaar. Waar die skrywer(s) van *4QInstruction* en die Qumran-gemeenskap vir 'n arm gehoor skryf, het Ben Sira sowel as Spreuke 'n meer welvarende gehoor. Terwyl die ander geskifte sterk klem lê op die noodsaaklikheid dat 'n lening terugbetaal moet word, sê Ben Sira dat 'n mens dit as oninbare skuld moet beskou.

Daar is bevind dat bogenoemde verskille in die lig van die onderskeie geskifte se kontekste verklaar kan word. Ben Sira se gehoor is 'n uitgelese groep vermoënde jongmense, wat nie armoede ken nie. Volgens Spreuke is armoede te wyte aan luiheid en onwyse optrede, daarom verkies die skrywer om aan die wyses te skryf – wat noodwendig nie so arm is nie. Die hoorders van *4QInstruction* was 'n groep mense wat geweier het om toe te gee aan die Hellenistiese beskawing – wat bekend was as 'n geldmaakmasjien. Omdat dié groep mense nie aan die Hellenistiese gebruike wou meedoen nie, was hulle arm en sonder veel aardse besit(tings). Die Qumran-gemeenskap was weer bekend daarvoor dat hulle 'n eksklusiewe groep was, wat gemeenskaplike besit voorgestaan het.

Wat die terugbetaal van 'n lening aanbetref, sê Ben Sira nie eksplisiet dat dit onbetaald moet bly nie; maar omdat hy die korrupte gemeenskap van sy tyd geken het, het hy geweet dat die uiteinde heel moontlik onbetaalde skuld sou wees. Die gemeenskap sonder gewete sou nie moeite doen om dit wat hulle geleen het, terug te betaal nie.

In bogenoemde hoofstuk is ook bevind dat die meeste van die uitsprake wat in ooreenstemming met mekaar is, uit die Torah begrond is. Die Deuteronomistiese ideologie het as basis vir die geskifte gedien, en die veranderings (of aksentverskuiwings) kan voor die deur van die onderskeie geskifte se konteks(te) – wat tyd en omstandigheid insluit – gelê word. Elke skrywer moes sy teks relevant maak vir sy gehoor en is ook beïnvloed deur die omstandighede van sy gehoor en tyd. Hengel (1980:123) bevestig dit: 'but was nevertheless more influenced than he was aware by the spirit of his time ... The influence of the new age can be seen even in those who rejected the spirit of Hellenism with particular vehemence.'

1.2. Verhoudings

Oor *verhoudings* bestaan daar eenstemmigheid binne die onderskeie geskrifte. Dit is duidelik dat hulle nie afgewyk het van die kern van die Israelitiese geloof nie.

1.2.1. Verhouding tussen God en die mens

Oor die *verhouding tussen God en die mens* is die geskrifte dit eens dat die volk (of gemeenskap) aan God getrou moes bly, dat Hy 'n liefdevolle en getroue God is wat aan sy kinders voorsien volgens hulle behoeftes.

Hulle moes Hom respekteer en eer en uit dankbaarheid vir sy ontferming, Hom prys en eer. Dit wil voorkom asof die *sosiale teks(te)* óf geen invloed op die bestaande teologiese opvattinge gehad het nie, óf daarmee in ooreenstemming was. Daar bestaan 'n groot moontlikheid dat hulle daarmee in ooreenstemming was, aangesien die skrywer(s) van die standpunt uitgegaan het dat die hoorders vroom, Godvresende mense is. Alhoewel Ben Sira se omgewing nie goedgesind was teenoor die Israelitiese godsdiens nie, was hy (Ben Sira) bekend daarvoor dat hy juis die verwarde Israeliete op die regte pad wou hou.

1.2.2. Verhouding tussen ouers en kinders

Oor die *verhouding tussen ouers en kinders* is al die genoemde geskrifte ook in ooreenstemming. Kinders moet hulle ouers eer, luister na hulle onderrig en hulle nooit vervloek nie. Die uiteinde van die verering van ouers is 'n lang lewe en 'n vader se eer is 'n kind se eer. Ben Sira gaan selfs so ver om te sê dat die verering van ouers sonde kan uitwis.



vader se verantwoordelikheid teenoor 'n dogter is, stem die geskifte ook saam. Hy moet sorg dat sy haar rein hou solank as wat sy onder sy sorg is. Hy moet ook haar man vir haar uitsoek en hy moet sorg dat die persoon 'n goeie mens, verkieslik 'n volksgenoot is. *4QInstruction* sê ook dat 'n vader moet sorg dat sy seuns met dogters van dieselfde volk of godsdiens trou. Hierdie voorskrif is verstaanbaar, as dit in ag geneem word dat die hoorders van *4QInstruction* in 'n stryd gewikkel was met die omliggende beskawing. Hulle wou soveel as moontlik probeer verhoed dat verkeerde invloed hulle groep binnesypel.

Die siening van genoemde geskifte is sinoniem met dié van die Torah. Dit blyk dat die geskifte die hoofgedagtes van die Israelitiese geloof onderskryf en dat omstandighede van buite dit net versterk het.

1.2.3. Verhouding tussen 'n man en sy vrou

Oor die *verhouding tussen 'n man en sy vrou* is dit duidelik dat die man die vrou se heerser is. *4QInstruction* sê dat 'n man moet saamgaan met die helper van sy vlees en dat hy nie oneerlik moet optree teenoor die vrou (skip) van sy boesem nie, maar onderstreep nog steeds die gedagte dat die man as heerser oor die vrou aangestel is.

Volgens die ander Qumran-geskifte is die vrou ook ondergeskik aan die man. Soveel so, dat hy haar geloftes ongeldig kan maak.

Ben Sira maak redelike kras uitsprake oor 'n vrou maar sê tog dat 'n goeie vrou baie werd is vir haar man. Vir hom is קִדּוּם die norm. Uit al die geskifte het dit duidelik geword dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen 'n goeie en 'n slegte vrou. 'n Goeie vrou kon vir 'n man net 'n aanwinst wees, terwyl 'n slegte vrou hom na die verderf kon lei. Die geskifte wys wel daarop dat die man sy vrou regverdig moet behandel.

Die gedagtes is in lyn met die patriargale stelsel van die volk Israel. Soos God die hoof van die mens is, is die man die hoof van die vrou. Alhoewel hy



Hy nog steeds sy vrou met respek en regverdigheid behandel. Ook hier het die basisteorie(ë) van die volk Israel as *bronteks* gedien.

1.2.4. Verhouding met vriende of ander mense

Oor die *verhouding met vriende of ander mense* handhaaf die geskifte weer dieselfde standpunt. Daar word 'n duidelike onderskeid gemaak tussen die persone met wie 'n mens vriende moet wees en wie nie. Volksgenote, lede van die gemeenskap of familie kon as vriende tel. Met mense buite hierdie kring mag niemand gemeng het nie. Dit kon slegte invloed wees vir Godvresende mense. Alhoewel die mens nie met hierdie buitelanders vriende mag wees nie, moet hulle regverdig en barmhartig wees, teenoor wie dit ookal verdien.

Weereens is צדק die norm vir Ben Sira. Hy sê dat 'n mens net aan regverdiges moet goed doen. Uit die ondersoek het dit aan die lig gekom dat ook hiërdie verskil verstaanbaar is in die lig van Ben Sira se omstandighede. Hy het in Jerusalem gewoon tydens die Griekse bewind en Hellenisering was aan die orde van die dag. Omdat soveel Israëliete reeds oorgeloop het of beïnvloed is deur die vreemde volk se gewoontes en gebruike, het hy enige kontak met vreemdes afgekeur. Hy was bevrees dat nog meer lede van die Godsvolk sal wegdwaal as hulle met ander meng. Behalwe om hierdie rede, was hy ook oortuig daarvan dat daar geen goed daarin is om aan heidene (goddelose) goed te doen nie.

In die ondersoek oor verhoudings het dit duidelik geword dat die hoofgedagtes van die wet, naamlik: om God en jou medemens lief te hê, steeds in al die genoemde geskifte geld. Hierdie basis van die Israelitiese godsdiens was ook die basis vir die ander geskifte.

1.3. Lewenswandel

Oor die tema *lewenswandel* is bevind dat daar oor sekere gedagtes ooreenstemming is, terwyl daar oor ander verskil word. Al die geskifte noem dat God se wet en bepalings bestudeer moet word.

1.3.1. רון נהיה

Ben Sira sowel as die boek Spreuke noem die *objek van studie* die “wet” of God se “woorde”. Die *4QInstruction* verwys daarna as die רון נהיה (misterie wat sal kom). Hierdie term kom slegs in dié geskifte voor as ‘n objek van bestudering. Die term word ook deur ander Qumran-geskifte gebruik, maar nie in terme van iets wat bestudeer kan word nie. Dit kan ‘n boek wees maar dit kan ook net die leer aangaande die skepping; die uitverkiesing of die komende oordeel wees.

Dié objek van bestudering behels egter inhoudelik min of meer dieselfde gedagtes as die wet of verordeninge van God. Dit is ook Godegewe woorde en die voorgeskrewe “teks” wat kan lei tot die mens se redding. Aangaande hierdie term (misterie wat sal kom) is bevind dat die “misterie wat sal kom” heel moontlik ‘n “teks” is wat aan beide die skrywers van Spreuke en Ben Sira bekend was. Hierdie term was net nie aan hulle bekend nie. Dit was dalk ‘n samevattende term wat die hoorders van *4QInstruction* en/of die Qumran-gemeenskap geskep het om van God se verordeninge, sy wet en openbaringe (aan die leraar van geregtigheid) te praat. Hierdie gebruik is ook verstaanbaar in die lig van die tyd en omstandighede van die tyd: ‘A new phenomenon in hasidic apocalyptic was the claim it raised to special revelations of divine wisdom’ (Hengel 1980:124). In beginsel stem die geskifte ooreen met die basiese idee dat Godegewe woorde, bepalings of verordeninge bestudeer moet word.

Oor die etiese aspek van die teologie is die geskrifte in ooreenstemming. Hulle is dit eens dat die mens *להתהלך לפניו תמים* (*opreg moet wandel voor God*). Op die weg wat deur God voorgestel word moet die mens gaan en hy/sy moet hou by al sy verordeninge. Die mens moet bewus wees van sy/haar eie oortredinge en tot God daarvoor bid, dat Hy sy/haar treë sal versterk om op sy (God se) weg te gaan. Ook hier het dit duidelik geword dat die grondbeginsels van die Israelitiese godsdiens nie deur die *gebeurde teks* beïnvloed is nie.

1.3.3. Die mens se siening van hom-/haarself

Die *mens se siening van hom-/ haarself* word deur al die geskrifte in dieselfde lig beskou. Al die wysheidsgeskrifte verfoei hubris. Die mens mag nie hoogmoedig, verwaand of selfverheffend wees nie. Dit kan lei tot selfvergoddeliking, wat weddwaling van God behels. Die mens moet voor God nederig wees, maar moet ook nie homself voor mense verneder of gering ag nie. Die geskrifte vereis dus 'n gebalanseerde selfbeeld. Hierdie ondersoek het ook die Torah as die *bronteks* vir die ooreenstemmende gedagtes uitgewys. Volgens die Torah is God die enigste God en geen ander god (ook nie die mens self) mag gedien word nie. Ook in hierdie gedeelte het dit duidelik geword dat die onderskeie geskrifte nie in stryd is met die Israelitiese godsdiens nie.

1.3.4. Gevolg van die mens se lewenswandel

Oor die *gevolg van die mens se lewenswandel* is dit duidelik dat daar verskille sowel as ooreenkomste bestaan. Die geskrifte stem daarvoor saam dat God regverdig is en oor elke mens se lewe sal oordeel. Hy sal die regverdiges en die goddelose beloon (of straf) volgens hulle dade. Hulle stem ook ooreen oor die feit dat God aan die mens 'n keuse gee. Hy/sy kan

, maar hulle moet bereid wees om hulle loon daarvoor te ontvang.

Vir Ben Sira sowel as Spreuke is hierdie beloning 'n aardse gebeurtenis. Volgens hulle sal die regverdige mens 'n lang en welvarende lewe lei, terwyl die goddeloses sal sterf. Hierdie twee geskrifte het 'n optimistiese wysheid. Hulle wys daarop dat God die mense wat regverdig is, sal bystaan en van 'n lang lewe sal voorsien. Hierdie siening van hulle kan verstaan word in die lig van hulle omstandighede. Die skrywers is binne die samelewing, waar hulle deel in die voorspoed, daarom bestaan daar nie by hulle 'n dringendheid dat God bo en buite die geskiedenis redding moet skenk nie. Dit is dan ook die rede vir hulle hier-en-nou eindtyd-verwagting.

In *4QInstruction* en die ander Qumran-geskrifte, daarenteen, is bevind dat hulle 'n eskatologiese verwagting het. God sal op 'n dag al die regverdiges red en die goddeloses uitroei. Hy sal die gees van die vlees uit die mens uitruk en hom/haar reinig met die gees van waarheid. Op grond van dié *sosiale teks* is daar bevind dat die hoorders van *4QInstruction* sowel as die Qumran-gemeenskap se eskatologiese verwagting 'n refleksie is van hulle omstandighede. Hulle het die korrupte Jerusalem verdoem en geglo dat hulle die enigste persone is wat die waarheid ken en ook daarvolgens handel. Hulle leef buite die sentra van die samelewing as verdruktes; wat hoop op 'n Goddelike redding wat bo en buite die geskiedenis sal plaasvind. Hulle eskatologiese siening het ook kosmologiese gevolge. Hulle verwag 'n nuwe aarde waar alle bose uitgeroei is.

1.4. Gevolgtrekking

In hoofstuk een is die vraag gevra na die oorsaak vir die verskille sowel as die ooreenkomste tussen bepaalde wysheidstekste oor dieselfde temas. Die hipotese is gestel dat 'n *intertekstuele studie* die ooreenkomste in die geskrifte oor bepaalde temas kan verklaar op grond van die "bronteks"; en

klar kan word op grond van die onderskeie geskrifte se konteks(te).

In hierdie studie is daar dan met behulp van 'n *intertekstuele studie* tot sekere gevolgtrekkings gekom. Aangesien wysheidsgeskrifte in hoofsaak riglyne vir die mens se lewe bied, behoort daar bepaalde verordeninge te wees waaruit hierdie riglyne begrond is. Dit het duidelik geword dat die afsonderlike geskrifte in beginsel ooreenstem oor dié riglyne en daarom 'n gemeenskaplike "teks" behoort te hê, waaruit hulle gedagtes voortspruit. In die ondersoek het dit aan die lig gekom dat die Israelitiese godsdiens (in kort die Torah), as "bronteks" vir die afsonderlike geskrifte gedien het. Dit is dus duidelik dat al die bestudeerde tekste deel vorm van die Israelitiese "biblioteek" en ook die grondbeginsels van hierdie volk se teologie en ideologieë onderskryf. Hierdie geskrifte is almal beïnvloed deur die godsdiens van Israel. Die 'bronteks' kan met ander woorde verantwoordelik wees vir die ooreenkomste in die onderskeie geskrifte oor sekere temas.

Verder is bevind dat die meeste van die verskille verstaan kan word in die lig van die onderskeie geskrifte se kultuurhistoriese agtergronde. Al die geskrifte het nie in dieselfde tyd ontstaan nie. Elke skrywer het in 'n bepaalde tyd in bepaalde omstandighede geskryf en het sy teks relevant gemaak vir sy gehoor. Hy het hulle gewaarsku teen die probleme van sy tyd en het met hulle in hulle taal gepraat. Elke skrywer is ook wetend of onwetend beïnvloed deur die teologiese denke van sy tyd. As gevolg van die verskillende ontstaanstye van die tekste, kan die vordering in teologiese denke (teologiese groei) ook duidelik gesien word uit die verskille wat daar tussen die afsonderlike tekste bestaan. Elke gemeenskap se omstandighede het bepaal watter terme hulle gebruik, hoe hulle oor God se raadsplan dink en wat hulle verwagting(e) vir die toekoms is.

In die lig van hierdie bevindinge is dit moontlik om te sê dat 'n *intertekstuele studie* wel die oorsake (of die meeste daarvan) vir die verskille en die ooreenkomste tussen die geselekteerde wysheidsgeskrifte oor bepaalde temas kon uitwys.

Addendum

4QInstruction

4Q417 frg. 1 ii + 23

Parallele: 4Q416 2 i 21-22 (onderbroke onderstreep); oorvleuel met reëls 1-2

4Q416 2 ii 1-21 (onderbroke onderstreep); oorvleuel met reëls 2-26

4Q418 7 14-16 (omlyn); oorvleuel met reëls 1-3

4Q418 8 1-14 (omlyn); oorvleuel met reëls 4-17

top margin

לשאל	[א] תאין ידכה לבלתי שלנוח	1
א	[ב] פכה כי הוא פתח רחמיו	2
	כול מח סרי אוטו ולחת טרף לכנול חי ואין	3
	[ג] יקפון ידו ונאספה רונח כול בשר אל תקח	4
	[ד] יל בה ופח[ה] תו תכסה פניכה ובאולת מאסור כמה גם בהון	5
	ונושה בון [ו] מהר שלם ואתנה תסיה בו כי כיס צפוניכה פקדתה	6
	לנושה בכ" בעד רעיקה . . . כה כול חנייכה בו מהר תן אשר לו וקח	7
	פייסכה ובדבריקה אל תמעטן רוחכה בכל הון אל תמר רוח	8
	קורשכה כיא און; מחיר שוהן	9
	איש לא ישכה ברצוןן שחר פניו וכלשונו דבר ואז תמצא חפצכה	10
	[ח] חלחכה אל תן המכור [ט] ו[י] חקניכה אל תרף וברזיכה השמר מאידה	11
	[יא] עבוד[י] תו יפקד לכה אל מעח בנפשכה ואל תנמה לעיניכה	12
	[יב] עשיתכה מצותיו אל תוסף ואם יש להצניע אשר מ ש [יג]	13
	[יד] תו[י] לו אנה הון בלי ננו פן ימר בזני ונפלה א	14
	[טו] יצונכה ו[טז] אה כיאן רבה קנאת אנוש ועקוב הלב מ	15

אם וברצונו תנחזיק עבודתו וחכמת אמו	16
תועצנו והיית לון לבן בכור וחמל עליכה כאיש על יחידו	17
כי אתה ענני רר ואאתה אל תבטח למה תשנו ואל תשקוד ממדהבכה	18
ואתה דמה לו לעבד משכיל וגם אל תשפל נפשכה לאשר לא ישוה בכה	19
ואז תהיה לו לעבד לאשר אין כוחכה אל תגע פן תכשל	20
וחרפתכה תרבה מנאודה אל תמכור נפשכה בהון טוב היותכה	21
עבד ברוח וחנם תעבוד נוגשיכה ובמחיר אל תמכור כבודכה	22
ואל תערבהו בנחלתנכה פן יוריש גויתכה אל תשביע לחם ואין	23
כסות אל תשת יין ואין אנכל אל הדרוש תענוג ואתה חסד לחם	24
אל תחכבד במחסוריכה ואתה רוש פן תבוז לחיכה וגם אל תקל	25
כלין חיכה]ooo[26

PAM 40.618, 41.504, 42.581, 43.222, 43.516, 43.517

4Q418 — 4QInstruction a

PAM 43.484 frge. 1–8
PAM 43.487 frge. 9–42
PAM 43.483 frge. 43–59
PAM 43.480 frge. 60–80
PAM 43.479 frge. 81–102
PAM 43.475 frge. 103–125
PAM 43.481 frge. 126–146
PAM 43.486 frge. 147–166
PAM 43.472 frge. 167–197
PAM 43.474 frge. 198–226
PAM 43.488 frge. 227–295 + 9 addisionele fragmente (laaste reël)

Konkordansie SL55

Museum Inventaris (Rockefeller) 486, 489, 493, 494, 495, 496, 498, 499, 500, 502, 505, 511,
PAM Foto's 40.592*, 40.594, 40.596, 40.599, 40.601, 40.602, 40.612, 40.613*, 40.614, 40.618, 40.619,
40.621, 40.624, 40.626, 40.627, 40.962, 40.964, 40.978, 41.368, 41.412, 41.423, 41.447 (typo?), 41.457,
41.466, 41.468, 41.594, 41.714, 41.853, 41.877, 41.888,
41.904, 41.905, 41.906, 41.907, 41.908, 41.909, 41.916
41.972, 42.033, 42.034, 42.037, 42.045, 42.046, 42.049, 42.185, 42.446, 42.512,
42.758, 42.759, 42.760

42.813, 42.814, 42.823, 42.824, 42.825, 42.827,
43.472, 43.474, 43.475, 43.479, 43.480, 43.481, 43.483, 43.484, 43.486, 43.487, 43.488,
43.687

4Q418 frge. 64(1-2), 199(1-2), 66(2-3), 7, 26+27

Parallele: 4Q417 1 i 15-28 (onderstreep);

4Q417 1 ii 1-3 (onderstreep);

4Q416 2 i 16-22;

top margin

[אביון ואתה אם תחסר טרף מחסורכה ומותר] יכה הבא ביחד אם	1
[תותיר היבל למחוז חפצו ונחלתכה קח ממנו] ואל תוסף עוד ואם	2
[תחסר לוא מבלו הון מחסורכה כיא לוא יח] סר א[נ] צר אל ועלן [פיהו	3
[יהיה כול ואת אשר ישריפכה אכול ואל תוסף עוד פן תקציר חייכה	4
[אם הון אנשים תלוח למחסורכה אל תנום לקה יומם ול] ליה ואל מנוח	5
[לנפשכה עד השיבכה לנושה בכה אל תכזב לו למה ת] שא עוון וגם	6
[מחרפה לוא ולא תאמין עוד לרעהו וב] מחסורכה יקפיץ	7
[ידו כחכה וכמהו לוח ידע מאו] תאם נגע [פ] נשכה	8
[ואצ חוב אל תסתר מנושה ב] כה [פ] יגלה	9
[חרפתכה ה [מ] של בו ואז לואן יכנו] בשבט	10
[] ח [] כה [וא] פסן [עוד	11
[וגם אתה [ע]ברה אם	12
[תאזין ידכה לבלהי סלח [לשאל] טרפכה	13
[כי הוא פתח רחמיו כ]ול מחסרו	14
[אם יקפיץ אושו ולתת טרף לכיל חי אין	15
[ידו ונאספה רוח כל בשר אל תקח יל בה] ובח[רפתו]	16

Frag. 199: PAM 41.908, 42.823, 43.474
Frage. 26+27: PAM 42.825, 43.487

4Q418 Frge. 8 (reëls 1-12) + 21 (reëls 13-14) + 12 (reëls 15-16)

Parallelle: **4Q416** 2 ii 2-13; oorvleuel met reëls 1-14

4Q417 1 ii 4-17 (+ 23?); oorvleuel met reëls 1-14

<p>תכסה פניכה ובאולת מאסור כמ]ה גַם בהון, ונושה בו מהר [שלם וא]תה הַנְּשִׂיָה בו כי כִּס צַפּוֹנִיכָה פקדתנה לנושה בכה בעד רעיכה] כה כוּל חייכנה בו מהר תן אש]ר לוא וקח כיסכה ונבדבריכה אל תמעט] רוחכה בכל הון אל]תאמר רוח קדושה כיא אין מחיר שוה] איש לא יטכה ברצונו שחר פניו וכלשונו דבר ואז]תמצא חפצכה מחלתכה אל תמכור] לו וחייכנה אל תרף וברויכה השמר]מאודה אם עבודתו יפקוד לכה אל מנוח בנפשכה ואל תנומה לעיניכה]עד עשותכה מציתו אל תוסף]ואם יש להצניען אש]ר משן]ואל ותור לו אף הו]ן בלין]ננו פן יומר בזני ונפלה אן] יצוכה וראה כיא] רבה קנאת אנוש ועקיב הלב מן] אם ברצוני תחזיק]עבודתו וחכמת אטון]שוֹס ו]תועצנו והייתה לו לבן בכור וחמ]ל]ע]ליכה כאיש]על יחידו] כי אתה עני]רו ואתה] אל תבטח למה תשנו ואל תשקוד]]ממדהבכה ואתה דמה לו]לעבד משכילן וגם אל תשפל נפשכה לאשר לא]ישוה בכה ואז יהיה לו לעבד לאש]ר אין, כוחכה אל תגע פן תכשל]וחרפתכה תרבה מאודה אל המכור]נפשכתן בהון טוב היותכה עבד]ברוח וחנם תעבד נגְּשִׁיכָה ובמחיר]אל תמכור כבודכה ואל תערבהו בנחלתכה פן יוריש גויחכה אל תשביע לחם]vac ואין כסות אל תשת יין ואין אֶלְל אל תדרוש תענוג ואתה</p>	<p>1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19</p>
---	--



חסר לחם אל תתכבד במחסורכה ואתה רוש פן	20
תבזז לחייכה וגם אל תקל כלי [ח]יקכה	21
[כ]ה	22
[ו]אם ה	22
וזכור כי ראש אתה	23
o [ומחסורכה	23
לא תמצא	24

4Q418 frg. 9 + 124? (omlyn)

Parallele: 4Q416 2 iii 3-17

[ובע]מנל[כ]נה תאכל לחמכה	1
אם חפצים	1
פקדו לכהן אל תשלח ידכה בנו פן תכזה ובאשו תבער גויתכה כאשר	2
לקחתו כן השיבהו ושמחה ולנכה אם תנקה ממנו וגם מכל איש	3
אשר לנוא ידעתה אל תקח הון פן יוסיף על רושכה ואם שמו	4
ברושכה למותן הפקידו ורוחנכה אל תחבל בו ואז תשכב עם האמה	5
ובמותכה יפרח [לעולם] זכרכה ואחריתכה תנחל שמחה at vac אביון	6
אתה אל תתאו זולתן נחלתכה ואל תתנבלע בה פן תסיג גבולכה ואם	7
וישיביכה לכנ[ב]ן[כ]נה תתהלך vacat [וברז נהיה] דרוש [מ]לדו ואז	8
תדע נחלתו ובצדק תתהלך בו יגוה אל תן הו בכנל דרכיכה [ל]מכבדכה	9
{ לו } [נחנל]תו זבצדק תתהלך בו יגוה אל תשבחו בכול דרכיכה למכבדכה	10
תן הנדרר ושמו הלל תמיד כיא מראש הרנים ראןשכה עם נדיבים	11
הוןשיב[כה] ובנחלת כבוד המשילכה רצונו שחר תמיד vacat	12
[אביון] אתה אל תאמר רש אני ולנוא [אדרוש] דעת בכול מוסר	13
[הבא שכמכה] [וב]כ[ו]לן דעה צרוף לבכה וברוב בינה מחשבתיכה	14
[רוז נהיה דרוש והתבונן] בכול דרכי אמת וכול שורשי עולה	15
תביט [ואז תדע] מה מר לאיש ומה פזיק לגבר vacat	16



13]ב חכמה ונבון
 12]ב חכמה ונבון
 11] ונבון ונבון לא ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 10]ל ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 9]ב חכמה ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 8]ב חכמה ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 7]ב חכמה ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 6]ב חכמה ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 5a]ב חכמה ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 5]ל ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 4]ב חכמה ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 3]ל ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 2]ב חכמה ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 1]ל ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון

[top margin]

4Q416 2 iv 1-9

Parallele: 4Q416 2 !!! 18-21

4Q418 frg. 10

PAM 40.614, 40.627, 41.906, 41.907, 42.759, 42.825, 42.827, 43.487

bottom margin

18]ב חכמה ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון
 17]ל ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון ונבון

אותכה] וחרף חיקכה אשת 14

PAM 41.908, 42.759, 43.487

4Q418 frge. 43 + 45 i

Parallele: 4Q417 frg. 2 i 2-21 (onderstreept);

4Q418b 10 2-5

והבט אתה ברזי פלא כיא הוּא אל הנוראים תשכיל ראש .]	1
ה הבט ברז נהיה ומעשי]קדם למה נהיה ומה נהיה במנה יהיה	2
[ל]ולם לתש] ואז תראה [למה היא ולמה] נהיה במנה יהיה בכול קצי עד	3
במעשה ומעשה יום ולילה הגה ברז נהיה ודורש תמיד ואז תדע אמת ועול חכמה	4
ואולת הבן מעשה אדם בכול דרכיהמה עם פקודותמה לכול קצי עולם ופקודת עד ואז תדע	5
בין טוב לרע במעשימה כיא]אל הדעות סוד אמת [וברז נהיה פרש את אישה מעשיה	6
עם פקודתמה ולכל מה יצרה וממשל [מעשיה] לכול יתול את כול בא פרש	7
למבינתם לכול מעשה ל]התהלך ביצר מנבינתו ויפרש לא כול ריה ובכושר מבינות נודע	8
נסתרי מחשבתו עם התהלכו] המים בכול מעשיו אלה שחר תמיד והתבונן בכול תוצאותמה	9
ואז תדע בכבוד עולם עם רזי פלאו]נבוננות מעשיו ואתה מבין רוש פעלתכה	10
בזכרון העת כיא בא חרות התקן וחקן כול הפקודה כי חרות מחוקק לאל על כול	11
עולת בני שית וספר זכרון כתוב לפני לשמרי דברו והואה חזון ההגי וספר זכרון וינחילה	12
[לאנוש עם עם רוח כיא כתבנית קדושים יצרו ועונד לוא נתן ההגי לרוח בשר כיא]לוא	1/13
[ידע בין טוב לרע כמשפט רוחו ואזה מבין הבט ברז נהיה ודע במחלת כול חי והתהלכו	2/14
[בפקודת מעשה אל ועו]ה בין רב ל]מעט [ובסוד]כמה [3/15
[הואה צוכה]ברז נהיה [4/16
] כיל חוק דע ובכול [5/17
ו]ת]חוק תמיד אל תיגע בעולה	6/18

[כי כול הנוגע]



	בה לא ינקה כפי נחלתו בהורן	7/19
	כִּי מִשְׁכִּיל הַתְּבוּנָה בְּרִזִּיכָה וּבִאִשׁ נְעוּל לֹא	8/20
לוא תתר אחרי לבבכמה ואחרי ועיכמה	[מ]וסדרו בכה כֹּנֶל [• יֵהֵן עִם פְּעוּלָתָן	9/21

PAM 41.904, 41.905, 42.758, 42.760, 42.824, 42.825, 43.483

4Q418 frg. 45 i

	[לאנוש עם עם רוח היא כתבנית קדושים יצרו ועונד לוא נתן ההגי לרוח בשר היא לזא	1/13
	[ידע בין טוב לרע כמשפט רוחו ואתה מבין הב]ט ברוז נהיהן ודע בנחלת כול חי והת]הלכו	2/14
	[בפקידת מעשה אל ועו	3/15
	[ה בין רב ל]מעטן ובסידן]כמה	
	[צוכה] ברוז נהיהן	4/16
	[ו כול חזון דע בכח]לן] והתח]זק	5/17

PAM 41.907, 42.813, 43.483

Vertaling

(soos wat)

3. Hy aan die hand van Moses en aan die hand van al sy diensknegte, die profete, beveel het om alles lief te hê
4. wat Hy kies en om alles te haat wat Hy verwerp, sodat ('n mens homself) op 'n afstand kan hou van alle bose dinge.

1QS 1 8-10

בברית חסד להיחד בעצת אל ולהתהלך לפניו תמים כול	8
הנגלות למועדי תעודתם ולאהוב כול בני אור איש	9
כגורלו בעצת אל ולשנא כול בני חושך איש כאשמתו	10

Vertaling

8. met die verbond van genade. Om in te bring in die raad van God en om volkome te wandel voor Hom ooreenkomstig al
9. die geopenbaarde dinge ten opsigte van hulle vasgestelde tye. En om al die kinders van die lig lief te hê, elkeen
10. volgens sy lot in God se raadsplan. En om al die kinders van die duisternis te haat, elkeen volgens sy skuld
(in God se wraak.)

1QS 3 9c-10

ויהכין פעמיו להלכת תמים	9c
בכול דרכי אל כאשר צוה למועדי תעודתו ולוא לסור ימין ושמאול ואין	10

Vertaling

9c. Laat hom sy skrede rig om volkome te wandel

10. op al die paaie van God, soos wat Hy beveel het ten opsigte van sy vasgestelde tye en om nie na regs of links weg te draai nie. En ook nie

1QS 3 17-19 + 25- 4 1

משפטי כול והואה יכלכלם בכול הפציהם והואה ברא אנוש לממשלת	17
תבל וישם לו שתי רוחות להתהלך בם עד מועד פקודתו הנה רוחות	18
האמת והעול במעון אור תולדות האמת וממקור חושך תולדות העול	19
בני אור והואה ברא רוחות אור וחושך ועליהן יסד כול מעשה	25
[על] דרכיהן כול עבודה ועל דרכיהן [כול] עבודה אחת אהב אל לכול	26
[מן]ועדי עולמים ובכול עלילותה ירצה לעד אחת תעב סודה וכול דרכיה	4.1
שנא לנצה	

Vertaling

(16: in sy hand)

17. is die verordeninge van alle dinge en hy voorsien hulle in al hulle behoeftes. En hy het die mens geskep om te regeer

18. die wêreld. En hy het twee geeste in hom geplaas om met hulle (geeste) te wandel tot die tyd van sy besoek. Hulle is geeste van

19. die waarheid en die onreg. Uit die bron van lig (spruit) die oorsprong van waarheid en by die bron van duisternis die oorsprong van onreg.

25. seuns van die lig. En hy het die geeste van die lig en die duisternis geskep en op hulle elke daad gefundeer

26. op hulle paaie elke werk en op hulle paaie elke werk (dittografie). God het een van hulle (twee) lief vir alle

4.1. ewige tye. En in al sy dae verbly hy hom vir ewig. Maar Hy verafsku die raad van die ander een en al sy weë haat hy vir ewig.

1QS 4 18-21b

ריב על כול משפטיהן כיא לוא יחד יתהלכו ואל ברזי שכלו ובחכמת כבודו נתן קץ להיות עולה ובמועד	18
פקודה ישמידנה לעד ואז תצא לנצח אמת תבל כיא התגוללה בדרכי רשע בממשלת עולה עד	19
מועד משפט נחרצה ואז יברר אל באמתו כול מעשי גבר יזקק לו מבני איש להתם כול רוח עולה מתכמי	20
בשרו ולטהרו ברוח קודש מכול עלילות רשעה ויז עליו רוח אמת כמי	21

